# Die kind se psigologiese belewenis van die ouer se nuwe lewensmaat na ‘n egskeiding.

Deur

Chanè Kotzè

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van vereistes vir die graad

MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(RIGTING: SPELTERAPIE)

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: MEV. I.F. JACOBS

Ek verklaar hiermee dat **DIE KIND SE PSIGOLOGIESE BELEWENIS VAN DIE OUER SE NUWE LEWENSMAAT NA 'n EGSKEIDING** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

...................................................... ...............................................

C Kotzè Datum

3268 248-4

// Bedankings

My innige dank gaan aan:

- God die Vader vir genade waarsonder niks hiervan tot stand sou kom nie.
- My studieleier, Mev. I.F. Jacobs. Die professionele bystand en kundige leiding wat deurlopend van haar ontvang is, het van hierdie navorsingstudie ‘n verrykende ervaring gemaak.
- My eggenoot, Arie, vir al die lang nagte wat jy saam met my wakker was om my te ondersteun en vir die tegniese versorging van die dokument.
- Ons twee dogters, Anè en Monèt. Die opofferings wat julle gemaak het en die liefdevolle ondersteuning wat ek tydens die lang tydperke van studie van julle ontvang het, was vir my ‘n groot aansporing.
- My moeder, Lida Germishuys, vir haar toegewyde onderskraging en volgehoue aanmoediging ten opsigte van die voltooiing van my studies, wat deurlopend vir my ‘n bron van inspirasie was.
- My skoonouers, Dr. Willie en Alice Kotzè, vir hulle opregte belangstelling en ondersteuning, dit was ‘n groot bron van inspirasie.
- My vriende en familie vir hul opregte belangstelling en ondersteuning.
- Middestad Trauma Terapie sentrum, wat die praktiese uitvoering van die studie moontlik gemaak het.
- Die hoof, Mnr. van Dyk, en die onderwysers van die skool waar die studie uitgevoer is, vir die identifisering van die kinders wat deel gevorm het van die empiriese ondersoek
- Die kinders en die ouers van die kinders wat aan die studie deelgeneem het vir hul bereidwilligheid om die somtyds pynlike lewenservarings met die navorser te deel.
- Vena Grundling, asook Belinda en Bernard van der Vlies vir jul opregte belangstelling, ondersteuning en aanmoediging, dit was ‘n groot bron van inspirasie.
- Tania van der Merwe vir die noukeurige taalversorging van die teks.

DIE KIND SE PSIGOLOGIESE BELEWENIS VAN DIE OUER SE NUWE LEWENSMAAT NA ‘n EGSKEIDING

deur

Chanè Kotzè

# Opsomming

Na raming eindig byna 50 persent van alle huwelike in ‘n egskeiding. Ongeveer 30 persent van geskeide persone trou weer binne ‘n jaar om so hersaamgestelde gesinne te vorm.

Die kind in die laat-middelkinderjare ondervind unieke uitdagings tydens die hersamestelling van die gesin deur beïnvloedingsfaktore soos die ouer-kind-verhouding, ouerskapstyle en die aanvang van puberteit.

Die doel van hierdie kwalitatiewe studie is om die kind se psigologiese belewenis binne die hersaamgestelde gesin te bepaal en riglyne aan ouers (en mede-terapeute) in die hantering van die kind tydens die hersamestellingsproses te voorsien.

Die kwalitatiewe metode van navorsing is gevolg aangesien dit ‘n minder formele navorsingsprosedure en die studieonderwerp se grense redelik wyd en ongedefinieerd is. Die metode bied ‘n buigsame strategie van probleemformulering en data-insameling wat semi-gestruktureerde onderhoude, waarnemings en veldnota’s toelaat en die navorser in staat stel om eerstehandse kennis en begrip van die probleem in te win.

**Hoofkonsepte**:
Die laat-middelkinderjare
Hersaamgestelde gesin
Nuwe lewensmaat (stiefouer)
Die kind se psigologiese belewenis

# Summary

Approximately 50 percent of all marriages end up in divorce according to estimates. Thirty percent of divorcees enter into wedlock again within one year from being divorced, thereby creating a reconstructed family.

The child in the late middle childhood years experiences some unique challenges during the reconstruction of the family due to influences such as the parent-child relationship, parenting styles and the start of puberty.

The purpose of this qualitative study is to determine the child's psychological experience within the reconstructed family and to provide guidelines to parents (and co-therapists) on how to deal with children during the reconstruction process.

The qualitative method of research was applied as it is a more informal research procedure and the boundaries of the study subject are reasonably wide and undefined. The method provides an adaptable strategy regarding problem formulation and data collection, which allow semi-structured interviews, observations and field notes, and enable the researcher to obtain first hand knowledge and understanding of the problem.

**Key concepts**:
Late middle childhood years
Reconstructed family
New partner (stepparent)
The child's psychological experience

# Inhoudsopgawe

**HOOFSTUK 1**


ALGEMENE INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK ....... 1

1.1 INLEIDING ....... 1

1.2 MOTIVERING EN PROBLEEMSTELLING ....... 4

1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE NAVORSING ....... 7

1.4 NAVORSINGSBENADERING ....... 7

1.5 SOORT NAVORSING ....... 9

1.6 NAVORSINGSONTWERP ....... 10

1.7 NAVORSINGSMETODOLOGIE ....... 10

1.7.1 Navorsingsprosedure ....... 10

*1.7.1.1 Konseptuele raamwerk* ....... 10
*1.7.1.2 Afbakening van die universum, populasie en steekproef* ....... 11
*1.7.1.3 Data-insameling* ....... 12
*1.7.1.4 Data-analise* ....... 13
*1.7.1.5 Betroubaarheid van kwalitatiewe navorsing* ....... 16

1.7.2 Lewensvatbaarheid van die studie ....... 18

1.8 ETIESE ASPEKTE ....... 20

1.9 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE ....... 21

1.9.1 Laat-middelkinderjare ....... 21

1.9.2 Hersaamgestelde gesin ....... 22

1.9.3 Die psigologiese belewenis van die kind ....... 23

1.10 SAMEVATTING ....... 23

**HOOFSTUK 2**

DIE DINAMIKA VAN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN EN DIE KIND IN DIE LAAT-MIDDELKINDERJARE. .......... 25

2.1 INLEIDING .......... 25

2.2 DIE HERSAAMGESTELDE GESIN .......... 26

2.3 DIE AANPASSING VAN DIE KIND IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN .......... 28

2.4 DIE LAAT-MIDDELKINDERJARE .......... 31

2.4.1. Emosionele ontwikkeling .......... 32

2.4.2. Sosiale ontwikkeling .......... 33

2.4.3. Selfkonsepontwikkeling .......... 35

2.4.4. Fisiese ontwikkeling .......... 36

2.5 GESINSVERHOUDINGS BINNE DIE HERSAAMGESTELDE GESIN .......... 37

2.5.1 Die ouer-kind-verhouding .......... 37

2.5.2 Sibbeverhoudings .......... 42

2.6 FAKTORE WAT DIE KIND SE AANPASSING BEINVLOED .......... 42

2.7 TEORETIESE VERKLARINGS VIR MOONTLIKE PROBLEME WAT DIE KIND KAN ERVAAR .......... 48

2.8 SAMEVATTING .......... 50

**HOOFSTUK 3**

METODE VAN ONDERSOEK EN BEVINDINGE VAN DIE STUDIE .......... 52

3.1 INLEIDING .......... 52

3.2 SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE....................................52

3.3 DIE RESPONDENTE....................................53

3.4 EMPIRIESE RESULTATE....................................54

3.4.1 Identifikasie van hooftemas en subtemas....................................55

3.4.2 Empiriese bevindinge....................................57

*3.4.2.1 Hooftema 1: Respondente se belewenis van die hersaamgestelde gesin*....................................57

*3.4.2.2 Hooftema 2: Respondente se eerste reaksie op die hersamestelling van die gesin*....................................60

*3.4.2.3 Hooftema 3: Veranderinge wat plaasvind as gevolg van die hersamestelling van die gesin*....................................62

*3.4.2.4 Hooftema 4: Die ouer-kind-verhouding*....................................66

*3.4.2.5 Hooftema 5: Die stiefouer-stiefkind-verhouding*....................................69

3.5 SAMEVATTING....................................74

**HOOFSTUK 4**

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS....................................75

4.1 INLEIDING....................................75

4.2 DOELSTELLING VAN DIE STUDIE....................................75

4.3 DOELWITTE VAN DIE STUDIE....................................76

4.4 DIE NAVORSINGSVRAAG....................................77

4.5 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE....................................77

4.5.1 Samevatting van die navorsingsresultate....................................78

*4.5.1.1 Verlies wat die kind weens die hersamestelling van die gesin ervaar*....................................78

*4.5.1.2 Die hersamestelling van die gesin laat die kind soos 'n buitestander voel*....................................78

*4.5.1.3 Veranderinge wat gepaard gaan met die hersamestelling van die gesin kan problematies wees*..................................................78
*4.5.1.4 Die ouer-kind-verhouding word onder druk geplaas*....................79
*4.5.1.5 Die stiefouer-stiefkind-verhouding is gespanne*...........................79

4.5.2 Gevolgtrekkings ......................................................................79

4.6 AANBEVELINGS AAN OUERS EN TERAPEUTE ..................................81

4.6.1 Aanbevelings aan ouers ......................................................................81

*4.6.1.1 Die hantering van die kind se gevoelens*.....................................81
*4.6.1.2 Die bekendmaking van die beplande hersamestelling van die gesin* ..........................................................................................82
*4.6.1.3 Wedersydse respek*.......................................................................84
*4.6.1.4 Bevordering van die ouer-kind-verhouding*..................................84
*4.6.1.5 Bevordering van die stiefouer-stiefkind-verhouding*......................86
*4.6.1.6 Advies in die hantering van dissipline in die hersaamgestelde gesin* ..........................................................................................87

4.6.2 Advies aan terapeute wat met die kind in die laat-middelkinderjare werk ..........................................................................................88

4.7 TEKORTKOMINGE VAN DIE STUDIE EN AANBEVELINGS VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING.........................................................89

4.7.1 Tekortkominge van die studie ............................................................89

4.7.2 Aanbevelings vir toekomstige studies ................................................89

4.8 SAMEVATTING..........................................................................89

BRONNELYS ..........................................................................90

BYLAAG A..........................................................................96

# HOOFSTUK 1

# ALGEMENE INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK

## 1.1 INLEIDING

Die huidige samelewing word gekonfronteer met ‘n tydperk van veranderende gesinne. Gesinne van oorsprong breek op en vorm nuwes. Duisende kinders word jaarliks hierdeur geraak. Volgens Goldenberg en Goldenberg (2004:42) sluit byna 50 persent van nuwe huwelike die hertroue van ten minste een van die eggenote in. Die gemiddelde interval voor ‘n persoon weer trou is 2.3 jaar vir mans en 2.5 jaar vir vrouens. Ongeveer 30 persent van alle geskeides hertrou egter binne twaalf maande na afloop van die egskeiding.

Ten einde die kind se belewenis van ‘n nuwe lewensmaat in die ouer se lewe te verstaan, is dit nodig om eers bewus te wees van hoe die kind die egskeiding van die ouers beleef het. Verskeie studies (vergelyk Harvey & Fine, 2004:7 en Wallerstein & Blakeslee, 2003:11) het bevind dat kinders vanuit geskeide huishoudings ‘n dubbele tot drie-dubbele groter risiko het om emosionele en/of gedragsprobleme, akademiese probleme, voortydige seksuele aktiwiteit en ander uitdagings te ondervind as gevolg van die egskeiding. Moontlike probleme sluit volgens Pasley en Moorefield (2004:321-323) die volgende in:

- Gedrag: Kinders in hersaamgestelde gesinne is meer geneig om met gedrag soos dwelm- en drankmisbruik, gevegte by die skool, vroeë seksuele aktiwiteit en kriminele gedrag te presenteer as kinders van intakt gesinne. Pasley en Moorefield (2004: 322) wys egter ook daarop dat wanneer ouers (en stiefouers) ‘n outoritatiewe of gesaghebbende ouerskapstyl – waar ouers hoë vlakke van monitering, ondersteuning en warmte bied – gebruik, die tipe gedragsprobleme minder waarskynlik sal voorkom.
- Emosionele welstand: Kinders in hersaamgestelde gesinne is meer dikwels geneig om probleme soos depressie te ondervind as kinders in intakt gesinne.

- Akademiese prestasie: Kinders in hersaamgestelde gesinne vaar soms swakker op skool, kry laer punte met die aflê van gestandardiseerde toetse, is meer geneig om afwesig te wees van skool en verlaat skool soms gouer as kinders in intakt gesinne.

Dit is nie 'n gegewe dat die kind enige van die bogenoemde sal ervaar nie. Die meeste kinders pas inteendeel goed aan na die egskeiding. Amato en Booth (in National Healthy Marriage..., 2005-2007) is egter van mening dat die meeste kinders wat probleme binne die hersaamgestelde gesin ervaar, moontlik reeds probleme ervaar het sedert die aanvang van die egskeiding.

Ten opsigte van die nuwe lewensmaat blyk dit dat die kind se korttermynbelewenis van die nuwe lewensmaat in die ouer se lewe deur die ouderdom van die kind beïnvloed word. Volgens ontwikkelingsteorieë, soos Erikson se Psigososiale ontwikkelingsteorie (in Blume & Zembar, 2007:133), is daar tydens elke ouderdomsfase verskillende ontwikkelingstake wat moet plaasvind, wat 'n effek op die kind se belewenis van 'n nuwe lewensmaat in die ouer se lewe kan hê. Volgens Promoting Mental Health ... (2004) sluit dit die volgende in:

- Babas (0-3 jaar) word nog nie so direk beïnvloed deur die toetrede van 'n nuwe persoon tot die gesin nie, aangesien dit tydens hierdie ouderdomsfase net belangrik is dat 'n stabiele, veilige en liefdevolle verhouding met die primêre versorger behou word.
- Die voorskoolse kind (3-5 jaar) skryf dikwels die egskeiding toe aan iets wat hy verkeerd gedoen het en die gepaardgaande skuldgevoelens kan tot gevolg hê dat die kind nie die nuwe persoon wil aanvaar nie.
- Die kind in die vroeë-middelkinderjare (5-8 jaar) verstaan terme soos egskeiding en hertrou in konkrete terme en sal moontlik poog om bande met beide sy ouers te behou, terwyl kinders in die laat-middelkinderjare (9-12 jaar) meer geneig sal wees om vir een ouer kwaad te wees of kant te kies. Kinders in hierdie ouerdomsgroep kan ook een ouer teenoor die ander afspeel of die afwesige ouer idealiseer. Die kind sal tipies ook vir die nuwe lewensmaat iets sê soos: "My eie pa sou my toegelaat het om dit te doen."

- Adolessente (13-18 jaar) is in die proses om meer onafhanklik te word. Hulle word met hul seksualiteit gekonfronteer en moet beroepsdoelwitte bepaal. Wanneer ‘n adolessent sy gesinslewe as stresvol beleef, word roetine adolessente take bemoeilik. Reaksies kan óf onderdruk word óf uiting vind in wangedrag. Adolessente is verder ook geneig om onvanpaste verantwoordelikheid te ervaar vir hul ouers se geluk en welstand.

Navorsing het bevind dat die kind se ouderdom ten tye van hul ouers se hertroue, of hersamestelling van die gesin, ‘n invloed het op die mate waartoe die kind aanpas by die hersamestelling. Een studie (vergelyk National Healthy Marriage…, 2005-2007) het bevind dat wanneer seuns jonger as agt was ten tye van die ouers se hersamestelling of hertroue, die kind se gedrag na twee jaar soortgelyk was aan seuns se gedrag in intakt gesinne. Wanneer seuns egter ouer as nege was ten tye van die ouer se hertroue, het hulle baie meer probleme gehad teen die tyd dat hulle vyftien geword het as seuns wie se ouers enkellopend gebly het – hulle het steeds nie goed aangepas by hul ouers se hertroue nie. Ander (Vergelyk Louw, van Ede & Louw, 1998:360) is weer van mening dat kinders tussen die ouderdom van drie en nege die negatiefste geraak word deur egskeidings en die hersamestelling van die gesin. Een van die hoofredes hiervoor is dat die kind oud genoeg is om die pyn kognitief en emosioneel te besef en te ervaar, maar nog nie oor die vaardighede beskik om die gevoelens van pyn, hartseer en skuld te hanteer nie. Pasley en Moorefield (2004:320) het verder bevind dat adolessente soms moeiliker by die ouers se hertroue aanpas omdat hulle meer weerstandig is vir dissipline van ‘n nuwe lewensmaat en meer sensitief is vir die sosiale stigma verbonde aan gebroke en stiefgesinne.

Ander faktore wat ook ‘n effek op die kind se belewenis kan hê, is die aard van die verhouding tussen biologiese ouers en die omstandighede rondom die egskeiding. Volgens Ganong en Coleman (2004:28-32) is dit ideaal vir die kind indien die biologiese ouers vriende of vennote bly na die egskeiding. Bitterheid tussen die ouers verg emosionele energie van beide die kind en die ouers en maak dit moeilik vir die stiefouer-stiefkind-verhouding om positief te ontwikkel. Die kind ervaar dikwels

skuldgevoelens teenoor die biologiese ouer van dieselfde geslag as die stiefouer, en wil dus nie 'n nabye verhouding met die stiefouer opbou nie.

Vir die doel van die studie sal daar spesifiek gefokus word op die kind in die laat-middelkinderjare (9-12 jaar). Volgens Louw *et al*. (1998:348) is die middelkinderjare veral 'n sensitiewe periode vir die ontwikkeling van die kind se selfkonsep en hou spesifieke soorte ervaringe belangrike gevolge vir die ontwikkeling daarvan in. Kinders begin hulself in hierdie ontwikkelingsfase beskryf in terme van hoe goed hulle aktiwiteite doen, wat hul behoeftes is, asook die verwagtinge wat ander aan hulle stel. Dit is dus belangrik dat kinders vertroue ontwikkel sodat hulle op hul eie ook aan sosiale verwagtinge kan voldoen. Voorts wys Louw *et al*. (1998:349) daarop dat die wyse waarop volwassenes – veral ouers – die kind behandel 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van sy selfagting en dat kinders met 'n hoë selfagting akademies beter presteer en gewilder is op skool. In hierdie studie het die navorser die kind in die laat-middelkinderjare se psigologiese belewenis van die ouer-kind-verhouding in die teenwoordigheid van 'n nuwe lewensmaat verken. 'n Nuwe lewensmaat in die ouer se lewe' het vir die doel van die studie spesifiek verwys na die onlangse toetrede van 'n stiefouer tot die verhouding, ongeag of die ouer en stiefouer saambly of getroud is.

### 1.2 MOTIVERING EN PROBLEEMSTELLING

Die keuse van die studie-onderwerp is geïnspireer vanuit 'n persoonlike, sowel as professionele perspektief. Eerstens het die navorser persoonlik daarmee te doen gekry deur vriende en familie se sluiting van nuwe verhoudings na afloop van 'n egskeiding en die emosionele verwardheid van die kinders waar te neem. Die kind is dikwels nog besig om die verlies van die ander ouer se teenwoordigheid te verwerk en word dan gekonfronteer met 'n nuwe persoon se teenwoordigheid, nuwe reëls word ingestel en die kind voel asof sy wêreld onderstebo gekeer word. Verder word die kind dikwels ook nog gekonfronteer met omstandighede soos om te verhuis, van skool te verander en die gevolglike verlies aan maats en 'n bekende omgewing wat daarmee gepaard gaan.

Tweedens is die keuse ook vanuit ‘n professionele vlak geïnspireer deur kinders wat die navorser as deel van die praktiese komponent van haar studies gesien het in terapie. Die kind het nie altyd die vermoë om aan die ouer te verduidelik wat verkeerd is nie en gevolglik manifesteer sy of haar ongelukkigheid in gedragsprobleme, byvoorbeeld woede uitbarstings, skoolgevegte of selfs psigosomatiese simptome soos maagpyn of benoudheid (‘n gebrek aan asem).

Heelwat navorsing is gedoen oor hoe die hertroue van die ouers die kind se gedrag, emosionele welstand asook akademiese prestasie beïnvloed. Navorsing oor hoe ‘n nuwe lewensmaat in die ouer se lewe die kind affekteer is egter inkonsekwent. Navorsing gedoen deur Anderson (in Carter & McGoldrick, 1999:401) toon byvoorbeeld dat kinders beter doen in ‘n hersaamgestelde gesin in vergelyking met ‘n enkelouer gesin, terwyl ‘n studie deur Hetherington (in Carter & McGoldrick, 1999:419) weer van mening is dat kinders slegter daaraan toe is in ‘n hersaamgestelde gesin.

Na afloop van ‘n egskeiding ontwikkel daar soms ‘n noue verhouding tussen die ouer en kind in die enkelouer-huishouding en die kind tree dikwels as ‘n steunpilaar of vertroueling vir die ouer op, ‘n soort beste vriend met wie die ouer persoonlike sake bespreek (Pasley & Moorefield, 2004:323). Wanneer ‘n nuwe lewensmaat die verhouding betree kan dit tot gevolg hê dat die ouer-kind-verhouding, soos die kind dit geken het, bedreig word. Navorsing deur Pasley en Moorefield (2004:323) en die National Healthy Marriage… (2005-2007) het onder meer bevind dat ten einde die nuwe verhouding te laat werk, die ouer meer tyd nodig het om saam met die nuwe lewensmaat te spandeer, wat meebring dat nuwe grense met die kind geskep moet word.

Pasley en Moorefield (2004:323) het bevind dat kinders na die hertrou van die ouers laer kwaliteit verhoudings met hul ouers ondervind, miskien juis omdat die moeder meer tyd bestee om die nuwe verhouding te laat werk en vaders raporteer dat hulle hul kinders as ‘n bron van spanning sien wanneer hulle nuwe gesinsverantwoordelikhede het.

Volgens National Healthy Marriage…(2005-2007) het navorsing bevind dat hertrou die kind nie help om die negatiewe effekte wat egskeiding geneig is om op die ouer-kind-verhouding te hê, teen te werk nie. Na die egskeiding is kinders geneig om minder affeksie teenoor die ouers te voel en is ook meer geneig om met hulle te argumenteer. Verder is dit minder waarskynlik dat die kinders by die vader sal bly en ook of hy soveel tyd saam met die kinders sal spandeer as wat die moeder sal doen. Visser (in Louw *et al.*, 1998:351) wys daarop dat die gebroke gesin 'n groot uitwerking op die psigologiese welstand van die kind het, die kind is onseker oor sy/haar verhouding met die afwesige ouer en ervaar meer spannings- en selfbeeldprobleme. Voorts word ouerlike gebrek aan belangstelling geassosieer met 'n swak selfbeeld by kinders (National Stepfamily..., 2006).

Inligting wat verkry is op die Nexus database system (2006), wat meeste Suid-Afrikaanse tesisse en verhandelings bevat, asook tesisse en verhandelings beskikbaar op Unisa se webblad (2007), dui daarop dat weinig navorsing gedoen is oor die kind in die hersaamgestelde gesin. Sommige navorsers fokus op begeleiding van ouers en kinders in hersaamgestelde gesinne, terwyl ander na die benutting van psigodrama met adolessente in die hersaamgestelde gesin kyk. Die rol van stiefsibbe in adolessente aanpassing tot die hersaamgestelde gesin is ook nagevors. Die navorser kon egter geen navorsing vind ten opsigte van die kind se belewenis van 'n nuwe lewensmaat in die ouer se lewe na 'n egskeiding nie.

In die lig van bogenoemde is die probleem en navorsingsvraag wat vir hierdie studie geformuleer is as volg: "Wat is die kind in die laat-middelkinderjare se psigologiese belewenis van die ouer se nuwe lewensmaat na 'n egskeiding?" Probleemformulering kan volgens Fouché (2005**a**:116) as die vertrekpunt van wetenskaplike navorsing beskou word en dit verskaf ook duidelikheid ten opsigte van die fokus van die beplande studie. Die navorsingsprobleem impliseer volgens Mouton (2001:53) 'n navorsingsvraag en word uitgedruk as 'n algemene vraag ten opsigte van die verhoudings tussen twee of meer veranderlikes.

## 1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE NAVORSING

Die doelstellings van die navorsing word volgens Fouché en De Vos (2005:104) beskou as die breër, meer abstrakte konsep van *"...the end toward which effort or ambition is directed"*. Die doelstelling van hierdie studie was om die kind in die laat-middelkinderjare se psigologiese belewenis van 'n nuwe lewensmaat in die ouer se lewe na 'n egskeiding te verken en te beskryf.

Die doelwitte van 'n studie daarenteen verwys na die meer konkrete, meetbare en gouer haalbare voorstelling van so 'n *"...end toward which effort or ambition is directed"* (Fouché & De Vos, 2005:104). Die doelwitte van die studie was as volg:

- Literatuur doelwit: om 'n literatuuroorsig te gee ten einde die kind in die laat-middelkinderjare se psigologiese belewenis binne die konteks van hierdie studie te bepaal.
- Empiriese doelwit: om data in te samel deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude ten einde die kind in die laat-middelkinderjare se psigologiese belewenis van 'n nuwe lewensmaat in die ouer se lewe na 'n egskeiding te verken en om die data te analiseer en te beskryf. Literatuurkontrole is gebruik om data wat verkry is te verifieer.
- Gevolgtrekkings en aanbevelings:
  a) Om aanbevelings aan die ouers te maak ten opsigte van die hantering van die integrasie van 'n nuwe lewensmaat tot die gesin, ten einde die kind in die laat-middelkinderjare in die aanpassingsproses te ondersteun.
  b) Om aanbevelings aan spelterapeute te maak ten opsigte van die hantering van die kind in soortgelyke situasies.

## 1.4 NAVORSINGSBENADERING

Die kwalitatiewe metode van navorsing is vir die doel van die studie gevolg. Kwalitatiewe metode verwys na waargenome data wat in 'n nie-numeriese vorm bestaan, soos verslae van gesprekke in deelnemer-waarnemer navorsing of etnografiese navorsing (Rosnow & Rosenthal, 1999:81).

Die bruikbaarheid van die benadering is gebaseer op, en word gemotiveer deur, die werk van Mouton, Marais en Creswell (in Fouché & De Vos, 2005:102-103) en word as volg bespreek:

- Die metode volg 'n minder formele navorsingsprosedure en die studieonderwerp se grense is redelik wyd en ongedefinieerd, wat 'n buigsame strategie van probleemformulering en data-insameling toegelaat het en dus die navorser in staat gestel het om eerstehandse kennis en begrip van die probleem in te win.
- Die metode van data-insameling: semi-gestruktureerde onderhoude, en die navorser se observasie en veldnota's. Die kind het sy belewenis gedeel terwyl die navorser waargeneem en nota's gemaak het, ten einde 'n omvattende kennis van die kind se ervaring te verwerf.
- Die benadering het 'n milieu vir ryk, gedetaileerde inligting voorsien wat die navorser toegelaat het om 'n geldige, omvattende akkumulasie van begrip van die verskynsel te verkry.
- Die doel van die kwalitatiewe metode was om belangrike vrae, prosesse en verhoudings te ontdek, en nie om dit te toets nie. Die navorsing was dus nie geskik vir kwantitatiewe meting nie, omdat die data wat benodig is vir die navorsing plaasgevind het in natuurlike omstandighede wat op opinies en persepsies gebaseer is.

Die kwalitatiewe benadering was veral geskik vir die studie omrede die navorser verhoudingspatrone en -prosesse in die ouer-kind-verhouding vanuit die kind se perspektief kon verken. Minder formele navorsingsprosedures en semi-gestruktureerde onderhoude het die kind die geleentheid gebied om sy narratief soos wat hy dit beleef het, te deel, terwyl dit terselfdertyd die studie gerig het. Beter begrip en uitgebreide kennis van hoe die kind die proses van hersamestelling van die gesin ervaar het kon dus verkry word.

## 1.5 SOORT NAVORSING

In navorsing is daar sprake van óf toegepaste óf basiese navorsing (Fouché & De Vos, 2005:105). Basiese navorsing maak gebruik van empiriese waarneming wat weer gebruik kan word om ‘n teorie te formuleer of te verfyn. Dit is nie daarop gemik om onmiddelike probleme binne ‘n benadering op te los nie, maar eerder om die kennisbasis van die benadering uit te brei.

Toegepaste navorsing, aan die ander kant, is dikwels die wetenskaplike beplanning van geïnduseerde verandering in ‘n kommerwekkende situasie (Fouché & De Vos, 2005:105). Toegepaste navorsing fokus hoofsaaklik daarop om spesifieke probleme in die praktyk op te los. Die doel van die studie was daarop gemik om die kind se belewenis te beskryf ten einde a) praktiese aanbevelings aan spelterapeute te maak in die hantering van die kind en b) voorstelle aan ouers te maak ten opsigte van die integrasie van die nuwe lewensmaat tot die gesin.

Die klem van die studie het op verkennende en beskrywende navorsing geval. Verkennende navorsing word volgens Fouché en De Vos (2005:106) gebruik wanneer insig verkry moet word ten opsigte van ‘n spesifieke situasie, verskynsel, gemeenskap of individu. Die behoefte vir hierdie tipe navorsing het ontstaan as gevolg van ‘n behoefte om inligting te versamel om die situasie waarin die kind homself bevind, beter te verstaan. In die algemeen maak verkennende navorsing gebruik van kwalitatiewe data en bied antwoorde ten opsigte van “wat”-tipe vrae, soos gemeld deur Mouton (in Fouché & De Vos, 2005:106). “Wat”-tipe vrae is gebruik om die kind se psigologiese belewenis van die hersamestelling van die gesin te verken ten einde insig in sy situasie te verkry.

Beskrywende navorsing bied meer spesifieke detail betreffende die situasie, sosiale omstandighede of verhouding(s) en fokus op “hoe” en “waarom”-tipe vrae, soos beskryf deur Neuman (in Fouché & De Vos, 2005:106). Die navorser het dus begin met ‘n duidelik gedefinieerde onderwerp en dan navorsing gedoen om dit deeglik te omskryf.

Met kwalitiatiewe navorsing word ‘n meer intensiewe studie van die verskynsel en sy diepere betekenis gefasiliteer, en is die beskrywing daarvan meer omvattend.

## 1.6 NAVORSINGSONTWERP

‘n Gevallestudie is geïmplimenteer as navorsingsontwerp. Fouché (2005b:272) sien gevallestudies as gebonde in terme van tyd, plek en aktiwiteit. ‘n Geval wat bestudeer word kan voorts ook verwys na ‘n proses, aktiwiteit, gebeurlikheid, program of individu of ‘n groep individue. Volgens Fouché (2005:272) fokus intrinsieke gevallestudies, wat spesifiek vir die doel van dié studie gebruik is, hoofsaaklik daarop om ‘n beter begrip van individuele gevalle te verkry. Die doel was nie om ‘n breër sosiale probleem te verstaan nie, maar bloot om die gevalle wat bestudeer is te beskryf – naamlik kinders in die laat-middelkinderjare se psigologiese belewenis in hersaamgestelde gesinne.

Fouché (2005:272) is voorts van mening dat gevallestudies ideaal vir kwalitatiewe navorsing is, omdat dit geskik is om kontemporêre verskynsels in ware lewensituasies te ondersoek. Die navorser het die gevallestudie gebruik om die kind in die laat-middelkinderjare se psigologiese belewenis van ‘n nuwe lewensmaat in die ouer se lewe te verken.

## 1.7 NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 1.7.1 Navorsingsprosedure

Die navorsingsprosedure sal aan die hand van die konseptuele raamwerk, data-insameling, data-analise en betroubaarheid van kwalitatiewe navorsing bespreek word.

#### *1.7.1.1 Konseptuele raamwerk*

Die aard van die konseptuele raamwerk word bepaal deur die funksie waaraan dit moet voldoen (De Vos, 2005:35). ‘n Teorie klassifiseer en ontdek, maar sy basiese funksie is om te beskryf en begrip te bevorder. ‘n Literatuuroorsig is dus gedoen as konseptuele

raamwerk om die kind se psigologiese belewenis van die ouer se nuwe lewensmaat na ‘n egskeiding te kan beskryf. Die navorser het gebruik gemaak van bronne vanuit die sielkunde en maatskaplike velde, wat boeke sowel as vaktydskrifte, joernale en internetbronne insluit.

### *1.7.1.2 Afbakening van die universum, populasie en steekproef*

Die term universum verwys na alle potensiële subjekte (of persone) wat die eienskappe besit waarin die navorser geïntereseerd is – met ander woorde die totale populasie waarvan ‘n steekproef bestudeer word met die doel om die gedrag van die populasie te beskryf (Strydom, 2005:193). Populasie is ‘n term wat grense aan die studie verskaf. Dit verwys na die individue binne die studie wat spesifieke eienskappe besit. Waarnemings word dus gemaak van ‘n deel (steekproef) van die geheel (universum) wat bestudeer word. Die universum vir die doel van die studie verwys dus na die kind in die laat-middelkinderjare binne die nuutgevormde hersaamgestelde gesin. Die populasie verwys na die kind in die laat-middelkinderjare binne die nuutgevormde hersaamgestelde gesin binne die Pretoria metropool. Aangesien dit nie prakties moontlik is om al die kinders binne die konteks van die studie te ondervra nie, word ‘n steekproef van die totale populasie gebruik. ‘n Steekproef is ‘n deelversameling van die teikenpopulasie, wat die populasie so akkuraat moontlik weerspieël (Strydom, 2005:194).

Die steekproefgrootte tydens die kwalitiatiewe studies is bepaal deur die versadiging van inligting. Versadiging word deur Greeff (2005:294) aangedui as “*...the point in the study where the researcher begins to hear the same information repeatedly being reported and he no longer learns anything new*”. Die steekproef het uit ses kinders bestaan wat deel uitgemaak het van die teikenpopulasie, naamlik die kind in die laat-middelkinderjare binne die nuutgevormde hersaamgestelde gesin. Die navorser het gebruik gemaak van ‘n doelgerigte, nie-waarskynliksheidsteekproeftrekking. Die tipe steekproef word hoofsaaklik gebaseer op die oordeel van die navorser, deurdat die steekproef saamgestel word uit elemente wat die meerderheid eienskappe van die teikenpopulasie

verteenwoordig. Die kriteria vir insluiting vir die studie was Afrikaanssprekende seuns en dogters in die laat-middelkinderjare binne die Pretoria metropool.

### *1.7.1.3 Data-insameling*

Data is verkry deur kwalitatiewe individuele of een-tot-een onderhoude te voer met respondente (tussen 9 en 12 jaar oud) wat deur die skool geïdentifiseer is as deel van die populasie wat bestudeer is. Die vorm en aard van die onderhoude wat gekies word vir kwalitatiewe navorsing word volgens Greeff (2005:286) bepaal deur die doel van die navorsing. Aangesien die kind se belewenis binne 'n spesifieke situasie bepaal wou word, was semi-gestruktureerde onderhoude die mees geskikte vorm van een-tot-een onderhoudvoering.

Semi-gestruktureerde onderhoude kan volgens Greeff (2005:292) gedefinieer word as onderhoude wat georganiseer is rondom areas van spesifieke belang, maar wat steeds aansienlike buigsaamheid toelaat in beide omvang en diepte. Die doel daarvan ten opsigte van hierdie studie was om 'n omvattende beeld te verkry van die belewenis van die kind en begrip te ontwikkel vir die betekenis wat die kind aan die belewenis heg. Semi-gestruktureerde onderhoude is dus gebruik om die kind se persepsies en opinies te bepaal.

Die metode het aan die navorser buigsaamheid verskaf deurdat spesifieke interessante narratiewe wat ontstaan het tydens die onderhoud verder verken kon word. (Vergelyk Greeff, 2005:296.) Dit is bereik deurdat die navorser 'n stel voorafbepaalde vrae vir die doel van die onderhoudskedule opgestel het. Die navorser is egter eerder deur die skedule gelei, eerder as wat dit voorskriftelik was. Die respondente kon sodoende inligting deel wat relevant was tot die rigting van die studie, maar ook probleme uitlig waaraan die navorser nie gedink het nie. Volgens hierdie werkwyse word die respondent gesien as die vakdeskundige, en is dus maksimum tyd toegelaat om sy storie te vertel (Vergelyk Greeff, 2005:296).

Die navorser het, voordat die empiriese studie onderneem is, ‘n literatuuroorsig gedoen ten einde inligting wat vereis is te definieer. Die inligting wat verkry is moes duidelik verwant wees tot die inligting wat benodig was vir die onderhoude. Afhangend van die omvang van die respondente se antwoord, is daar verdere ‘wat’ en ‘hoe’-tipe vrae gevra om inligting te verkry wat ryk was aan konteks. Indien ‘n respons van die respondente tydens die onderhoud ‘n gebrek aan detail, diepte of duidelikheid getoon het, is die respondent gevra om uit te brei en antwoorde duideliker te maak, of versoek om antwoorde met verdere voorbeelde te verduidelik. Die respondent se nie-verbale kommunikasie is deurentyd waargeneem en die navorser het ook van veldnota’s gebruik gemaak.

Veldnota’s is ‘n geskrewe rekenskap van wat die navorser hoor, sien, ervaar en dink tydens die verloop van die onderhoud (Greeff, 2005:298). Field en Morse (in Greeff, 2005:298) beveel aan dat die nota’s onmiddellik aangeteken moet word na afloop van die onderhoude, voordat dit met iemand bespreek word, omdat dit die herroep van die inligting kan beïnvloed.

#### *1.7.1.4 Data-analise*

Creswell (in De Vos, 2005:334) is van mening dat die proses van data-analise en interpretasie die beste voorgestel kan word deur ‘n spiraalbeeld – ‘n data-analisespiraal. Vir die doel van die studie is Creswell se spiraal geïntegreer met die proses van Marshall en Rossman (in De Vos, 2005:334), en die navorsers het die stappe as volg toegepas.

Beplanning vir data-insameling

⇩

Data-insameling en voorlopige analise

⇩

Bestuur of organisering van data

⇓

Lees en skryf nota's

⇓

Genereer kategorieë, tema's en patrone

⇓

Kodering van data

⇓

Toets die begrippe wat na vore tree

⇓

Soek vir alternatiewe verklarings

⇓

Voorlegging en visualisering

Die integrasie word voorgestel in lineêre vorm, maar die navorser beweeg in analitiese sirkels eerder as om 'n vaste lineêre benadering te gebruik. Data-analise het dus begin met data wat saamgestel is vanuit teks en eindig met 'n narratief. Voorts is daar tussendeur aan verskillende fassete van analise aandag gegee totdat die proses voltooi is. Die stappe, soos uit eengesit in De Vos (2005:334-339), word as volg meer volledig bespreek:

- Beplanning vir data-insameling: Voordat navorsing kon begin het die navorser 'n literatuuroorsig gedoen om die aard van die inligting wat benodig is, te bepaal. Geskikte respondente is by skole geïdentifiseer en toestemming is verkry van die

skool, die respondente en die ouers vir die maak van video-materiaal.

- Data-insameling en voorlopige analise: Data-insameling en analise vind basies hand aan hand plaas ten einde ‘n koherente interpretasie van data op te bou. Die navorser is gelei deur die oorspronklike konsepte wat verkry is uit die literatuurstudie, maar het dit aangepas namate inligting ingesamel en data geanaliseer is. Data-analise as ‘n kwalitatiewe ondersoek behels ‘n tweeledige benadering. Die eerste aspek behels dat data-analise plaasvind gedurende die insameling van data en tweedens dat data-analise plaasvind na afloop van ‘n periode van data-insameling. Die tweede aspek van die data-analise het die luister en transkribreer van die video-opnames en die organisering van data in temas behels.
- Bestuur of organisering van data is die eerste siklus in die data-analise spiraal. As die eerste stap in die analisering van data, is data in kronologiese volgorde in leêrs georganiseer. Transkriberings van onderhoude en veldnota’s is ook geliaseer.
- Lees en skryf nota’s: transkripte is deeglik deurgelees voordat dit ontleed is om ‘n gevoel te verkry vir die databasis as geheel. Creswell (in De Vos, 2005:337) stel dit soos volg: “*Immerse yourself in the detail, trying to get a sense of the interview as a whole before breaking it into parts*”. Die navorser het gedurende die proses nota’s gemaak van die beskikbare data. Die veldnotas is later deurgelees en klein veranderings is aangebring om volledigheid te verbeter. Die veldnotas is daardeur meer bruikbaar gemaak.
- Genereer kategorieë, tema’s en patrone: die analitiese proses vereis ‘n verhoogde bewustheid van die data en ‘n oopheid vir subtiele patrone wat na vore kom tydens die onderhoude. Hierdie subtiele patrone is ontleed om spesifieke tema’s te bepaal. Die data is in kleiner, meer bruikbare dele opgebreek, wat die skryf van die finale narratief vergemaklik het. Die navorser het die data in die volgende kategorieë of temas georganiseer, na aanleiding van die antwoorde van die respondente op die vrae:
    a) Die respondent se belewenis van die hersaamgestelde gesin
    b) Die veranderinge wat gepaard gaan met die hersamestelling van die gesin

c) Die respondent se verhouding met die biologiese ouers

d) Die respondent se belewenis van die ouer se nuwe lewensmaat

- Kodering van data: kodering van data is die formele verteenwoordiging van analitiese denke. Kodering kan verskillende vorme aanneem, naamlik afkortings of sleutelwoorde, gekleurde kolle of nommers – dit is die navorser se keuse. Vir die doel van die studie het die navorser gebruik gemaak van gekleurde merkpenne en afkortings.
- Toets die begrippe wat na vore tree: dit is gedoen deurdat die navorser haar begrip van die studie uitgedaag het deur te soek vir negatiewe gevalle van die patrone. Deel van die fase was om data se bruikbaarheid en sentraliteit tot die navorsingsvraag te evalueer.
- Soek vir alternatiewe verklarings: voor die handliggende patrone is krities ondersoek vir ander, meer aanneemlike verklarings. Tydens die proses moet die navorser ook na alternatiewe verklarings soek, dit identifiseer en beskryf, en dan demonstreer waarom die verklaring wat aangebied word die mees aanneemlikste is. Die navorser het die inhoud van die opnames ondersoek vir alternatiewe verklarings en temas geidentifiseer ten einde sin te maak van die data.
- Voorlegging en visualisering – die geskrewe verslag: dit is die finale fase van die spiraal waar die navorser die data voorlê in ‘n verpakking van dit wat gevind is. Hierdie stap laat die navorser toe om orde, struktuur en betekenis te gee aan die data wat versamel is. Die geskrewe verslag is die primêre wyse waarop resultate van die navorsing weergegee word. Die geskrewe verslag kan, vir die doel van die studie, die leser ‘n beter begrip vir die kind in die laat-middelkinderjare se psigologiese belewenis van ‘n nuwe lewensmaat in die ouer se lewe na ‘n egskeiding laat ontwikkel .

#### *1.7.1.5 Betroubaarheid van kwalitatiewe navorsing*

Alle navorsing het kriteria waaraan dit moet voldoen om die betroubaarheid van die studie te verseker. Lincoln en Cuba (in De Vos, 2005:346-347) stel vier konstrukte voor wat die aannames in kwalitatiewe navorsing akkuraat kan reflekteer:

- Geloofwaardigheid

  Die eerste konstruk, geloofwaardigheid, is ‘n alternatief vir interne geldigheid, wat daarop gerig is om te bewys dat die studie op so ‘n wyse gedoen is dat dit verseker dat die onderwerp akkuraat geïdentifiseer en beskryf is. ‘n Omvattende beskrywing, wat die kompleksiteit van veranderlikes en interaksies uitlig en wat deurdrenk is van data wat verkry is vanuit die omgewing, kan volgens Lincoln en Guba (in De Vos, 2005:346) nie anders as om geldig te wees nie. Aangesien die navorsing op ‘n spesifieke populasie, naamlik die kind in die laat-middelkinderjare binne ‘n hersaamgestelde gesin binne die Pretoria metropool gefokus het, en suiwer op die kind se belewenis van die ouer se nuwe lewensmaat gekonsentreer het, word die navorsing voorgehou as geloofwaardig.

- Oordraagbaarheid

  ‘n Kwalitatiewe studie se oordaagbaarheid of veralgemeenbaarheid na ‘n ander omgewing of populasies kan problematies wees. Oordaagbaarheid van kwalitatiewe bevindinge, of eksterne geldigheid, word deur tradisionele wetenskaplike navorsers gesien as ‘n swak plek van die benadering. Ten einde oordraagbaarheid te bevorder, het die navorser terugverwys na die oorspronklike teoretiese raamwerk deur te wys hoe data wat ingesamel en geanaliseer is deur konsepte en modelle gerig is. Hierdeur het die navorser die teoretiese parameters van die navorsing gestel. Ander studies binne dieselfde parameter kan dus besluit of die gevalle wat beskryf word, veralgemeen kan word na nuwe beleidsnavorsing of oorgedra kan word na ander omgewings.

- Afhanklikheid

  Die derde konstruk, afhanklikheid, is die alternatief vir betroubaarheid in kwantitatiewe navorsing. Volgens De Vos (2005:346) verwys dit na die navorser se poging om rekenskap te gee van die veranderinge wat mag plaasvind ten opsigte van die verskynsel wat bestudeer word. Die skrywer stel dit dat die sosiale wêreld, volgens kwalitatiewe navorsing, uiteindelik sal verander. Afhanklikheid verteenwoordig dus ‘n stel aannames wat heelwat verskil van die aannames wat die konsep van betroubaarheid vorm.

Die Positivistiese konsep van betroubaarheid veronderstel ‘n onveranderende sosiale wêreld waarin ‘n studie op ‘n logiese wyse herhaal kan word. Hierdie aanname van ‘n onveranderende sosiale wêreld is volgens Lincoln en Guba (in De Vos, 2005:346) in direkte kontras met kwalitatiewe aannames dat die sosiale wêreld deurentyd gekonstrueer word. In die geval van die onderneemde studie mag die bevindinge moontlik net relevant wees vir ‘n bepaalde periode, byvoorbeeld 5 - 10 jaar. Die bruikbaarheid van die studie mag deur ‘n veranderende samelewing beïnvloed word namate die samelewing se uitgangspunt teenoor kinders in hersaamgestelde gesinne verander.

- Gelykvormigheid

  Die finale konstruk is soortgelyk aan die tradisionele konsep van objektiwiteit, die noodsaaklikheid dat die bevindinge van die studie deur ‘n ander bevestig sou kon word. Sodoende word die evaluering van objektiwiteit verskuif vanaf die navorser se inherente vermoë om objektief te wees na die data self. Die kwalitatiewe kriteria, volgens Lincoln en Guba (in De Vos, 2005:347), is *“...do the data help confirm the general findings and leed to the implications?*”. Gegewe die spesifieke fokus deur die navorser om die geselekteerde populasie en hul belewenisse te verstaan deur omvattende verkenning, is die navorser van mening dat die resultate gelykvormig en objektief is.

Gesien in die lig van bogenoemde kriteria blyk dit dat die geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, afhanklikheid en gelykvormigheid van die navorsing onfeilbaar is. Voorts meen Josselson (in Greeff, 2005:293) ook dat die gebeurlikhede tydens die onderhoude, asook die belewenis wat beskryf word, meer beduidend en meer eg gemaak word deurdat die onderhoud opgeneem en neergeskryf word, wat ook die geval in hierdie studie was.

### 1.7.2 Lewensvatbaarheid van die studie

Die navorser het ‘n voorondersoek, wat die volgende ingesluit het, geloods: konsultasie met kundiges in die veld en ‘n literatuuroorsig, ten einde die lewensvatbaarheid van die

studie te bepaal. Literatuur wat gebruik is het inligting bevat wat die effek van ‘n egskeiding, hertrou van ouers en stiefgesinne op die kind beskryf het. Vanuit die literatuurstudie is die navorser se paradigmatiese perspektiewe, naamlik algemene sisteemteorie, gevorm. Literatuur ten opsigte van sisteemteorie is ook bestudeer om geskiktheid vir die doel van die studie te bepaal.

Die paradigmatiese basis van die studie, gebaseer op die algemene sisteem benadering, fokus op die patrone van verhoudings binne ‘n sisteem (die gesin of die kind) of tussen sisteme (ouer-kind-sisteme). Families is organisatories komplekse emosionele sisteme wat tipies herhalende patrone van interaksie openbaar. Veral nie-verbale interaksie patrone verteenwoordig subtiele, geënkodeerde transaksies wat gesinsreëls en -funksionering beheer (Goldenberg & Goldenberg, 2004:7). Familie rituele is deel van voortdurende interaksie patrone wat help om die familie se idenditeit en voortbestaan te verseker. Hierdie rituele anker die gesin in die verlede en voorsien ‘n gevoel van familiegeskiedenis en terselfdetyd impliseer dit ook toekomstige familie interaksies. Die navorser is van mening dat die kind nie buite die konteks van sy gesin verstaan kan word nie. Die gesin is die skepper van betekenis en elke persoon se individuele oordeel ten opsigte van wat realiteit is.

Struktureel is hersaamgestelde gesinne kompleks. Kinders moet dikwels afwisselend in twee huishouding leef, waar hul met twee verskillende stel reëls, grense en rolle gekonfronteer word (Goldenberg & Goldenberg, 2004:42). Vorige ouer-kind-verhoudings, wat uit ‘n vorige huwelik kom, moet ongetwyfeld veranderinge ondergaan namate die sisteem plek maak vir nuwe lede, verantwoordelikhede en verpligtinge.

Kundiges in die veld is van mening dat daar ‘n behoefte bestaan vir navorsing ten opsigte van die kind se belewenis van ‘n nuwe lewensmaat in die ouer se lewe na ‘n egskeiding. Jooste (2007) sien dikwels in die kleuterskool wat sy bedryf, asook in terapie wat sy aan kinders op versoek van die ouers gee, kinders wat gedragsprobleme ervaar tydens en na die hersamestelling van die gesin. Brits (2007) staan in privaatpraktyk en was ook van

mening dat daar ‘n behoefte vir die studie was, aangesien sy dikwels met soortgelyke gevalle in haar praktyk te doen kry.

| Naam | Kwalifikasie |
|---|---|
| Mev. C. Jooste | M Ed. Psych. RAU. 2001 |
| Dr. W. Brits | Phd. UP. 1993 |

Voordat die navorser met die navorsing kon begin, het die navorser die onderhoudskedule met kinders wat nie deel van die steekproef was nie “getoets”. Dit is gedoen om te bepaal of die respondente die konsepte sal verstaan. Die vrae was oorwegend duidelik en verstaanbaar. Die navorser het egter gevind dat die term ‘hersaamgestelde gesin’ onbekend vir die meeste kinders in die voorondersoek was. Dit was daarom nodig om met die aanvang van die empiriese studie hierdie term eers vir die respondente te verduidelik.

## 1.8 ETIESE ASPEKTE

In die sosiale wetenskap bring die feit dat mense as objekte bestudeer word, unieke etiese delemmas na vore wat andersins nie relevant sou wees nie. Etiese kwessies is kompleks siende dat data nooit versamel kan word ten koste van die mens nie (Strydom, 2005:56). Dit is die navorser se verantwoordelikheid om te verseker dat die regte van die respondente verseker word in haar soeke na wetenskaplike kennis.

Sekere aspekte ten opsigte van die regte van die respondente wat aangespreek is vir die doel van die studie was as volg (vergelyk Corey, 2001:57-58, Strydom, 2005:57-67 en Mouton, 2001:238-245):

- Die beste belang van die kind is ten alle tye in ag geneem, en die navorser het onderneem om, indien enige emosionele probleme na vore sou kom tydens die navorsing, die respondent na afloop van die navorsing na iemand te verwys vir terapie. Die skool waar die navorser ten tye van die navorsing met die praktiese

element van haar studies besig was (en ook haar navorsing gedoen het) het terapeute in diens gehad wat die respondente in die verband kon bystaan, indien nodig.

- Die anonimiteit van die respondente is verseker deurdat geen name vermeld is in die dokument nie, en waar name nodig was, is skuilname gebruik om die kind se privaatheid te beskerm.
- Die versekering is aan die respondente gegee dat konfidensialiteit behou sal word en dat enige beeld- en/of oudiomateriaal wat gemaak is vir die doel van die navorsing, na afloop van die navorsing vernietig sal word.
- Skriftelike toestemming, waarin die respondente se regte uitgelig is, is verkry van die ouers van die respondente (Verwys Bylaag A). Mondelingse toestemming is van die betrokke respondent verkry, sowel as van die skoolhoof betrokke by die skool waar die navorsing gedoen is. Al die respondente het die reg voorbehou om te eniger tyd aan die studie te onttrek.
- Al die respondente is ingelig dat die onderhoude opgeneem word vir transkripsie doeleindes, maar dat die opnames nie beskikbaar gemaak sal word aan enige derde party sonder vooraf skriftelike toestemming van die respondente en hul ouers nie. Skriftelike toestemming vir die maak van video-opnames is van die ouers verkry, terwyl die respondente mondelings toestemming verleen het voor die aanvang van die opnames.
- Die navorser het ook onderneem om te alle tye oop en eerlik te wees ten opsigte van die navorsingsverloop en –resultate. Data is so akkuraat moontlik weergegee en die navorser stel dit dat geen inligting vervals is nie.
- Voorts is erkenning gegee aan al die gekonsulteerde bronne wat gebruik is, wat verseker het dat geen plagiaat gepleeg is nie.

## 1.9 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

### 1.9.1 Laat-middelkinderjare

Die term middelkinderjare word gebruik vir die tydperk tussen ongeveer die sesde en twaalfde lewensjare. Louw *et al*. (1998:326) beskryf dit as "...'n tydperk van relatiewe

rustigheid en kalmte wanneer die vinnige ontwikkeling van sowel die voorafgaande kinderjare as die daaropvolgende adolessente jare in aanmerking geneem word." Erikson (in Louw *et al*., 1998:55) noem dit 'n periode van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid. Die kind is nou besig om vaardighede te bemeester wat nodig is as volwassene, dit is vir die kind belangrik om sukses te behaal om minderwaardigheid te oorkom, wat sal lei tot die sintese van bekwaamheid.

Piaget (in Louw *et al*., 1998:82) en Feldman (1998:345) verwys na die ouderdomsfase as die konkreet-operasionele periode omdat kinders nou in staat is tot operasionele denke, maar hul denke is konkreet en nie abstrak nie. Konkreet-operasionele kinders kan nie dink oor abstrakte idees of redeneer in terme van hipoteses nie, hulle dink in terme van die waarneembare realiteite voor hulle.

Sielkundiges stem saam dat, alhoewel dit 'n periode van relatiewe rustigheid vir fisieke ontwikkeling is, dit 'n belangrike tydperk vir die kind se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsepontwikkeling is. Die middelkinderjare berei die kind deeglik voor vir die aanpassing en uitdagings wat met die adolessente jare wat volg geassosieer word. 'n Gebalanseerde ontwikkeling tydens hierdie fase is dus 'n fondament vir latere ontwikkeling (Louw *et al*., 1998:326). Hierdie tydperk word dan ook as 'n sensitiewe periode vir die ontwikkeling van die selfkonsep beskou (Louw *et al*., 1998:348). Die wyse waarop die kind deur die ouers behandel word speel veral 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die kind se selfagting.

Vir die doel van die studie het die navorser spesifiek gefokus op die kind in die laat-middelkinderjare wat strek van die ouderdom nege tot twaalf jaar.

### 1.9.2 Hersaamgestelde gesin

Ten einde 'hersaamgestelde gesin' te verstaan, is dit nodig om eers die term 'gesin' te definieer. Die *New Oxford Dictionary of English* (2001:662) definieer die term gesin as 'n groep wat bestaan uit twee ouers en hul kinders wat saam leef as 'n eenheid. Die

*United States Bureau of the Census* (in Karraker & Grochowski, 2006:6) definieer die term gesin as twee of meer mense wat verwant is aan mekaar deur geboorte, huwelik, of aanneming en wat saam bly. Die ouers se egskeiding is nie ‘n gebeurtenis wat gevries is in tyd nie, maar is eerder ‘n proses. Vanuit die kind se perspektief bly beide ouers gewoonlik deel van sy gesin.

Kinders wat uit ‘n geskeide gesin kom leef gewoonlik in ‘n huishouding waar die moeder die hoof van die gesin is. Omdat die meeste mense wat geskei is weer in verhoudings betrokke raak, is dit waarskynlik dat die kinders met die verloop van tyd aan verskillende ouerfigure blootgestel word. Vir die doel van die studie sal hersaamgestelde gesinne dus gedefinieer word as twee persone wat saambly of getroud is en waarvan een of albei kinders uit ‘n vorige huwelik het. Met ander woorde ‘n biologiese ouer, ‘n stiefouer en ten minste een kind of stiefkind. ‘n Nuwe lewensmaat ‘in die ouer se lewe’ sal spesifiek na die onlangse toetrede van ‘n stiefouer verwys, ongeag of hulle saambly of getroud is.

### 1.9.3 Die psigologiese belewenis van die kind

Die *New Oxford dictionary of English* (2001:1496) definieer psigologies as: hou verband met die verstandelike en emosionele stand van die persoon. Die Longman *Dictionary of Contemporary English* (1995:478) definieer ‘belewenis’ as *“experience gained by actually doing someting, rather than knowledge from books”*. Die kind se psigologiese belewenis, vir die doel van die studie, verwys na hoe die kind die teenwoordigheid van die nuwe persoon in sy of haar ouer se lewe ervaar, daaroor dink en daaroor voel – dus die kind se weergawe of narratief daarvan.

## 1.10 SAMEVATTING

Die hersamestelling van die gesin is ‘n tendens wat jaarliks toeneem. Talle kinders word per implikasie hierdeur geraak. Soos reeds aangedui het hierdie studie gefokus op die kind in die laat-middelkinderjare se psigologiese belewenis van die hersaamgestelde gesin. Die kind se psigologiese belewenis van die hersaamgestelde gesin word beïnvloed deur die ontwikkelingsfase waarin die kind homself bevind. Die middelkinderjare is ‘n

belangrike periode vir die kind se selfkonsepontwikkeling, wat ondermeer beïnvloed word deur die wyse waarop die ouers die kind hanteer.
Dus speel die ouer-kind-verhouding ‘n belangrike rol ten opsigte van die kind se psigologiese belewenis binne die hersaamgestelde gesin.

Die navorsingsprobleem beklemtoon die doel van die studie, naamlik om die kind in die laat-middelkinderjare se psigologiese belewenis van die ouer se nuwe lewensmaat na ‘n egskeiding kwalitatief te verken en te beskryf. In hierdie hoofstuk is die navorsingsprobleem, motivering vir die studie, die doel en doelwitte van die navorsing, asook navorsingsmetodologie bespreek. Hoofstuk 2 fokus op literatuur wat handel oor die faktore wat ‘n rol speel in die kind se lewe wanneer die ouer(s) besluit om saam met iemand te bly of om weer te trou. Vir die doel van die studie sal die navorser na die manlike vorm verwys (behalwe as daar direk na die vroulike verwys word) ten einde omslagtigheid te voorkom.

# HOOFSTUK 2

# DIE DINAMIKA VAN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN EN DIE KIND IN DIE LAAT-MIDDELKINDERJARE.

## 2.1 INLEIDING

Na raming eindig ongeveer 50 persent van alle huwelike in ‘n egskeiding en sal ongeveer 60 persent van alle kinders wat gedurende die 1990’s gebore is, vir ‘n periode in ‘n enkelouer-huishouding woon (Hetherington, 1999:1). Lewe in ‘n enkelouer-huishouding is vir die meeste kinders net tydelik, aangesien ongeveer 75 persent van mans en 66 persent van vroue uiteindelik weer sal trou of nuwe verbintenisse aangaan. Ongeveer 30 persent van geskeide persone trou weer binne ‘n jaar. Coleman, Ganong en Fine (2000:1290) dui verder in hierdie verband aan dat daar toenemend meer mense is wat, in plaas daarvan om te hertrou na ‘n egskeiding, saambly as ‘n alternatief tot die huwelik verkies, of eers saambly voordat hul wettig in die eg tree. Navorsers (vergelyk Amato, 2000: 1270; Coleman *et al*., 2000:1290 en Everett, 1998:23) is van mening dat ongeveer ‘n derde van alle kinders in hersaamgestelde gesinne woon, of sal woon, voor hul agtiende verjaarsdag.

Faktore soos die kind se ouderdom, vlak van kognitiewe en sosiale ontwikkeling, persoonlikheidseienskappe en geslag sal bydra tot hoe elke individuele kind die uitdagings en stressors wat geassosieer word met egskeiding en hersamestelling van die gesin beleef (Lussier, 2000:8). Eienskappe van die gesin, soos sosio-ekonomiese status, ouerlike konflik, die kwaliteit van die ouer-kind-verhouding, die aard en kwaliteit van die stiefouer-kind-verhouding en kwaliteit van sibbeverhoudings dra verder ook by tot die kind se unieke ervarings binne die hersaamgestelde gesin.

Volgens die sisteembenadering is elke lid van die gesin deel van ‘n interafhanklike, interaksionele sisteem waarin die gedrag van een individu of ‘n subsisteem – soos die huwelik, ouer-kind- of sibbe subsisteem, asook die skool en gemeenskap – die gedrag van die ander subsisteme beïnvloed (Hetherington, 1999:2).

Die gesinsisteem as geheel, sowel as die verhoudings en funksionering van subsisteme en individue in die gesin, verander tydens die hersamestelling van die gesin (Goldenberg & Goldenberg, 2004:72). Omdat hersaamgestelde gesinne meer kompleks is, is dit nodig om die eksterne grense wat bepaal wie deel van die hersaamgestelde gesin vorm en wie nie, te herdefinieer. Ook interne grense soos die reëls, rolle, alliansies en lidmaatskap binne die hersaamgestelde gesin moet geherdefinieer word. Wanneer gesinne 'n oorgangsfase soos die hersamestelling van die gesin beleef, wat veelvuldige veranderinge, spanning en herorganisasie insluit, volg daar 'n periode van ontwrigting en destabilisering in gesinsverhoudings en -funksionering (Goldenberg & Goldenberg, 2004:78). Hierdie periode word volgens Goldenberg en Goldenberg (2004:80) dikwels gevolg deur die geleidelike ontstaan van 'n nuwe homeostase, wat mag verskil van die homeostase in gesinne van oorsprong met biologiese kinders (Vergelyk Hetherington, 1999:2).

Vir die doel van hierdie hoofstuk is daar gefokus op faktore wat bydra tot hoe elke individuele kind (met spesifieke verwysing na die kind in laat-middelkinderjare) die uitdagings en stressors wat geassosieer word met die egskeiding en hersamestelling van die gesin beleef, asook op die dinamika van 'n hersaamgestelde gesin.

## 2.2 DIE HERSAAMGESTELDE GESIN

'n Hersaamgestelde gesin onstaan volgens Coleman *et al.* (2000:1289) wanneer enkelouers hertrou, of saam met 'n nuwe lewensmaat intrek (baie ouers verkies saambly as 'n alternatief tot die huwelik). Hierteenoor verwys die gesin van oorsprong, of intaktgesin, na 'n gesin van twee ouers ('n vader en moeder) met een of meer biologiese kinders. Die hersaamgestelde gesin kan volgens Amato (2000:1276) 'n uitkoms bring vir die enkelouer (veral in die geval van 'n moeder-enkelouergesin) se finansiële dilemma en kan ook ondersteuning bied in die dissiplinering van die kind. Snyman (in Jansen, Dicker & Mashile, 1999:32) maan egter dat die hersamestelling van die gesin nie noodwendig 'n oplossing vir bepaalde probleme bied nie en dat dit sy eie kompleksiteite of ingewikkeldhede kan meebring.

Steyn (in Jansen *et al*., 1999:32) is van mening dat die hersaamgestelde gesin, juis weens sy struktuur, die gesin om die volgende redes in ‘n kwesbare posisie plaas:

- Gesinslede in die hersaamgestelde gesin is dikwels onseker oor hul optrede, veral met betrekking tot nuwe verhoudings wat binne gesinsverband ontstaan, byvoorbeeld die stiefouer-stiefkind-verhouding.
- Die ‘kitsklaargesin’ se lede tree tot die nuwe opset toe vanuit verskillende gesinsagtergronde en verskillende ouderdomme, en met verskillende behoeftes. Gevoelens van onsekerheid, seerkry, bitterheid of vooroordeel kan hierdie verhoudings verder kompliseer.
- Daar bestaan ook ‘n kompleksiteit van verhoudings met ander familielede, soos byvoorbeeld die nie-toesighoudende ouer wat besoek moet word of wat onderhoud betaal. Die paterne en materne grootouers mag ook ‘n beduidende rol speel in die hersaamgestelde gesin. Struktureel kan die hersaamgestelde gesin dus baie kompleks wees, veral as beide die man en vrou uit vorige huwelike waar kinders betrokke is kom.

Daar word vanuit verskillende oorde veral druk uitgeoefen op die verhouding tussen die man en die vrou in die hersaamgestelde gesin (vergelyk Jansen *et al*., 1999:33) wat hierdie verhouding negatief kan beinvloed. Navorsers (vergelyk Coleman *et al*., 2000:1291 en Davis & Friel, 2001:671) is dit eens dat die tweede huwelik broser is as die eerste huwelik en dat daar ook hoër vlakke van spanning en meningsverskille in die tweede huwelik voorkom. Volgens Prinsloo (in Jansen *et al*., 1999:33) hang die ‘skaduwee’ van die eerste huwelik ook altyd oor die nuwe verhouding. Ongeag of die vorige huwelik gelukkig of ongelukkig was, oefen die feit van ‘n vorige verbintenis ‘n sterk psigologiese mag op die hersaamgestelde gesin uit. Voorts kon die man en vrou in die eerste huwelik meer tyd saam spandeer voordat kinders tot die verhouding toegevoeg is. Sodoende kon ‘n hegter band tussen die eggenotes opgebou word. In die hersaamgestelde gesin is daar egter reeds ‘n ouer-kind-verhouding wat die verhouding met die nuwe lewensmaat voorafgaan.

Die verhouding wat reeds tussen die ouer en die kind bestaan kan die nuwe lewensmaat soos ‘n buitestander laat voel en sodoende heelwat stremming op die nuwe verhoudings plaas.

## 2.3 DIE AANPASSING VAN DIE KIND IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN

Die kind se belewenis van die ouer se nuwe lewensmaat ná ‘n egskeiding mag verskil na gelang van die kind se ouderdom, gebeure rondom die egskeiding, die periode wat verloop het sedert die egskeiding, die gesin se sosio-ekonomiese status en die kind se verhouding met die biologiese ouers (Coleman *et al*., 2000:1292). Die veranderinge wat met die hersamestelling van die gesin gepaard gaan, kan egter groot aanpassing vir die kind in die laat-middelkinderjare verg. Die kind kry dikwels nie net ‘n nuwe ouer by nie, maar ook stiefsibbe. Vir baie kinders is die oorskakeling van gevestigde praktyke, waaraan hulle gewoond was, na nuwe (veral dissiplinêre) praktyke baie stresvol. Coleman *et al.* (2000:1292) en Hetherington (1999:12) is van mening dat die kind in die middelkinderjare (6 - 12 jaar) dikwels die teenwoordigheid van die ouer se nuwe lewensmaat as ‘n skending in sy verhouding met die ouer aan wie hy toegeken is beskou.

Kinders in geskeide gesinne en hersaamgestelde gesinne, blyk in vergelyking met kinders in gesinne van oorsprong, gemiddeld meer gedrags- en emosionele probleme, laer sosiale bevoegdheid, laer selfagting, minder sosiale verantwoordelikheid en laer akademiese prestasies te hê (Hetherington, 1999:21 en Amato, 2000:1278). Kinders van geskeide en hersaamgestelde gesinne blyk ook meer probleme te hê in hul verhoudings met ouers en hul portuurgroepe, in romantiese verhoudings later en ook met hul eggenotes in volwassenheid. Volgens Hetherington (1999:12) is veral stiefdogters in die laat-middelkinderjare meer geneig om intense en voortdurende weerstand te bied in hul verhouding met stiefvaders, veral as hulle ‘n nabye verhouding met hul biologiese vaders gehad het. Alhoewel seuns in die laat-middelkinderjare ook geneig is om aanvanklik meer weerstand te bied teen die toetrede van die nuwe lewensmaat tot die moeder se lewe, blyk dit dat seuns uiteindelik die stiefvader makliker aanvaar as wat die geval met dogters is.

In hierdie verband is Coleman *et al.* (2000:1296) van mening dat seuns in die laat-middelkinderjare later selfs voordeel mag vind in die verhouding met die stiefvader. ‘n Positiewe stiefvader-stiefseun-verhouding word verbind met verminderde gedragsprobleme onder seuns in die laat-middelkinderjare en ook met adolessente seuns (Coleman *et al.*, 2000:1296).

Weinig navorsing is egter gedoen wat die kind se belewenis ten opsigte van ‘n nuwe lewensmaat van die ouer na ‘n egskeiding in ag neem. Navorsing word gedomineer deur ouers en onderwysers se verslae aangaande die kind se aanpassing as die primêre aanduiding van die kind se funksionering (Coleman *et al.*, 2000:1292). Die meeste navorsing fokus op akademiese prestasie, psigologiese aanpassing en die welstand en gedragsprobleme van kinders en adolessente. Hierdie aspekte sal vervolgens bespreek word:

- **Akademiese prestasie:** Kinders in hersaamgestelde gesinne presteer gemiddeld nie so goed soos kinders wat by beide biologiese ouers woon nie, voorts verkry hul laer punte op gestandardiseerde toetse en is meer dikwels afwesig van skool. Hierdie kinders is ook meer dikwels geneig om skool voortydig te verlaat. Volgens Coleman *et al.* (2000:1292) kan dit daarmee verband hou dat hierdie kinders, veral adolessente dogters (vergelyk Hetherington, 1999:18), geneig is om die huis op jonger ouderdomme te verlaat en onafhanklik huishoudings begin, in vergelyking met kinders wat in ‘n huis is waar beide biologiese ouers teenwoordig is. Volgens Cherlin en Furstenberg (in Hetherington, 1999:18) skryf hierdie kinders hul vroeë verlating van die huis hoofsaaklik aan konflik in die gesin toe.

  Vir die kind in die middelkinderjare is skoolprestasie ‘n belangrike aspek in die ontwikkeling van die kind se selfkonsep. Volgens Louw *et al.* (1998:348) beskryf die kind homself nou nie meer in terme van aktiwiteite nie (soos: “Ek kan wiskunde doen”), maar doen dit in terme van hoe goed die kind dit kan doen (“Ek is beter in wiskunde as my maatjie”). Kinders met ‘n hoë selfagting is meer onafhanklik en kreatief, en ook gewilder op skool en presteer beter.

- **Psigologiese (emosionele) welstand:** Kinders in hersaamgestelde gesinne toon gemiddeld meer geïnternaliseerde probleme, soos depressie, en het 'n groter risiko om emosionele probleme te ontwikkel. Die kwaliteit van ouerlike funksionering is een van die beste voorspellers van kinders se psigologiese welstand. Volgens Amato (2000:1280) word 'n konflikterende verhouding met, of onbekwaamheid van die toesighoudende ouer, verbind met negatiewe uitkomste vir die kind, soos verminderde selfagting en verminderde sosiale bevoegdheid. Gesaghebbende ouerskapstyle word geassosieer met beter akademiese prestasie, verminderde internalisering en gedragsprobleme.
- **Gedrag:** Navorsing toon dat kinders in hersaamgestelde gesinne ook meer gedragsprobleme toon as kinders van intaktgesinne (Coleman *et al.*, 2000:1292). In vergelyking met kinders in ongeskeide intaktgesinne inisieer kinders van hersaamgestelde gesinne op 'n jonger ouderdom seksuele aktiwiteite en sal meer waarskynlik betrokke wees in 'n tienerswangerskap, sal vroeër skool verlaat, geassosieer word met anti-sosiale portuurgroepe, en betrokke raak in alkohol- en dwelmmisbruik en misdadige aktiwiteite (Coleman *et al.*, 2000:1292 en Hetherington, 1999:22). Selfs in volwassenheid sal kinders van hersaamgestelde gesinne groter huweliksonstabiliteit, laer sosio-ekonomiese standaarde, minder lewensbevrediging en meer aanpassingsprobleme ondervind.

Alhoewel daar groot persoonlike verskille in kinders se respons op huweliksveranderinge is, is dit duidelik uit bogenoemde dat kinders in hersaamgestelde gesinne tog met meer probleme, minder bevoegdhede en minder psigologiese welstand as kinders in ongeskeide intaktgesinne presenteer. Probleme in aanpassing vind dikwels direk na die huweliksverandering plaas, maar kan ook later deur ontwikkelingsveranderinge en uitdagings, soos puberteit, ontstaan. Amato (2000:1273) is egter in hierdie verband van mening dat die meeste kinders wat probleme binne die hersaamgestelde gesin ervaar, moontlik reeds probleme sedert hul ouers se egskeiding ondervind het .

Alhoewel die meeste navorsing (vergelyk Amato, 2000:1274; Coleman *et al*., 2000:1292 en Hetherington, 1999:22) daarop dui dat die effek van ouerlike huweliksveranderinge die kind se aanpassing slegs matig beinvloed, is Hetherington (1999:22) egter van mening dat ‘n groot aantal kinders ten opsigte van hul daaglikse funksionering op verskeie vlakke geaffekteer word en dat die effek daarvan langdurig van aard is. Daarom bly die effek van ouerlike huweliksverandering op die kind ‘n bron van kommer.

## 2.4 DIE LAAT-MIDDELKINDERJARE

Volgens Erikson (in Louw *et al*., 1998:53) se psigo-sosiale teorie is daar ontwikkelingstake en -krisisse wat eie is aan elke ouderdomsfase. Elke krisis word ontlok deur ‘n spesifieke wyse van interaksie tussen die sosiale omgewing en die individu. Elke ontwikkelingstaak en krisis moet egter suksesvol voltooi word, anders bemoeilik dit die bemeestering van die daaropvolgende ontwikkelingstaak. Volgens die psigo-sosiale benadering word daar na die middelkinderjare verwys as ‘n periode van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid (Louw *et al*., 1998:55). Tydens hierdie periode is die kind daarop ingestel om sekere vaardighede wat vir die volwasse lewe nodig is, te bemeester. Dit is volgens Erikson (in Louw *et al*., 1998:55) daarom belangrik dat die kind sukses behaal ten einde minderwaardigheidsgevoelens teen te werk. Die suksesvolle bemeestering van die vereiste vaardighede lei tot die sintese van bekwaamheid.

Die laat-middelkinderjare of pre-adolessensie (9 - 12 jaar) word gesien as die tweede helfte van die middelkinderjare, of laerskooljare, en die oorgangsfase tussen die vroeë kinderjare en adolessensie (Blume & Zembar, 2007:38). In hierdie verband is Neuman (1998:139) van mening dat kinders in hierdie fase dikwels vasgevang voel in ‘n emosionele-, sosiale- en fisiologiese limbus: hulle is nie meer afhanklike klein kindertjies nie, maar ook nog nie onafhanklike adolessente nie. Die kind in die laat-middelkinderjare begin meer onafhanklikheid van sy ouers eis (soos om alleen na plekke te gaan) maar is steeds baie afhanklik van sy ouers vir emosionele ondersteuning en leiding.

Alhoewel die ouers se opinie steeds van belang is vir die kind, begin die opinie van vriende en die portuurgroep meer aansien geniet. Nie alleen is dit belangrik vir die kind in die laat-middelkinderjare om aanvaar te word deur sy vriende en portuurgroep nie, maar hy wil ook graag gesien word as iemand wat sy emosies en lewe onder beheer het.

Alhoewel die middelkinderjare (6 - 12 jaar) dus 'n relatiewe rustige periode in die fisieke ontwikkeling van die kind is, is die laat-middelkinderjare 'n belangrike tydperk vir die kind se kognitiewe-, sosiale-, emosionele- en selfkonsepontwikkeling wat nadelig beïvloed kan word deur die emosionele ontwrigting wat dikwels met die hersamestelling van die gesin gepaard gaan. Hierdie aspekte word vervolgens bespreek met spesifieke verwysing na die effek wat die hersamestelling van die gesin op die ontwikkeling van die kind in die laat-middelkinderjare het.

### 2.4.1. Emosionele ontwikkeling

Tydens die middelkinderjare bereik die kind groter emosionele buigsaamheid en groter emosionele differensiasie (Louw *et al*., 1998:349). Die kind se emosies word meer spesifiek, divers en gesofistikeerd, wat die kind in staat stel om 'n verskeidenheid van gevoelens te verstaan en uit te druk. Volgens Schickedanz, Schickedanz, Forsath en Forsath (2001:522) skryf die kind in die middelkinderjare toenemend emosionele opwekking toe aan interne oorsake en word hy toenemend ook meer bewus van die sosiale reëls wat die uitdrukking van emosies beheer. Die kind leer ook om ander se gesigsuitdrukkings met groter akkuraatheid te 'lees' en begin verstaan dat emosionele gevoelens psigies verander kan word (deur byvoorbeeld aan 'n aangename gebeurtenis te dink wanneer jy hartseer voel).

Namate die kind ouer word, word hul toenemend daartoe in staat om emosionele etikette soos woede, vrees, hartseer en geluk te identifiseer en aan innerlike gevoelens toe te dig. Volgens Louw *et al*. (1998:349) is die kind nou beter daartoe in staat om emosies in bedwang te hou en gevoelens weg te steek.

Die kind in die middelkinderjare ontwikkel ook toenemend ‘n sensitiwiteit vir ander mense se gevoelens en Louw *et al*. (1998:353) is van mening dat altruïsme (sensitiwiteit vir ander) hoofsaaklik gestimuleer word deur ‘n altruïstiese ouer van dieselfde geslag. Die ouers se emosionele welstand het dus ‘n direkte invloed op die kind se emosionele ervaring (Schickedanz *et al*., 2001:525). Gevolglik sal verhoogde spanning, probleme in gesinsverhoudings, en aggressie en bitterheid, wat volgens Hetherington (1999:3) dikwels gepaard gaan met die hersamestelling van die gesin, dus nie alleenlik die kind se geluk en aanpassing negatief beïnvloed nie, maar ook die kind se emosionele ontwikkeling strem.

Volgens Neuman (1998:143) is een van die grootste verskille tussen die kind in die laat-middelkinderjare en die kind in die vroeë-middelkinderjare, die wyse waarop hul reageer in situasies waar hul seerkry, bekommerd is of bang voel. In vergelyking met kleiner kinders wat hartseer mag voel oor die hersamestelling van die gesin, mag die nege tot twaalfjarige kind reageer met woede. Dit beteken nie dat die kind nie hartseer is nie; aggressie is bloot net hul verkose wyse om uitdrukking aan hul gevoelens te gee. Dit gee hulle ‘n gevoel van beheer. In plaas daarvan om oor hul gevoelens van frustrasie te praat (wat emosionele volwassenheid vereis, waaroor die meeste van die kinders nog nie beskik nie) of aan hul ouers te sê dat hulle hulle mis (wat die kinders as kinderagtig mag beskou), reageer die kind met woedeuitbarstings (Neuman, 1998:144).

### 2.4.2. Sosiale ontwikkeling

Sosiale ontwikkeling het volgens Louw *et al*. (1998:12) te make met die veranderinge in die kind se interaksie en verhoudings met ander. Sosialisering is ‘n komponent van sosiale ontwikkeling en is die proses waardeur die kind gehelp word om ‘n aanvaarbare lid van die samelewing te word en die self as sosiale wese te ontdek. Dit is ook die proses waardeur die kind leer om in ‘n verskeidenheid van sosiale situasies met ander persone te kommunikeer en om die verwagtinge en reaksies van ander te antisipeer. Deur sosialisering verwerf die kind die kennis, vaardighede en houdings wat nodig is om sosiaal te funksioneer (Blume & Zembar, 2007:51).

Sosialisering word altyd in kommunikasie met ander individue verwerklik en begin gewoonlik in die gesin, waarna dit uitkring na die kind se verhoudings met sy of haar portuurgroep en ander mense.

Tydens die laat-middelkinderjare begin die portuurgroep toenemend ‘n belangrik rol in die kind se sosiale ontwikkeling te speel. In hierdie verband merk Blume en Zembar (2007:51) op dat ondersteunende ouerhuise die kind aanmoedig om aan portuurgroepsinteraksie, binne veilige grense, deel te neem. Louw *et al*. (1998:353) meld verder dat ouers wat sensitief vir hul kinders se behoeftes, en buigsaam in hul verhoudings met hul kinders is, sensitiwiteit vir ander by hul kinders bevorder. Sensitiwiteit vir ander of altruïsme bring mee dat die kind in die laat-middelkinderjare al beter toegerus is vir die eise wat sosiale deelname aan die kind gaan stel. Ouers wat buigsaam is moedig ook kinders se deelname in gesinsbesluitneming aan, beklemtoon selfbeheer en bied redes vir hul standpunte aan eerder as om blinde gehoorsaamheid te eis (Louw *et al*., 1998:353). Binne die hersaamgestelde gesin is die ouers egter nie altyd daartoe in staat om die kind by te staan in hierdie belangrike ontwikkelingstake nie, omdat die ouers dikwels met eie emosies in die vestiging van die nuwe liefdesverhouding gepreokkupeerd is. Hierdie aspek word meer volledig bespreek in die gedeelte oor die ouer-kind-verhouding (Verwys na 2.5).

Verder voorsien interaksie met ouers en sibbe aan die kind die geleentheid om verhoudings te verstaan. Deur middel van gesinsverhoudings leer die kind in die middelkinderjare om met ander te onderhandel en ook by ander se individuele verskille en ontwikkelingsbehoeftes aan te pas (Schickedanz *et al*., 2001:523). Verandering in die gesinstruktuur, soos die egskeiding van ouers of die hersamestelling van die gesin, kan die kind in die laat-middelkinderjare se bemeestering van ontwikkelingstake negatief beïnvloed. Aangesien die kind heelwat energie verbruik vir die aanpassing binne die hersaamgestelde gesinsopset, kan dit tot gevolg hê dat min energie oorbly vir die bemeestering van ouderdomsverwante ontwikkelingstake.

Louw *et al.* (1998:353) is egter van mening dat gesonde, oop kommunikasiesisteme binne die gesin die uitdrukking van die kind se gevoelens kan aanmoedig en sodoende destruktiewe emosies teenwerk. In hierdie verband het die *National Longitudinal Study on Adolescent Health* (JAMA article on the adolescent...1997) bevind dat kinders wat tydens die laat-middelkinderjare 'n emosioneel nabye verhouding met hul ouers het, minder geneig is om by riskante gedrag betrokke te raak (soos rook van sigarette of dagga, dwelms en alkohol inname) tydens adolessensie. Volgens die studie is veral emosionele beskikbaarheid, waar die kind weet dat die ouer beskikbaar is as hy nodig het om te gesels, noodsaaklik in die voorkoming van voortydige seksuele gedrag.

'n Belangrike aspek van sosiale ontwikkeling, volgens Louw *et al*. (1998:12), is morele ontwikkeling, 'n aspek wat aangeleer word deur die sosialiseringsproses. Morele ontwikkeling behels die kind se beskouing van wat reg en verkeerd is, asook die wyse waarop morele oordele gevel word (vergelyk Louw *et al*., 1998:12 en Schickedanz *et al*., 2001:521). Die gesin voorsien die struktuur en leiding vir die kind se morele ontwikkeling en dit is juis sosialisering binne gesinsverband wat aan die kind 'n sisteem van waardes en normes voorsien (Davis & Friel, 2001:670). Young (in Davis & Friel, 2001:671) merk in hierdie verband egter op dat enkelouers meer geneig is om met 'n permissiewe houding oor seksualiteit te presenteer en buite-huwelikse seksuele gedrag te toon. In ondersteuning hiervan is Thorton (in Davis & Friel, 2001:671) van mening dat veral moeders 'n meer permissiewe houding teenoor seksualiteit inneem na 'n egskeiding. Dit bring volgens Davis en Friel (2001:671) mee dat kinders in hersaamgestelde gesinne waarskynlik meer seksuele ondervinding het en ook vroeër seksuele gedrag inisiëer (vergelyk Hetherington, 1999:18) as kinders in geskeide enkelouergesinne.

### 2.4.3. Selfkonsepontwikkeling

Die middelkinderjare word volgens Louw *et al.* (1998:348) gekenmerk deur 'n selfkonsep wat vinnig ontwikkel.

Dit word ook gesien as 'n sensitiewe periode vir die kind se ontwikkeling van 'n gebalanseerde selfkonsep, omdat spesifieke soort ervarings belangrike gevolge vir die ontwikkeling van die selfkonsep inhou (Louw *et al*., 1998:348). Selfkonsepontwikkelling in die middelkinderjare word gebaseer op die kind se prestasies, die mate waarin daar aan sy behoeftes voldoen word, asook die verwagtinge wat aan hom gestel word.

Dit is belangrik dat die kind in hierdie ontwikkelingsfase vertroue ontwikkel in die feit dat hy in persoonlike en sosiale verwagtinge kan voldoen. Die wyse waarop kinders deur volwassenes, veral ouers, behandel en gesien word, speel 'n belangrike rol in die kind se ontwikkeling van sy selfagting (vergelyk Louw *et al*., 1998:349 en Schickedanz *et al*., 2001:540). Onvoorwaardelike aanvaarding deur ouers binne die hersaamgestelde gesin is gevolglik noodsaaklik vir 'n sterk selfbeeld, standvastige identiteit en intakte karaktervorming.

### 2.4.4. Fisiese ontwikkeling

Soos reeds genoem, is die middelkinderjare nie net 'n belangrike ontwikkelingsfase nie, maar ook die oorgangsfase na adolessensie (Blume & Zembar, 2007:38). Die laat-middelkinderjare is vir baie kinders die begin van puberteit, wat ongeveer rondom die nege- of tienjarige ouderdom (gebaseer op hormoon vlakke) of ongeveer elf jaar vir dogters en dertien vir seuns (gebaseer op waarneembare fisiese veranderinge en gedrag) plaasvind (Blume & Zembar, 2007:39). Puberteit dui die begin van die pre-adolessente fase en die oorgang na adolessensie aan.

Volgens Blume en Zembar (2007:51) kan verwagte normatiewe veranderinge (soos puberteit) besonder stresvol wees vir die kind in die laat-middelkinderjare wanneer dit gepaard gaan met nie-normatiewe veranderinge soos veranderinge in die gesinstruktuur (byvoorbeeld egskeiding en die hersamestelling van die gesin) wat ook verandering in die konteks (soos om te verhuis na nuwe woonbuurt of skool) van die kind insluit.

## 2.5 GESINVERHOUDINGS BINNE DIE HERSAAMGESTELDE GESIN

Egskeiding is ‘n gesinsgebeurtenis wat die begin van ‘n verskeidenheid ander gesinsveranderinge deur die lewensverloop van die kind en die gesin is (Lussier, 2001:6). Vir ouers sluit hierdie veranderinge die proses van (a) skeiding en die egskeiding van ‘n huidige lewensmaat, (b) lewe as ‘n enkelouer en (c) onderhandeling vir nuwe finansiële en onderhoudsreëlings in. Vir baie sluit dit egter ook die uitgaan met nuwe potensiële lewensmaats en die hersamestelling van ‘n nuwe gesin in, ongeag of dit met saambly of hertrou gepaard gaan.

Volgens Lussier (2001:6) sluit hierdie verandering vir die kind in die middelkinderjare die skeiding en egskeiding van sy ouers asook die onderhandeling van ‘n verhouding met die nie-toesighoudende ouer of die beweging tussen twee huishoudings in. Dit behels verder dat die kind deel word van ‘n stiefgesin namate die ouers deur die hersamestellingsproses beweeg. Kinders beleef egskeiding en die hersamestelling van die gesin anders as volwassenes. Ouers wat goed aangepas het, kan nie bloot aanneem dat die kind goed aangepas het by die nuwe omstandighede nie (Lussier, 2001:4). Na beraming neem dit volgens Coleman *et al*. (2000:1290) en Hetherington (1999:2) ongeveer 5 jaar vir die gesin om weer te stabiliseer na die hersamestelling van die gesin, twee keer so lank as wat dit neem na ‘n egskeiding.

### 2.5.1 Die ouer-kind-verhouding

Beide positiewe en negatiewe lewensveranderinge vind plaas in die vroeë fases van die hersamestelling van die gesin namate ouers die aanpassings in hul lewens en hul gesinsituasie moet hanteer (Hetherington, 1999:15). Die ouers is, soos verstaan kan word, aanvanklik in ‘n wêreld van hul eie, angstig en moontlik selfs depressief terwyl hulle poog om die nuwe verhouding te vestig en terselfdertyd ondersteunend en versekerend teenoor die kinders en hul nuwe lewensmaat te wees.

Aanvanklik is daar ‘n tydelike versteuring aan beide uiterstes van die opvoedingsverpligtinge van die ouer (soos permissiwiteit en ‘n gebrek aan beheer oor die kind aan die een kant teenoor strenger outoriteit en strafmaatreëls aan die ander kant) in die periode wat volg op die hersamestelling van die gesin. Hetherington (1999:15) is in hierdie verband van mening dat die meeste moeders en vaders se ouerskapstyl, sodra die hersaamgestelde gesin gestabiliseer het, nie veel verskil van die ouerskapstyl soos toegepas met die biologiese kinders binne die gesin van oorsprong nie. Mettertyd sal beide die vader en moeder weer beheer verkry en meer gesaghebbend in hul opvoeding van die kinders word, behalwe oor die kind in die vroeë adolessente fase. Soos reeds genoem (verwys 2.5), neem dit ongeveer 5 jaar (vergelyk Coleman *et al*., 2000:1290 en Hetherington, 1999:2) vir die gesin om weer stabiliteit in hul verhoudings te vind. Dit kan beteken dat die kind in die laat-middelkinderjare reeds adolessensie bereik, of selfs reeds die huis verlaat, het voordat stabiliteit in die gesin bereik kan word, en mag stabiliteit gevolglik dalk nooit vir die kind bereik word nie.

Probleme in die ouer-kind-verhouding is nie alleenlik meer algemeen in die hersaamgestelde gesin tydens die laat-middelkinderjare nie, maar puberteit op sigself mag probleme in die ouer-kind-verhouding, wat voorheen relatief aangenaam en konstruktief was, aktiveer (Hetherington, 1999:15). Die verandering van gesinsverhoudings wat in enige gesin tydens puberteit van ‘n kind plaasvind, is volgens Hetherington (1999:15) kenmerkend meer ontstuimig in enkelouer- en hersaamgestelde gesinne. Alhoewel ouerskapstyle in hierdie gesinne mettertyd stabiliseer en meer responsief en gesaghebbend word, sal meer negatiewe en minder positiewe gedrag van die kind teenoor die toesighoudende ouer egter voortduur. Die probleme in die ouer-kind-verhoudings tydens die laat-middelkinderjare is oor die algemeen ook groter en meer langdurig by dogters as by seuns.

Hetherington (1999:16) is verder van mening dat beide die kind in die laat-middelkinderjare en die nuwe lewensmaat weinig seggenskap in die keuse van mekaar het wanneer hulle die nuwe gesinsituasie betree, aangesien dit ‘n situasie is wat bepaal word deur die wedersydse aangetrokkenheid tussen volwassenes.

Baie stiefouers gaan egter die nuwe verhouding binne met onrealistiese verwagtinge van onmiddellike wedersydse liefde en aanvaarding in hul verhouding met ‘n stiefkind. Die nuwe lewensmaat wil gewoonlik die verhouding laat slaag en sal daarom aanvanklik poog om die guns van die kind te wen (Hetherington, 1999:16). In hierdie verband is Everett (1998:26) van mening dat wanneer die stiefouer egter herhaaldelik weerstand en negatiewe gedrag ondervind, veral van stiefdogters in die laat-middelkinderjare, onttrek die stiefouer en ervaar hy minder nabyheid, toon minder warmte, beheer en monitering as wat die geval sou wees by biologiese ouers in gesinne van oorsprong. Volgens Hetherington (1999:16) toon sommige studies dat stiefvaders minder betrokke, krities en besorg oor aspekte soos huiswerk, netheid, kleredrag en huislike pligte as biologiese vaders is. Die meeste studies dui egter groter konflik en negatiwiteit aan tussen stiefouers en stiefkinders, veral met stiefdogters in die laat-middelkinderjare en adolessensie. Dit reflekteer bevindinge dat fisiese mishandeling deur stiefvaders sewe keer hoër as fisiese mishandeling deur biologiese vaders is, en gevalle van seksuele molestering is vier keer hoër (Hetherington, 1999:16).

Alhoewel kinders van intaktgesinne en hersaamgestelde gesinne voordeel trek uit gesaghebbende ouers (ouers waarvan warmte, beheer en monitering deel uitmaak van hul ouerskapstyl), is Hetherington (1999:16) van mening dat die rol van dissipline baie versigtig deur die stiefouer hanteer moet word. Pogings om beheer te neem moet liewer gelydelik plaasvind, of dit mag selfs nooit plaasvind nie. Ouerskapstyle is die minste effektief wanneer die biologiese ouer en stiefouer nie ooreenstem ten opsigte van hoe die kinders grootgemaak moet word nie. Die stiefouer-stiefkind-verhoudings kan verder ook negatief beïnvloed word deurdat die biologiese ouer nie die stiefouer se pogings ondersteun nie of die biologiese ouer afstand doen van sy verantwoordelikheid as die primêre persoon in die dissiplinering van die kind (Hetherington, 1999:16).

Navorsing (vergelyk Hetherington, 1999:17 en Coleman *et al*., 2001:1298) dui verder daarop dat stiefmoeders se verhouding met stiefkinders in die laat-middelkinderjare meer problematies as stiefvaders s’n is. Volgens Hetherington (1999:14) dra twee faktore moontlik daartoe by.

Eerstens verwag baie mans dat die stiefmoeder die rol van primêre versorger met gepaardgaande dissiplinering moet aanneem. Dit het tot gevolg dat die kind die stiefmoeder verafsku en het konflik met beide ouers tot gevolg. Dit is veral ‘n probleem met dogters in die laat-middelkinderjare. Tweedens is nie-toesighoudende moeders geneig om baie nouer betrokke by hul kinders te wees as nie-toesighoudende vaders. Daarteenoor sal stiefmoeders en biologiese moeders waarskynlik ‘n meer kompeterende verhouding hê, wat konflik ten opsigte van lojaliteit by die kind teweeg kan bring.

Alhoewel die ouers en stiefouers se gedrag ‘n belangrike rol in die ouer-kind-verhouding speel, is die kind in die laat-middelkinderjare nie neutraal in die vorming van hierdie verhouding nie. Navorsing (vergelyk Hetherington, 1999:17) toon dat selfs ‘n stiefouer wat goeie bedoelings het, probleme ondervind om ‘n konstruktiewe verhouding met ‘n weerstandige kind te skep. Wanneer die hersamestelling van die gesin plaasvind namate die kind in die laat-middelkinderjare in puberteit inbeweeg, mag die gedrag van die kind ‘n belangriker rol speel as dié van die stiefouer in die bepaling van die toekomstige stiefouer-stiefkind-verhouding (Coleman *et al*., 2000:1296 en Hetherington, 1999:117). In die vroeë stadiums van die hersamestelling van die nuwe gesin is kinders geneig om meer negatief, en minder warm en oop vir kommunikasie, teenoor beide die toesighoudende ouer en die nuwe lewensmaat van die ouer te wees. Verhoudings tussen seuns in die laat-middelkinderjare en stiefvaders verbeter mettertyd, aangesien seuns meer geneig is om ‘n nabye verhouding met stiefvaders te vorm en voordeel daaruit te put as wat die geval met dogters in die laat-middelkinderjare is. Volgens Hetherington (1999:17) toon dogters in die laat-middelkinderjare in hersaamgestelde gesinne, in vergelyking met dié in gesinne van oorsprong, meer uitdagende, aggressiewe en ontwrigtende gedrag teenoor beide biologiese moeders en stiefvaders.

Hierdie probleme is meer kenmerkend in verhoudings met stiefmoeders as met stiefvaders, en kinders in die middelkinderjare sien hul verhouding ook as meer stresvol en minder ondersteunend met stiefmoeders as met stiefvaders. Verhoudings tussen biologiese ouers en kinders in hersaamgestelde gesinne, en veral tussen stiefouers en stiefkinders, verskil van verhoudings binne nie-stiefgesinne (Hetherington, 1999:17).

Ouers van intaktgesinne is nader aan, en meer aktief betrokke by, die beheer en monitering van hul eie kinders as dié van stiefgesinne. Groter verskille is ook gerapporteer in stiefdogter-stiefouer-verhoudings as stiefseun-stiefouer-verhoudings, alhoewel dit grootliks gevind word by die kind in die laat-middelkinderjare.

Ten opsigte van die kind se vermoë om die nuwe lewensmaat te aanvaar of nie, kan onopgeloste verlies of verlies wat gereaktiveer word deur die hersamestelling van die gesin 'n moontlike rol speel. Volgens die *National Stepfamily Resource Centre* (in National stepfamily..., 2006) kan die volgende onopgeloste verliese die kind se vermoë tot die aanvaarding van die nuwe lewensmaat negatief beïnvloed:

- indien die kind as gevolg van die egskeiding steeds verlies aan die nie-toesighoudende ouer ervaar, al besoek die ouer die kind op 'n gereelde basis;
- verlies aan, of verminderde beskikbaarheid van, die primêre versorger ervaar weens die teenwoordigheid van die nuwe lewensmaat tydens die hofmakingsproses;
- verlies as gevolg van moontlike veranderinge wat plaasvind, soos om te verhuis, van skool te verander en die gevolglike verlies aan vriende, kan dit vir 'n kind moeiliker maak om aan te pas. Nie alleen moet die kind by die nuwe opset aanpas nie, maar ervaar ook 'n gemis aan vriende en bekende omgewings waarin hy veilig gevoel het. Die onsekerheid kan aanvanklik die kind se aanvaarding van die nuwe lewensmaat negatief beïnvloed, omdat die kind kan voel dat dit die nuwe ouer se skuld is, dat die nuwe ouer die kind weggevat het van dit wat vir hom bekend en veilig gevoel het.
- die verlies aan 'n fantasiegesin soos wat die kind dit sou verkies. Kinders hoop dikwels dat hul ouers mekaar weer sal vind sodat hulle weer as gesin bymekaar kan wees. Wanneer een van die ouers dan weer trou verbrokkel hierdie fantasie en kan dit die kind se vermoë om die nuwe lewensmaat te aanvaar belemmer.

Net soos wat die ouer en kind nie as losstaande entiteite funksioneer nie, maar 'n wederkerige invloed op mekaar het, funksioneer die gesin ook nie as 'n losstaande entiteit nie. Die gesin se finansiële posisie en hul sosiale netwerke met vriende en familie blyk ook 'n invloed te hê op gesinsinteraksie en die aanpassing van kinders by stresvolle

gesinsveranderinge soos die hersamestelling van die gesin. Dit wil voorkom asof sosiale ondersteuning in ‘n groot mate die negatiewe effek van die gesin se krisisse kan teenwerk.

### 2.5.2 Sibbeverhoudings

Sibbeverhoudings speel ‘n belangrike rol in die kind se emosionele, kognitiewe en gedragsontwikkeling. Die vestiging van sibbeverhoudings is ‘n uitdaging vir enige kind, maar vir kinders van verskillende ouers binne ‘n hersaamgestelde gesin kan sibbeverhoudings baie kompleks raak. Studies deur Hetherington (1999:19) en Jungmeen, Hetherington en Reiss (1999:1211) toon minder positiewe, meer kompeterende en onttrekkingsgedrag onder stiefsibbe binne die hersaamgestelde gesin. Wanneer kinders in die laat-middelkinderjare deur puberteit beweeg onttrek hulle hulself dikwels meer aan kontak met sibbe en raak ook meer betrokke in verhoudings buite die gesin. Sibbeverhoudings is veral problematies indien daar onderskeid getref word deur die ouer of stiefouer.

## 2.6 FAKTORE WAT DIE KIND SE AANPASSING BEÏNVLOED

Die spanning wat geassosieer word met ouerlike egskeiding verdwyn nie noodwendig wanneer die toesighoudende ouer weer trou nie. Hetherington (1999:5) stel dat die hersamestelling van die gesin dikwels verhoogde spanning op lede van die gesin tot gevolg het weens (a) ‘n vermindering in ouerlike pligte (soos toesig, monitering en ondersteuning), (b) ontwrigting van gesinsrolle en (c) ‘n toename in konflik. Voorts bring die hersamestelling van die gesin ook addisionele verandering in die kind se lewe mee, wat soortgelyk is aan dié wat met ouerlike egskeiding geassosieer word, soos om na ‘n nuwe woonbuurt of stad te verhuis, verandering van skool en verlies aan kontak met vriende (Hetherington, 1999:5). Die kind in hierdie situasie is dus dikwels besig om aan te pas by sy nuwe omgewing en die veelvuldige veranderinge wat met die egskeiding geassosieer word.

Die volgende faktore kan moontlik ‘n rol speel in die kind se aanpassing by die hersaamgestelde gesin, en sal vervolgens bespreek word:

- Ouerskapstyle: Waarskynlik die belangrikste bydraende faktor tot ‘n kind se aanpassing en welstand na afloop van die egskeiding en in die hersaamgestelde gesin word geassosieer met ondersteunende ouerskapstyle (Lussier, 2001:12 & Hetherington, 1999:23). In hierdie verband skryf Rutter (2005:39) dat die kind se aanpassing en psigologiese welstand binne enige vorm van gesinslewe of gesinstruktuur geassosieer word met die kwaliteit van die ouerlike opvoedingsomgewing. Onder ideale omstandighede moet ouers warm en ondersteunend, responsief tot die kind in die laat-middelkinderjare se behoeftes, ferm en positief in hul interaksie met die kind, en konsekwent in hul monitering van die kind se doen en late, asook die kind se vriendskappe, wees. Gedurende die stresvolle periode wat op die egskeiding volg, en ook in die aanpassingsperiode na die hersamestelling van die gesin, is hierdie ouerlike kwaliteite nog belangriker vir die kind se aanpassing (Rutter, 2006:39). Dit is egter dikwels ‘n periode waartydens die ouer nie toegerus mag wees om hierdie tipe struktuur en ondersteuning aan die kind te bied nie.

  Jansen *et al.* (1999:34) merk ook op dat kinders in die laat-middelkinderjare (ongeag of hulle in ‘n ongeskeide intaktgesin, enkelouer-gesin of hersaamgestelde gesin leef) beter psigologiese welstand, akademiese prestasie, sosiale verantwoordelikheid en sosiale bevoegdheid toon en met minder gedragsprobleme en psigologiese versteurings presenteer wanneer hulle in ‘n gemoedelike, ondersteunende gesinsomgewing grootgemaak word. Gesaghebbende ouerskapstyle is dus tot voordeel van kinders in ongeskeide, geskeide en hersaamgestelde gesinne. Hetherington (1999:8) stel dat die kwaliteit van ouerskap en sibbeverhoudings as ‘n hulpmiddel in die aanpassing van die kind gedurende stresvolle periodes soos huwelikskonflik en ouerlike huweliksveranderinge kan dien.
- Ouerlike aanpassing: Ouerlike aanpassings na die egskeiding kan ook ‘n moontlike verklaring vir emosionele en gedragsprobleme onder kinders wees.

Lussier, (2001:10) skryf in die verband dat ouers dikwels emosioneel onstabiel, geïrriteerd en impulsief is en ook gesondheidsprobleme, wat met ‘n ontwrigte immuunstelsel tydens en na die egskeiding geassosieer word, mag ervaar. Alhoewel hierdie probleme gewoonlik mettertyd afneem namate die gesin se situasie stabiliseer, belemmer dit die ouer se vermoë om responsief en sensitief teenoor die kind se behoeftes te wees, op ‘n tyd wat die kind juis konsekwente ondersteuning nodig het.

- Die aard van die verhouding tussen die biologiese ouers: Wanneer ‘n kind se biologiese ouers voortdurend met mekaar in konflik is, ondervind ‘n kind meer probleme om aan te pas by die hersaamgestelde gesin (National Stepfamily Resource…, 2006). Hiermee saam is Coleman *et al*., (2000:1293) van mening dat die vyandigheid tussen die biologiese ouers, ‘n konstante voorspeller van swak uitkomste vir die kind kan wees. Volgens Hetherington (in Amato, 2000:1280) word direkte konflik, dit is ouerlike konflik waaraan die kind blootgestel word, verbind met gedragsprobleme by kinders in die laat-middelkinderjare.

Konflik is veral negatief indien dit fisiese geweld insluit of die kind laat voel dat hy in die middel vasgevang word. Konflik tussen geskeide ouers is nie alleen ‘n direkte bron van spanning vir die kind nie, maar meng ook met ‘n kind se gehegtheid aan die ouers in, wat ‘n gevoel van emosionele onsekerheid vir die kind tot gevolg het. Navorsing (vergelyk Amato, 2000:1280) toon ook dat vaders wat onderhoud geredelik betaal, positief verbind word met kinders se skoolvordering en gedrag.

- Eienskappe van die kind: Sekere eienskappe betreffende die kind word ook met ‘n beter uitkoms geassosieer. Volgens Lussier (2001:13) kan karaktereienskappe soos die kind se intelligensie, ‘n gemaklike temperament (hoog in sosiale geselligheid en kalmte, en laag in prikkelbaarheid), interne lokus van beheer, goeie sin vir humor en ‘n hoë selfagting moontlik die kind ‘n voorsprong gee, omdat dit die kind se vermoë om positiewe ondersteuning van ander te verkry bevorder en die kind sodoende die uitdagings wat met die hersamestellingsproses geassosieer word, beter kan hanteer.

Navorsing (vergelyk Amato, 2000:1281) dui voorts daarop dat kinders wat van aktiewe hanteringmeganismes, soos probleemoplossing en inwinning van sosiale ondersteuning, gebruik maak, geneig is om beter aan te pas as kinders wat op vermyding of afleiding as hanteringsmeganismes staatmaak. Veral sosiale ondersteuning van maats dien as 'n buffer en word positief verbind met kinders se aanpassing.

- Ouderdom van die kind: Volgens Hetherington (1999:4) bied verskillende ontwikkelingsfases en verskillende gesinsveranderinge aan gesinslede 'n verskeidenheid van ontwikkelingsuitdagings. Gesinne en kinders word gekonfronteer met uitdagings wat met beide normatiewe en nie-normatiewe lewensveranderinge tydens die hersamestelling van die gesin geassosieer word.

Die kind se belewenis van die nuwe lewensmaat in die ouer se lewe, asook die kind se aanpassing by die hersaamgestelde gesin, word dus ook deur die ouderdom van die kind beïnvloed. Die National Healthy Marriage Resource Centre (2005) het bevind dat wanneer seuns jonger as agt jaar was ten tye van die ouers se hertroue, die kind se gedrag na twee jaar soortgelyk was aan seuns van intaktgesinne. Wanneer seuns egter ouer as nege was ten tye van die ouers se hertroue, het hulle met baie meer probleme gepresenteer teen die tyd dat hulle vyftien geword het as seuns wie se ouers enkellopend gebly het – hulle het steeds nie goed aangepas by die hersamestelling van die gesin nie.

Volgens Hetherington (1999:5) neem depressie onder dogters toe wanneer hulle in die puberteit inbeweeg, terwyl seuns meer anti-sosiale gedrag openbaar. Voorts is sy van mening dat die oorgang na adolessensie veral moeilik mag wees vir kinders in geskeide of hersaamgestelde gesinne, en dat die aanvang van puberteit in die laat-middelkinderjare probleme in kinders wie se ouers vroeër deur huweliksverandering gegaan het mag aktiveer. Die navorser is daarom van mening dat dit noodsaaklik mag wees om kinders in die laat-middelkinderjare se belewenis van 'n ouer se nuwe lewensmaat te verstaan ten einde probleme tydens adolessensie te voorkom.

- Die geslag van die kind: Soos reeds vroeer aangedui het sommige navorsing (vergelyk National Stepfamily Resource…, 2006 en Louw *et al*., 1998:362) bevind dat die hersamestelling van die gesin seuns en dogters op verskillende maniere beïnvloed. Dit blyk asof seuns 'n moeiliker tyd het om by hul ouers se egskeiding aan te pas (vergelyk Sourander & Helstelä, 2005), maar dat dogters meer probleme ondervind met hul moeder se hertroue (National Stepfamily Resource…, 2006). Seuns mag selfs baat vind by die teenwoordigheid van die stiefvader (Jungmeen *et al*., 1999:1212). Seuns met stiefvaders is minder geneig om persoonlikheidsversteurings of probleme rakende kognitiewe ontwikkeling te ondervind as seuns in enkelouer-gesinne. In hierdie verband het Hetherington (1999:12) gevind dat seuns in 'n moeder-stiefvader-gesin binne twee jaar na die hersamestelling van die gesin feitlik net so goed gefunksioneer het as seuns in ongeskeide intaktgesinne.

  Die feit dat dogters in die laat-middelkinderjare meer probleme ondervind, kan moontlik toegeskryf word aan die verbreking van die noue band wat baie dogters met hul moeders opgebou het in die enkelouer-huishouding (Coleman *et al*., 2000:1296). Hoewel min inligting oor vader-stiefmoeder-gesinne beskikbaar is, wil dit voorkom asof dogters ook hier swakker daaraan toe is as seuns. Die rede hiervoor, volgens Coleman *et al*. (2000:1296) en Hetherington (1999:16), kan moontlik daaraan toegeskryf word dat dogters die stiefmoeder as 'n onwaardige plaasvervanger vir haar eie biologiese moeder beskou, of die stiefmoeder as 'n indringer wat haar verhouding met haar vader bedreig beskou.

- Sosio-ekonomiese status: Navorsing (vergelyk Amato, 2000:1272 en Coleman *et al*., 2000:1292) dui daarop dat kinders in 'n enkelouer-gesin dikwels aanpassingsprobleme weens 'n afname in hul sosio-ekonomiese status (veral waar die moeder die toesighoudende ouer is) ervaar. Hierteenoor het kinders in hersaamgestelde gesinne gewoonlik meer finansiële bronne (weens 'n tweede salaris) tot hul beskikking as kinders in enkelouer-gesinne, veral waar die moeder die toesighoudende ouer is. Toegang tot meer finansiële bronne kan 'n belangrike aanwins vir die kind wees, en die kind se aanpassing tot die nuwe gesinsopset

bevorder (Coleman *et al*., 2000:1292). Volgens Coleman *et al*. (2000:1292) is die mate waartoe verhoogde finansiële bronne tot die kind se voordeel is egter nie duidelik nie.

Ten spyte van verhoogde finansiële bronne na die hersamestelling van die gesin, verskil die aanpassing van kinders in die hersaamgestelde gesin weinig van dié van geskeide gesinne. Volgens Hetherington (1999:21) het dit gelei tot die gevolgtrekking dat probleme in die aanpassing van stiefkinders moontlik toegeskryf kan word aan die verlies wat die kind steeds ervaar weens die egskeiding of dat die spanning in stiefgesinne sterk genoeg is om die finansiële voordeel wat die hersamestelling van die gesin bring, teen te werk. Kinders wie se ouers deur veelvuldige huweliksveranderinge gegaan het, toon egter volgens Coleman *et al.* (2000:1292) ernstiger probleme ten opsigte van gedragsversteurings en skoolprestasie.

- Aantal verhoudings: Aanpassing by ouerverhoudings kan ontwrigtend wees vir kinders. Die onvermoë van ouers om stabiliteit in hul liefdesverhoudings te handhaaf, het groter risikos vir kinders tot gevolg. ‘n Lineêre verband tussen die aantal verhoudings van die moeder en aanpassingsprobleme by seuns is gevind. Seuns wat meermale moes aanpas by die moeder se verhoudings het onder meer die hoogste vlakke van aanpassingsprobleme getoon (Lussier, 2001:11).
- Sibbe: Volgens Lussier (2001:12) mag ouers wat onderskeid maak in die hantering van sibbe die grootste rol speel in die ontwikkeling van kinders se sosiale, emosionele en gedragsprobleme onder stiefsibbe in hersaamgestelde gesinne. Ouerlike onderskeid tussen stiefsibbe het ‘n groter effek binne die hersaamgestelde gesin as ouerlike onderskeid tussen biologiese sibbe in gesinne waar beide biologiese ouers teenwoordig is.

## 2.7 TEORETIESE VERKLARINGS VIR MOONTLIKE PROBLEME WAT DIE KIND KAN ERVAAR

Volgens Coleman *et al*. (2000:1291) rapporteer tweede huwelike of hersaamgestelde gesinne oor die algemeen hoër vlakke van spanning en meningsverskille as eerste huwelike. Hierdie meningsverskille sentreer gewoonlik rondom probleme wat verband hou met die stiefkinders, soos dissipline, reël vir, en die verspreiding van, bronne vir die kinders.

Argumente tussen die eggenotes ontstaan ook dikwels as gevolg van argumente tussen stiefouers en stiefkinders. In hierdie verband merk Booth en Edwards (in Coleman *et al*., 2000:1291) op dat tweede huwelike meer broos is as eerste huwelike, wat moontlik toegeskryf kan word aan ‘n gebrek aan sosiale ondersteuning en duidelike norms, veral ten opsigte van hoe om konflik binne die hersaamgestelde gesin te hanteer.

Nie alleen word konflik tussen geskeide ouers en in die hersaamgestelde gesin met groter persentasies egskeidings onder tweede huwelike geassosieer nie, maar word dit ook met kinders se gedrags- en emosionele probleme verbind (Coleman *et al*., 2000:1293-1294). Coleman *et al*. (2000:1294) is van mening dat konflik tussen die geskeide ouers tot gevolg kan hê dat die kind hom van die gesin onttrek om die vrede te bewaar, verdere konflik te vermy en hul eie welstand te probeer handhaaf. In hierdie verband is Hetherington (1999:18) van mening dat ongeveer ‘n derde van seuns in die laat-middelkinderjare en ‘n kwart van dogters in hersaamgestelde gesinne hulself onttrek, in vergelyking met ongeveer 10 persent van kinders in ongeskeide gesinne.

Kinders sal onder meer weinig tyd tuis deurbring en ook nie aan gesinsaktiwiteite deelneem nie. Wanneer onttrekking met ‘n gebrek aan ouerlike supervisie en die betrokkenheid van die kind by ‘n anti-sosiale, swak presterende portuurgroep geassosieer word, verhoog dit die risiko vir voortydige skoolverlating, alkohol- of dwelmmisbruik, seksuele aktiwiteit en geweldadige gedrag. Hetherington (1999:18) is egter van mening dat onttrekking ‘n konstruktiewe oplossing tot ‘n disfunksionele, konflikterende en moeilike gesinsituasie kan wees, indien dit ‘n nabye verhouding met ‘n volwasse persoon

wat omgee en betrokke is, soos byvoorbeeld 'n onderwyser, 'n ouer van 'n vriend, of 'n ouma en oupa, insluit.

Die hoeveelheid konflik in hersaamgestelde gesinne kan moontlik verband hou met die kind se geslag en ouderdom. Navorsing (vergelyk Coleman *et al*., 2000:1294 en Hetherington, 1999:18) het bevind dat kinders in die laat-middelkinderjare en adolessensie dikwels meer konflik met stiefouers rapporteer as kinders van intaktgesinne. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat adolessente en die kind in die laat-middelkinderjare (pre-adolessente) meer weerstandig is in die aanvaarding van outoriteit van 'n stiefouer as jonger kinders. Veral dogters in die laat-middelkinderjare het, volgens Hetherington (1999:18), meer probleme ondervind om met hul ouers se nuwe lewensmaat te kommunikeer, het meer konflik met hierdie persoon en is meer geneig om die persoon as 'n buitestander te behandel.

Verder is navorsers (vergelyk Jungmeen *et al*., 1999:1210; Hetherington, 1999:17; en Thomson, Mosley, Hanson & McLanahan, 2001:272) van mening dat kinders se gedrag moontlik 'n resultaat van ouers en stiefouers se gebrek aan betrokkenheid binne die hersaamgestelde gesin is. Tydens die hersamestelling van die gesin bestee die ouers die meeste van hul tyd en energie aan die nuwe lewensmaat of aan kinders vanuit 'n vorige huwelik. Dit wil verder ook voorkom asof ouers en stiefouers minder betrokke is by die kind se skoolwerk en ander skoolverwante aktiwiteite as ouers binne 'n intaktgesin. Jungmeen *et al*. (1999: 1215) is van mening dat samewerking en ondersteuning tussen ouers en stiefouers in die opvoeding van kinders en die vlak van ouerlike betrokkenheid by kinders en stiefkinders uiters belangrik is om gedragsprobleme by die kind in die middelkinderjare te voorkom.

Oor die algemeen kommunikeer die ouer se nuwe lewensmaat minder met stiefkinders as wat biologiese ouers doen. Die ouer en kind vorm dikwels 'n hegte band na afloop van 'n egskeiding. Kinders tree dikwels as steunpilare vir hulle ouers op of vervul die rol van 'n goeie vriend met wie persoonlike sake bespreek kan word (vergelyk Parsley & Moorefield, 2004:323), en in hierdie verband mag die stiefvader dit

moeilik vind om in die hegte ma-kind-verhouding in te dring. Volgens Parsley en Moorefield (2004:323) het biologiese ouers meer belang by hul identiteit as ouer. Anders as in die geval van die biologiese ouer mag die nuwe lewensmaat se identiteit as stiefouer moontlik nie van veel belang vir hom of haar wees nie. Die stiefouer mag moontlik eerder meer satisfaksie vind in sy werk, die nuwe huwelik of in die grootmaak van sy eie kinders, as in 'n verhouding met sy stiefkinders.

Flinn (in Hetherington, 1999:19) is ook van mening dat stiefouers wat hul eie kinders het teen stiefkinders diskrimineer, en dat stiefvaders slegs met hul stiefkinders klaarkom om sy nuwe lewensmaat te beïndruk eerder as om die welstand van die stiefkinders in ag te neem.

## 2.8 SAMEVATTING

Die hersamestelling van die gesin behels merkbare lewensveranderinge en 'n toename in beide positiewe en negatiewe lewensgebeure. Dit kan vir 'n enkelma die geleentheid bied om te ontsnap aan armoede en die geleentheid om nuwe bevredigende en ondersteunende verhoudings te vorm, wat die welsyn van beide die kind en volwassene kan bevorder. Dit kan egter ook lei tot verhoogde spanning, probleme in gesinsverhoudings, woede en bitterheid wat die geluk, gesondheid en aanpassing van gesinslede kan ondermyn.

Daar is groot diversiteit in die aanpassing tot die hersamestelling van die gesin en tot die lewe binne stiefgesinne, wat grootliks afhang van die balans tussen individuele, gesins- en eksterne faktore. Ten spyte van al die veranderinge, uitdagings en stressors wat gepaard gaan met die hersamestelling van die gesin, ontwikkel die meeste kinders op die langtermyn tot redelik bevoegde en goedfunksionerende individue. Slegs 'n klein persentasie van kinders in hersaamgestelde gesinne sal 'n ontwikkelingsagterstand of psigologiese en/of gedragsprobleme, wat met hul ouers se hertroue geassosieer kan word, manifesteer .

Riglyne en opleiding aan ouers na afloop van ‘n egskeiding en voor die sluit van nuwe verbintenisse kan moontlik help met die konflikhantering binne die huwelik en die bevordering van ouerskapstyle, en sodoende nie alleen die huwelik ‘n beter kans op sukses gun nie, maar ook meer stabiliteit vir die kind binne die hersaamgestelde gesin bied.

# HOOFSTUK 3

# METODE VAN ONDERSOEK EN BEVINDINGE VAN DIE STUDIE

## 3.1 INLEIDING

De Vos (2005:333, 334) is van mening dat die voorlegging van die bevindinge van kwalitatiewe navorsing ‘n spektrum van tegnieke behels, byvoorbeeld waarneming, onderhoude en data-analise. Data-analise word gedefinieer as die proses waardeur orde, struktuur en betekenis gegee word aan ‘n massa versamelde data, en waar die navorser se grootste uitdaging daaroor gaan om patrone te vind, vergelykings te maak en een stel data met ‘n ander te vergelyk in die soeke na algemene stellings oor verhoudings tussen kategorieë van die data.

Ten einde bogenoemde te bereik is daar tydens hierdie studie semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met respondente in die laat-middelkinderjare wat deel vorm van ‘n hersaamgestelde gesin. Die resultate van die semi-gestruktureerde onderhoude wat deur die literatuuroorsig gelei is, word in hierdie hoofstuk bespreek. Hierdie resultate word gekategoriseer volgens kritiese gebeure of episodes in die lewe van die respondente. Die interpretasie van hierdie bevindinge het die navorser gelei tot die samestelling van praktiese riglyne wat deur ouers in hersaamgestelde gesinne en mede-terapeute wat met die kind in die laat-middelkinderjare in die hersaamgestelde gesin werk, benut kan word. Hierdie riglyne word in hoofstuk 4 bespreek.

## 3.2 SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE

Die onderhoudskedule wat as data-insamelingsmetode gedien het, het aan die respondent die geleentheid gebied om sy narratief te deel soos wat hy die proses van hersamestelling van die gesin ervaar. Terselfdertyd het dit aan die navorser die geleentheid gegee om beter begrip en uitgebreide kennis te ontwikkel van die respondent se ervaring van hierdie proses.

Die onderstaande vrae wat vanuit die literatuuroorsig geformuleer is en slegs as riglyne gedien het, is gebruik om die vloei van die onderhoud te bevorder:

- Hoe is dit vir jou om deel van 'n hersaamgestelde gesin te wees?
- Hoe het jy gevoel toe jy die eerste keer gehoor het jou biologiese ouer (moeder of vader – die ouer by wie die respondent bly) gaan weer trou of saam met 'n nuwe lewensmaat intrek?
- Het daar enige veranderinge plaasgevind sedert jou ouer weer getroud is of saam met sy of haar maat woon? (byvoorbeeld om te verhuis, van skool te verander, skoolprestasies, ens.) Wat is die veranderinge wat plaasgevind het?
- Wat is jou verhouding nou met jou biologiese ouers? Hoe het die verhouding verander tussen jou en jou ouer (moeder of vader) sedert hy of sy weer getroud is?
- Hoe is jou verhouding met jou stiefmoeder of -vader?
- Is daar enige iets anders wat jy wil byvoeg ten opsigte van jou gesin?

## 3.3 DIE RESPONDENTE

Ses respondente (drie dogters en drie seuns) tussen die ouderdom van nege tot twaalf jaar is geselekteer om deel te vorm van die empiriese studie. Die vrae wat deel gevorm het van die onderhoudskedule was oorwegend duidelik en verstaanbaar. Die navorser het egter gevind dat die term 'hersaamgestelde gesin' onbekend vir die meeste kinders in die voorondersoek was. Dit was daarom nodig om met die aanvang van die empiriese studie hierdie term eers vir die respondente te verduidelik.

Die respondente was almal verbonde aan 'n laerskool in Pretoria waar die navorser ten tye van die navorsing met die praktiese gedeelte van haar studies besig was. Die onderhoude het by die skool plaasgevind met die toestemming van die skoolhoof. Skriftelike toestemming is ook verkry van die respondente se ouers, terwyl die respondente voor die aanvang van die onderhoude mondelingse toestemming verleen het.

Ten einde die respondente se identiteit te beskerm is geen name gebruik tydens die bekendmaking van die empiriese data nie. Die volgende agtergrondinligting oor elke respondent word egter as noodsaaklik beskou vir die doel van die studie:

- Respondent 1: Dogter, twaalf jaar oud. Sy woon by haar moeder en die moeder se nuwe lewensmaat. Hulle woon saam en is nie getroud nie. Die respondent se oë het gereeld tydens die onderhoud vol trane geword. Die navorser het aangebied om die onderhoud te termineer indien dit te onaangenaam vir haar was om daaroor te praat, maar sy het braaf gesê dat sy "okay" is en bereid was om die onderhoud te voltooi.
- Respondent 2: Dogter, nege jaar oud. Sy woon by haar moeder en die moeder se nuwe lewensmaat. Hulle woon saam en is nie getroud nie. Haar vader is egter weer getroud. Die respondent se oë het vol trane geword by vrae 2 en 4.
- Respondent 3: Dogter, twaalf jaar oud. Sy woon by haar moeder en die moeder se nuwe lewensmaat. Hulle woon saam en is nog nie getroud nie.
- Respondent 4: Seun, nege jaar oud. Hy woon by sy vader en die vader se nuwe lewensmaat. Hulle woon net saam en is nog nie getroud nie.
- Respondent 5: Seun, tien jaar oud. Die respondent woon by sy moeder en die moeder se nuwe lewensmaat. Hulle is getroud.
- Respondent 6: Seun, elf jaar oud. Hy woon by sy moeder en die moeder se nuwe lewensmaat. Hulle is getroud.

## 3.4 EMPIRIESE RESULTATE

Volgens Delport en Fouché (2005:351) integreer die kwalitatiewe navorser die stem van die deelnemer in die navorsingsverslag. Dit vind plaas deur middel van aanhalings wat, anders as in kwantitatiewe navorsing, 'n rykheid van inligting aan data verleen. Hierdeur word die leser nie alleen direk in die milieu van die studie ingeneem nie, maar verkry op hierdie wyse ook 'n subjektiewe gevoel vir die respondent se leefwêreld. Die navorser het al die respondente genader met dieselfde vraag in gedagte, naamlik "Wat is die kind se belewenis van die ouer se nuwe lewensmaat na 'n egskeiding?".

Die onderhoudskedule het begin met een neutrale, feit-georïenteerde vraag met minimale leiding van die navorser. Die navorser het daarmee aangeneem dat die mees geldige data sodoende in die respondente se eie woorde uitgedruk word. Die respondente se aanvanklike antwoorde op die vraag het tot verdere vrae gelei, afhangend van die hoeveelheid inligting wat elke respondent se antwoord bevat het. Die vrae het dus gefokus op inligting ten opsigte van elke respondent se persoonlike belewenis. Die resultate van die onderhoude sal vervolgens bespreek word.

### 3.4.1 Identifikasie van hooftemas en subtemas

Die proses van kategorisering behels volgens DeVos (2005:338) dat die navorser moet soek na veralgemeenbaarheid in die omstandighede van die verkose studie. Die navorser soek dus nie na uitgeputte en onderling uitgesluite kategorieë soos in kwantitatiewe navorsing nie, maar identifiseer eerder opvallende, gegronde kategorieë van betekenis, soos voorgehou deur die respondente in die studie. Die proses behels die analisering en klassifisering van die data, dit is die opbreek van data in kleiner meer bruikbare temas, wat gebruik word om die finale narratief van die respondent te skryf. Die volgende hooftemas en subtemas, saamgevat in die onderstaande tabel, is uit die gesprekke met die respondente bepaal:

**Tabel 1: Verdeling van temas**

| | |
|---|---|
| **Hooftema 1** | **Respondente se belewenis van die hersaamgestelde gesin** |
| Subtema 1.1: | Verlies van die droom of fantasie van hereniging |
| Subtema 1.2: | Onopgeloste verliese van die verlede |
| **Hooftema 2** | **Respondente se eerste reaksie op die hersamestelling van die gesin** |
| Subtema 2.1: | Respondente voel soos buitestanders |
| **Hooftema 3** | **Verandering wat plaasvind as gevolg van die hersamestelling van die gesin** |
| Subtema 3.1: | Verhuising |
| Subtema 3.2: | Nuwe skool |
| Subtema 3.3: | Nuwe vriendekring |
| Subtema 3.4: | Nuwe reëls |
| **Hooftema 4** | **Die ouer-kind-verhouding** |
| Subtema 4.1: | Die respondent moet die ouer deel met die nuwe lewensmaat |
| Subtema 4.2: | Die respondent moet met stiefsibbe deel |
| **Hooftema 5** | **Die stiefouer-stiefkind-verhouding** |
| Subtema 5.1: | Verdeelde lojaliteite |
| Subtema 5.2: | Geslagsverskille in die aanvaarding van die ouer se nuwe lewensmaat. |
| Subtema 5.3: | Die respondent sien nie die stiefouer as ‘n ‘regte’ ouer nie. |

### 3.4.2 Empiriese bevindinge

Die empiriese bevindinge is opgedeel in vyf hooftemas en twaalf subtemas en word vervolgens meer volledig bespreek:

#### *3.4.2.1 Hooftema 1: Respondente se belewenis van die hersaamgestelde gesin*

Die hersaamgestelde gesin word 'n gesin genoem, maar tog is daar niks van die dinamika wat 'n gesin by mekaar hou nie (Atwood, 2007). Daar is geen gemeenskaplikheid om op terug te val nie en geen geskiedenis nie. Die outomatiese wedersydse liefde en aanvaarding wat gewoonlik gepaardgaan met bloedverwante gesinslede bestaan nie binne die hersaamgestelde gesin nie. Soos genoem in hoofstuk 2 (verwys 2.2) is dit juis weens die verskille in die struktuur van die hersaamgestelde gesin dat die kind in die laat-middelkinderjare onseker voel oor sy optrede, veral met betrekking tot nuwe verhoudings wat binne gesinsverband ontstaan.

In hierdie studie het die respondente gemengde gevoelens ten opsigte van hul belewenis van die hersaamgestelde gesin gehad. Sommige respondente was baie positief in hierdie verband, terwyl ander weer meer negatiwiteit uitgespreek het en nie die hersamestelling van die gesin wou aanvaar nie. Die meeste respondente in die studie het ook te kenne gegee dat hulle ongemaklik of vreemd voel in die hersaamgestelde gesin. Een respondent het gesê dat niks meer dieselfde is nie, dat "...niks reg voel nie...", en dat sy onseker voel oor hoe om op te tree. 'n Ander respondent het ook genoem dat sy nog nie weet hoe om op te tree rondom haar stiefouer nie en selfs nog "...bietjie bang..." is vir die stiefouer, omdat sy hom nog nie eintlik ken nie.

**Subtema 1.1: Verlies van die droom of fantasie van hereniging**

Oorwegings vanuit literatuurbronne in hoofstuk 2 (verwys 2.5.1) wys daarop dat die hersamestelling van die gesin die kind se fantasie dat sy ouers weer herenig mag word, verbrokkel. Selfs die kind in die laat-middelkinderjare, wat oud genoeg is om te verstaan

dat sy ouers nie weer sal herenig nie, bly volgens Neuman (1998:358) hoop dat dit kan gebeur.

Hierdie aspek is ook deur die respondente bevestig. Die meeste respondente het aangedui dat hulle die afwesige ouer nog mis en dat hulle sou verkies dat hul ouers herenig. Respondent 1 het dit ondermeer as volg gestel: "Ek mis nog my pa..." en noem verder "...ek het gedink mamma en pappa moet nog bymekaar wees". In die verband het Respondent 2 ook genoem dat sy " ...verlang vir pappa..." en Respondent 4 het genoem dat hy "...vir mamma mis...". Die respondente het egter ook besef dat die hereniging van hul ouers waarskynlik nie meer moontlik is nie. Respondent 6 het genoem dat hy sou verkies dat sy ouers herenig, maar noem ook dat "...mamma wil nie...", want sy "...is baie lief vir die oom..." en Respondent 2 noem ook dat sy weet "...dit sal nie meer gebeur nie...", want "...pappa is weer getroud en mamma het die nuwe oom".

Neuman (1998:358) is van mening dat die kind die ouer se nuwe lewensmaat as 'n 'plaasvervanger' vir die afwesige ouer kan sien en die einde van die kind se *"live happily ever after"*-droom kan beteken. Die verbrokkeling van die fantasie kan die kind se vermoë om die ouer se nuwe lewensmaat te aanvaar belemmer (verwys 2.5.1). Negatiewe gevoelens ten opsigte van die verbrokkeling van die kind se droom word dan gerig op die ouer se nuwe lewensmaat. Volgens Neuman (1998:362) mag die kind dink "...as hy (die ouer se nuwe lewensmaat) nie hier was nie..." sou dit anders gewees het. Die nuwe ouer word dus geblameer dat dít wat vir die kind bekend en veilig gevoel het, weggevat is.

### Subtema 1.2: Onopgeloste verliese van die verlede

Volgens Atwood (2007) ontlok die egskeidingsproses en die daaropvolgende hersamestelling van die gesin 'n feitlik universele gevoel van verlies in beide die kind en die ouer. Onvoltooidhede ten opsigte van die verlies van vorige verhoudings kan inmeng met die kind se integrasie in die hersaamgestelde gesin. Volgens McEvedy (2005: 12-13) ervaar alle kinders na 'n egskeiding 'n gevoel van verlies, 'n gevoel dat hulle ontneem is

van iets waardevol. Die hersamestelling van die gesin kan egter opnuut 'n gevoel van verlies tot gevolg hê.

Hierdie gevoelens van verlies kan misplaasde gevoelens van woede, wat op die ouer se nuwe lewensmaat gerig word en dus die kind in die laat-middelkinderjare se belewenis van die hersaamgestelde gesin negatief kan beïnvloed, tot gevolg hê. Goldman (in Children's grief and loss issues.... 2007) is van mening dat die negatiewe gedrag (soos woede) wat deur die kind geopenbaar word, 'n hulpkreet is wanneer die kind voel dat hy die spanning nie meer kan hanteer nie. Die hulpkreet mag ontstaan wanneer die kind spanning ervaar omdat hy intern (emosioneel) nie toegerus is om die gesinsveranderinge te hanteer nie en min of geen ondersteuning van ouers ontvang nie. Hierdie hulpkreet word volgens die skrywer selde as 'n hulpkreet gehoor, maar eerder gesien as gedragsprobleme.

Die gevoel van verlies by die kind in die laat-middelkinderjare wat deel is van 'n hersaamgestelde gesin kan dus tweeledig wees, naamlik:

- 'n Gevoel van verlies aan die nie-toesighoudende ouer: Die literatuur (verwys 2.5.1) wys ook daarop dat indien die kind steeds, as gevolg van die egskeiding, verlies aan die nie-toesighoudende ouer ervaar, dit die kind se vermoë om die ouer se nuwe lewensmaat te aanvaar belemmer. Meeste van die respondente het daarop gedui dat hulle nog steeds na die afwesige ouer verlang en steeds sal verkies om hul gesin van oorsprong terug te kry. Die een respondent het genoem dat dit vir hom voel asof sy pa oorlede is. Hierdie opmerking en die feit dat sommige van die ander respondente ook hartseer geword het wanneer hulle van die afwesige ouer gepraat het, dui daarop dat meeste van die respondente nie die verlies aan die nie-toesighoudende ouer verwerk het nie.
- 'n Gevoel van verlies aan, of die verminderde beskikbaarheid van, die eie toesighoudende ouer: Meeste respondente het 'n aanduiding gegee dat hulle 'n verlies aan, of verminderde beskikbaarheid van, die primêre versorger ervaar weens die teenwoordigheid van die nuwe lewensmaat. Een respondent het in hierdie verband opgemerk: "Sy (haar moeder) en die oom maak my sommer kwaad, hulle

druk en soen mekaar die heeltyd". Verder noem sy ook "...ek en my ma het als saam gedoen, nou is hy (die stiefouer) die heeltyd daar".

Twee ander respondente het ook genoem dat hulle voorheen meer kwaliteit tyd saam met hul moeder gespandeer het en dat die moeder nou daardie tyd saam met die nuwe lewensmaat deurbring. Die een respondent stel die verlies aan kwaliteit tyd as volg: "Ons (sy en haar moeder) het als saamgedoen, saam gebad, saam TV gekyk en saam gelag, nou doen hulle (die ouer en die stiefouer) dit saam. Dit is nie lekker nie". Dit wil in die algemeen voorkom asof die respondente uitgesluit en alleen voel en asof hulle nie meer deel van die gesin geag word nie.

### *3.4.2.2 Hooftema 2: Respondente se eerste reaksie op die hersamestelling van die gesin*

Kinders rapporteer gewoonlik hul ouers se huweliksveranderinge as traumaties (verwys 2.2). Ten opsigte van die studie het die meeste respondente 'n gevoel van hartseer, ongelukkigheid of woede oor die nuus van die hersamestelling van die gesin uitgespreek. Drie respondente wat aan die studie deelgeneem het, het telkens gehuil wanneer hulle oor hul eerste reaksie op dié nuus gepraat het. Atwood (2007) is van mening dat, alhoewel die volwassenes dikwels rooskleurige verwagtinge van die toekoms binne die hersaamgestelde gesin het, die kinders moontlik 'n ander uitkyk daarop kan hê. Soos reeds aangedui in die bespreking by subtema 1.1, wil die respondente nie net hul ouers weer bymekaar hê nie, maar hulle wil ook nie graag hê dat iemand anders met die verhouding van hul biologiese ouers inmeng nie. Dit wil dus voorkom asof die teenwoordigheid van 'n nuwe lewensmaat beide hierdie behoeftes bedreig.

Neuman (1998:363) stel dat die kind moontlik verwerp kan voel deur die teenwoordigheid van die ouer se nuwe lewensmaat. Die kind mag voel dat hy nie meer "goed genoeg" is om die ouer gelukkig te hou nie, dat daar iemand anders is wat beter, belangriker en interessanter as hy is. Selfs die kind in die laat-middelkinderjare, wat kan verstaan dat 'n ouer se liefde vir sy kind en romantiese liefde vir 'n ander volwassene twee totaal verskillende verhoudings is, mag dit moeilik vind om nie verstote te voel nie of mag voel dat hy gedwing word om die ouer te deel.

Die meeste van die respondente wat aan die studie deelgeneem het, het ‘n mate van verwerping deur die teenwoordigheid van die ouer se nuwe lewensmaat ervaar. Een respondent het genoem dat dit voel “...asof sy (die moeder) net vir hom (die stiefouer) omgee”. ‘n Ander respondent het genoem dat haar moeder en dié se nuwe lewensmaat “... lag net met mekaar en wil dan nie vir my sê waaroor hulle lag nie”. Vanuit hierdie opmerkings is dit duidelik dat die respondent verstote en uitgesluit voel.

**Subtema 2.1: Respondente voel soos buitestanders**

Een respondent het te kenne gegee dat sy nie vooraf ingelig is daarvan dat haar moeder se nuwe lewensmaat by hulle gaan intrek nie. Volgens haar was sy selfs nie eers daarvan bewus dat haar ma ‘n vaste vriend het nie. Dit het die respondent emosioneel verwerp laat voel, asof sy nie belangrik genoeg is vir die ouer nie. Die respondent het gesê dat dit voel “...asof my ma ons nie meer liefhet nie...” en “...sy gee nie om oor hoe ons voel nie”. Sy het woede en teleurstelling oor die besluit waarin sy nie geken is nie uitgespreek en gesê ”...ek wou darem net weet”. Vanuit die inligting blyk dit dat die respondent se gevoelens en vrese nie ondersoek of eers na geluister is voordat die hersamestelling van die gesin plaasgevind het nie.

Ideaalgesproke moet die kind die ouer se nuwe lewensmaat eers leer ken voor die hersamestelling van die gesin. Neuman (1998:365) is van mening dat die ouer eers seker moet maak dat die persoon ‘n geskikte lewensmaat is voordat die kind aan die persoon blootgestel word. Dit voorkom veelvuldige teleurstellings ten opsigte van die kind indien die verhouding nie uitwerk nie. Die eerste ontmoeting behels ook dat die kind eers die persoon op ‘n neutrale plek sal ontmoet, nie in die ouer se huis nie (Neuman, 1998:370). Dit word gedoen om die kind se gemak met die situasie (dat die ouer iemand spesiaal ontmoet het) te bevorder. Die skrywer is verder van mening dat die kind en die ouer se nuwe lewensmaat vooraf tyd gegun moet word om mekaar eers te leer ken sodat die ouer kan seker maak dat die persoon sensitief is vir die kind se behoeftes. Die sukses ten opsigte van die hersamestelling van die gesin kan hierdeur geraak word.

Soos reeds in 2.6 aangedui is gee ouers met warm, ondersteunende gesagspatrone aan hul kinders verduidelikings wat direk, eerlik en geskik is vir hul ouderdom. Dit sal ook insluit dat die ouer sal vasstel wat die kind in die laat-middelkinderjare se opinie oor die ouer se nuwe lewensmaat is. Indien die ouer agterkom dat die kind ongemaklik voel in die teenwoordigheid van die nuwe lewensmaat, stel Neuman (1998:373) voor dat die ouer ‘n punt daarvan maak om te probeer vasstel wat die kind pla. Ouers wat warm en ondersteunend is demonsteer ‘n bereidwilligheid om na die kind in die laat-middelkinderjare se bekommernisse te luister, oorweging daaraan te skenk en op so ‘n wyse daarop te reageer dat die kind besef niks kan tussen die kind en die ouer staan nie – selfs al besluit die ouer later dat hy nie met die kind saamstem nie. Die kind in die laat-middelkinderjare wat voel dat hy geken word in besluitneming wat die gesin raak is meer geneë om sy samewerking te gee.

Vanuit hierdie inligting is dit verstaanbaar dat die respondente wat nie geken is ten opsigte van die teenwoordigheid van ‘n nuwe lewensmaat nie, kan ervaar dat hulle verwerp word en dat hul behoeftes nie vir die ouer belangrik is nie. Wanneer die kind voel dat sy behoeftes nie vir die ouer belangrik is nie, kan dit ‘n negatiewe impak op die ouer-kind-verhouding hê.

#### *3.4.2.3 Hooftema 3: Veranderinge wat plaasvind as gevolg van die hersamestelling van die gesin*

Die hersamestelling van die gesin behels lewensveranderinge wat beide positief en negatief deur die kind beleef kan word. Veranderinge soos om te verhuis, van skool te verander en nuwe vriendskappe te moet vestig, is van die moontlike lewensveranderinge wat gepaard mag gaan met die hersamestelling van die gesin. Die literatuurstudie (verwys 2.6) dui daarop dat hierdie veranderinge vir die kind in die laat-middelkinderjare baie stresvol mag wees, wat die kind se geluk en aanpassing in die nuwe gesinsopset kan beïnvloed.

## Subtema 3.1: Verhuising

Neuman (1998:342) is van mening dat verhuising vir die kind problematies kan wees, ongeag sy ouderdom. Die minimum impak wat die verhuising op die kind het, is om van ‘n bekende na ‘n onbekende omgewing te gaan. Die kind in die laat-middelkinderjare mag moontlik kla of teleurgesteld wees, of selfs teen die verhuising, en die gevolglike onbekendheid, rebelleer.

Die respondente wat aan die studie deelgeneem het, het egter gemengde reaksies ten opsigte van die verhuising getoon. Respondent 1 het gesê dat sy nou “...’n groter kamer het, so dit is beter...”, terwyl ‘n ander respondent (Respondent 4) genoem “...ons het na ‘n ander huis toe getrek, na ‘n groter een. Nou is daar maats wat langs ons bly. Dit is lekker”. Die respondent het verhuising as besonder positief ervaar, omdat daar nie voorheen maats in sy omgewing gewoon het nie, maar na die verhuising wel doen. ‘n Ander respondent was egter ongelukkig omdat die verhuising meegebring het dat sy nie meer langer by haar ouma, aan wie sy baie geheg is, bly nie. Verhuising vir die respondent het ook ‘n verlies aan die ondersteuning van haar ouma tot gevolg gehad.

## Subtema 3.2: Nuwe Skool

Verandering van een skool na ‘n ander kan veral problematies wees vir die kind in die laat-middelkinderjare. Neuman (1998:348) is van mening dat die kind ‘n definitiewe en unieke plek in sy ou skool gehad het, ongeag hoe hy oor dit gevoel het. Alhoewel faktore soos om van skool te verander of nuwe maats te maak op hul eie vir die kind ‘n uitdaging kan wees, is dit besonder stresvol vir die kind in die laat-middelkinderjare om weer sy plek in die nuwe skoolsisteem te kry.

Respondent 1 was baie hartseer omdat sy, as gevolg van die feit dat sy en haar moeder weens die hersamestelling van die gesin na 'n nuwe dorp moes verhuis, en sy gevolglik van skool moes verander, die geleentheid om 'n leier in haar vorige skool te wees, verbeur het. Dit was iets waarvoor sy baie hard gewerk het, en baie trots op was om te kry. Die hersamestelling van die gesin het tot gevolg gehad dat die respondent 'n baie spesiale geleentheid (om 'n leier te wees) in haar vorige skool verloor het, een wat sy waarskynlik weens die feit dat dit haar laaste jaar op laerskool is nie weer in haar huidige (nuwe) skool sal verkry nie.

'n Ander respondent, Respondent 6, het reeds twee keer van skool verander weens die egskeiding en die hersamestelling van die gesin en moes al 'n graad herhaal. Die respondent het as volg hierop gereageer: "Dit was bietjie snaaks om elke keer na 'n ander skool te gaan". Volgens Neuman (1998:51) mag spanning, wat gepaard gaan met die veranderinge rondom die egskeiding en hersamestelling van die gesin, tot gevolg hê dat die kind begin dagdroom, sukkel om te konsentreer en 'n gebrek aan motivering om te presteer ontwikkel. Gebrek aan konsentrasie kan tot gevolg hê dat die kind se skoolprestasie versleg. Die skrywer beveel aan dat die ouers tydens hierdie periodes van huweliksverandering gereed moet wees om probleme by die skool te antisipeer en in te gryp sou dit ontstaan. Die ouers moet verkieslik betrokke wees by die kind se skool en onderwysers sodat die ouer kan ingryp voordat die kind enige akademiese of gedragsprobleme begin toon. Akademiese of gedragsprobleme mag tot gevolg hê dat die kind as 'n moeilikheidmaker of 'n mislukking gesien word. Dit moet ten alle koste vermy word (Neuman, 1998:51).

**Subtema 3.3: Nuwe Vriendekring**

Vriende en die aanvaarding deur mede-leerlinge is 'n belangrike bron van spanning vir die kind in die laat-middelkinderjare. Die laat-middelkinderjare is 'n fase in die kind se ontwikkeling waar die opinie en teenwoordigheid van vriende 'n baie belangrike rol vir die kind begin speel (Neuman, 1998:140). Tydens hierdie fase het die kind 'n sterk behoefte daaraan om deur sy vriende aanvaar te word.

Die hersamestelling van die gesin en die gevolglike verhuising en verandering van skool kan die behoefte van die kind om aanvaar te word kompliseer. Die kinders in die nuwe skool mag moontlik reeds in gevestigde vriendskappe wees, wat dit moontlik moeilik vir die kind kan maak om aanvaar te word. Respondent 1 het daarop gedui dat sy nog nie gevestigde vriendskappe het nie, en het hartseer genoem: "Ek mis nog my maats, maar ek sal seker weer maats maak".

Die literatuur (verwys 2.5.1) dui daarop dat die kind verlies kan ervaar as gevolg van veranderinge soos om te verhuis, van skool te verander en die gevolglike verlies aan vriende. Hierdie gevoel van verlies kan daartoe bydra dat die kind se aanpassing by die nuwe gesinsopset belemmer word, deurdat die kind die nuwe ouer blameer vir die feit dat hy uit die omgewings geneem is wat vir hom bekend was en veiligheid geskep het. Die respondent (Respondent 1) het ook genoem dat, indien haar ouers nog by mekaar was, sy nie nodig sou gehad het om te verhuis, en gevolglik haar vriende te verloor, nie. 'n Ander respondent het weer positief gereageer op sy ouer se verhuising (verwys subtema 3.1), want vir hom het dit beteken dat hy nou vriende naby aan sy ouerhuis het, iets wat hy voorheen nie gehad het nie.

## Subtema 3.4: Nuwe Reëls

Volgens Neuman (1998:397) sal die hersamestelling van die gesin waarskynlik veranderinge in reëls, roetines en tradisies vir die kind tot gevolg hê. Veranderinge in reëls en roetines kan moontlik veranderinge in slaaptyd, etenstye en die vlak van aanvaarbare netheid vir die kind in die laat-middelkinderjare meebring. Hierdie veranderinge in reëls kan 'n moontlike bron van spanning en konflik binne die hersaamgestelde gesin word. In verband hiermee het Respondent 5 ondermeer aangedui dat hy en sy moeder nou "...'n bietjie meer...baklei...", en "...my ma raas nou die heeltyd dat ek (my kamer) moet skoonmaak, want die oom gaan nie daarvan hou (as my kamer deurmekaar is) nie".

Neuman (1998:397) is egter van mening dat die kind voordeel daaruit kan put om aan te pas by verandering in reëls, solank dit konsekwent toegepas word en vir al die kinders in die huis wat min of meer van dieselfde ouderdomme is, geld.

Alle kinders het ‘n behoefte daaraan om veilig te voel. Volgens Neuman (1998:31) kan selfs positiewe veranderinge vir die kind in die laat-middelkinderjare spanning veroorsaak. Hoe die kind die veranderinge wat met die hersamestelling van die gesin gepaard gaan, ervaar, sal afhang van die mate van beheer wat die kind glo hy op die situasie kan uitoefen. Die kind het gewoonlik geen keuse of beheer ten opsigte van die veranderinge nie, dit alleen mag hom onveilig, onseker en angstig laat voel.

#### *3.4.2.4 Hooftema 4: Die ouer-kind-verhouding*

Neuman (1998:140) is van mening dat die laat-middelkinderjare ‘n belangrike periode is om die grondslag vir die aard van die verhouding wat die ouer met sy kind vir die res van hul lewens sal deel, te lê. Die skrywer verduidelik dat die ouer nie regtig nodig het om die kind se respek te verdien totdat die kind die laat-middeljare bereik nie. Tydens die laat-middelkinderjare behoort die ouer egter die ouerskapstyl so aan te pas dat die ouer die kind se respek kan verdien, en nie sy respek op die kind hoef af te dwing nie. Die ouer wat na sy kind luister, erkenning aan die kind se gevoelens gee en met die kind empatiseer, skep ‘n veilige hawe waarna die kind kan terugkeer namate die kind ouer en sy probleme en uitdagings moeiliker word. Die skrywer gaan voort deur op te merk dat ‘n kind wat tydens hierdie ouderdomsfase ‘n sterk band met die ouer het, selde kontak met die ouer in die adolessente jare en daarna verloor. Hierteenoor is Neuman (1998:140) egter ook van mening dat die kind wat die adolessente jare ingaan met ‘n gevoel dat hy sy ouers verloor het, selde weer ‘n hegte band met die ouer vestig.

Blum (in Neuman, 1998:141) wys daarop dat emosionele beskikbaarheid, eerder as fisiese teenwoordigheid, die verskil maak in hoe die kind in die laat-middelkinderjare die verhouding met die ouer ervaar.

Die kind in die laat-middelkinderjare het nodig om die boodskap te kry dat die ouer enige tyd beskikbaar is wanneer die kind ‘n behoefte het om te gesels. Die kind in die laat-middelkinderjare sal deur die emosionele beskikbaarheid van die ouer besef dat hy, die kind, belangrik is vir die ouer. Vanuit die studie het dit geblyk dat sommige respondente ten opsigte van emosionele beskikbaarheid van die biologiese ouer juis verwerping ervaar het weens die teenwoordigheid van die ouer se nuwe lewensmaat. Respondent 3 het genoem “Ek en my ma baklei baie” en sy het ook te kenne gegee dat sy en haar moeder min alleentyd saam het omdat die stiefouer die heeltyd teenwoordig is.

Die literatuur (verwys 2.5.1) wys daarop dat probleme in die ouer-kind-verhouding nie alleen meer algemeen in die hersaamgestelde gesin is nie, maar dat probleme in die ouer-kind-verhouding ook deur puberteit geaktiveer kan word. Die ouer-kind-verhouding wat dus voorheen relatief aangenaam en konstruktief was, kan gedurende die laat-middelkinderjare kenmerkend meer onstuimig word, veral as dit gepaardgaan met die hersamestelling van die gesin. Drie van die respondente het aangedui dat hul verhoudings met hul biologiese ouers meer onstuimig geword het sedert die hersamestelling van die gesin. Een respondent het genoem dat haar verhouding met haar moeder gekenmerk word deur woede en aggressie. Hierdie respondent was ook van mening dat haar moeder nie begrip het vir dit waardeur sy gaan nie. In hierdie verband dui die literatuur (verwys 2.5) daarop dat probleme in die ouer-kind-verhouding oor die algemeen groter en meer langdurig by dogters is, as wat die geval by seuns is.

**Subtema 4.1: Die respondent moet die ouer met die nuwe lewensmaat deel**

Die literatuuroorsig (verwys 2.6) dui daarop dat, as gevolg van die egskeiding en die periode daarna wat die ouer en die kind alleen was, die kind nader aan die ouer mag gevoel het as ooit tevore. Veral die ma-dogter-verhouding mag sterk ontwikkel in die periode direk na die egskeiding. Die teenwoordigheid van ‘n nuwe lewensmaat beteken dat die kind die ouer nou met iemand anders moet ‘deel’.

Volgens Neuman (1998:359) kan dit vir die kind wat nog herstel van die trauma van die egskeiding meer wees as wat die kind kan of wil hanteer. Daarmee saam neem die teenwoordigheid van die nuwe lewensmaat tyd en energie weg van die ouer-kind-verhouding.

Die dogters wat deelgeneem het aan die studie het aangedui dat hulle 'n baie noue band met hul moeders gesluit het in die periode wat op die egskeiding gevolg het. Al drie die dogters het genoem dat hulle en hul moeders "…alles saam gedoen..." het, "...saam gebad...", "...saam aangetrek en saam gelag en gekuier..." het. Die teenwoordigheid van die ouers se nuwe lewensmaats het hul ontneem van die spesiale tye wat hulle met hul moeders gedeel het. Vanuit hul reaksies wil dit voorkom asof hulle as gevolg hiervan emosioneel geïsoleerd, alleen en onbemind voel.

Die seuns in die studie het geen aanduiding gegee dat hulle 'n nouer band met hul ouer gehad het in die periode wat op die egskeiding gevolg het nie. Slegs een seun (Respondent 5) het genoem hy en sy moeder "...baklei 'n bietjie meer..." na die hersamestelling van die gesin. Die rede hiervoor is meer volledig in subtema 3.5 bespreek.

### Subtema 4.2: Die respondent moet met stiefsibbe deel

Nie alleen moet die kind die ouer met die nuwe lewensmaat deel nie, maar dikwels bring die nuwe lewensmaat ook kinders uit 'n vorige huwelik in die verhouding in. Neuman (1998:396) is van mening dat 'n kind in die laat-middelkinderjare, wat onopgeloste gevoelens van verwerping ervaar het tydens die egskeiding, veral 'n moeilike tyd mag ondervind om sy ouer met iemand anders te deel. Hy is voorts ook van mening dat, indien die stiefouer te hard probeer om die stiefkind-stiefouer-verhouding te laat werk, dit sy eie kind kan laat voel dat sy ouer die stiefkind bo hom verkies word.

Slegs een respondent (Respondent 2) wat aan die studie deelgeneem het, het genoem dat sy stiefsibbe het.

Die respondent het ongelukkig gevoel omdat sy haar moeder (en ook finansiële bronne) met haar stiefsibbe moet deel. Sy noem dat sy voorheen as alleenkind al die aandag van haar moeder gekry het, en dat daar ook aan al haar materiële behoeftes voldoen is. Nou, na die hersamestelling van die gesin, moet sy dus nie net haar moeder met dié se nuwe lewensmaat deel nie, maar ook met stiefsibbe. Sy voel voorts ook dat sy sekere materiële dinge ontneem word as gevolg van die hersamestelling van die gesin en die gevolglike teenwoordigheid van stiefsibbe. Die respondent stel dit as volg: "...toe ek en mamma alleen was het ek as alleenkind alles gekry, ek het meer klere en als gekry." Die respondent noem voorts haar moeder "...help net die ander kinders met hul huiswerk, sy sê ek is groot genoeg, ek kan dit self doen". Hierop het die respondent genoem dat dit haar hartseer maak wanneer haar moeder haar nie ook met haar huiswerk wil help nie, en dat dit voel asof "...sy my nie meer liefhet nie.".

Die literatuuroorsig (verwys 2.6) dui daarop dat ouers wat onderskeid maak in die hantering van sibbe of stiefsibbe, die grootste rol mag speel in die ontwikkeling van kinders se sosiale, emosionele en gedragsprobleme teenoor sibbe of stiefsibbe. Onderskeid tussen stiefsibbe het 'n groter effek binne die hersaamgestelde gesin as wat onderskeid tussen eie-sibbe in gesinne waar beide biologiese ouers teenwoordig is, het.

Vanuit hierdie bevindinge is dit duidelik dat die kind verwerp mag voel deur die teenwoordigheid van die ouer se nuwe lewensmaat en stiefsibbe. Dit is dus verstaanbaar dat die ouer-kind-verhouding hierdeur onder druk geplaas mag word. Die ouer-kind-verhouding tydens die laat-middelkinderjare vorm die basis vir hul verhouding tydens adolessensie. Dit is dus van belang dat 'n positiewe ouer-kind-verhouding tydens hierdie ouderdomsfase gehandhaaf word.

### *3.4.2.5 Hooftema 5: Die stiefouer-stiefkind-verhouding*

Vanuit die literatuur (verwys 2.6) wil dit voorkom asof, alhoewel die ouer en stiefouer se gedrag 'n belangrike rol in stiefouer-stiefkind-verhoudings speel, die kind in die laat-middelkinderjare nie neutraal staan in die ouer-kind-verhouding nie.

Eienskappe soos die kind se temperament, lokus van kontrole, sin vir humor en selfbeeld kan 'n invloed op die kind se vermoë om die uitdagings wat met die hersamestellingsproses geassosieer word, te hanteer, hê, en gevolglik ook op die uitdagings wat met die stiefouer-stiefkind-verhouding geassosieer word. Wanneer die hersamestelling van die gesin plaasvind terwyl die kind in die laat-middelkinderjare fase is, mag die kind se gedrag 'n groter rol in die stiefouer-stiefkind-verhoudings speel as die gedrag van die stiefouer.

Ten opsigte hiervan het twee van die respondente aangedui dat hulle ongemaklik voel in die teenwoordigheid van hul stiefouer, en verkies om die stiefouer liewer te vermy. Een respondent (Respondent 3) word kwaad vir haar stiefouer wanneer hy haar terg of met haar wil speel, en sê dan vir hom dat hy nie haar pa is nie of ignoreer hom en "...ek maak asof hy nie bestaan nie". Die ander respondent het genoem "...ek is nog bietjie bang vir hom (stiefouer). Ek ken hom nog nie so goed nie". Die respondent het verder opgemerk dat dit snaaks voel om in die stiefouer se teenwoordigheid te wees.

Die literatuuroorsig (verwys 2.5.1) dui daarop dat, selfs 'n ouer met goeie bedoelings, probleme ondervind om 'n konstruktiewe verhouding met 'n kind wat so weerstandig is te skep. Ten opsigte van die studie het die twee respondente ook aangedui dat hulle verkies dat hul stiefouer nie met hulle speel nie. Hierdie optrede kan daarop dui dat die stiefouer se moontlike goeie bedoelings om 'n verhouding met die kind te skep, van die hand gewys word.

**Subtema 5.1: Verdeelde lojaliteite**

Volgens Atwood (2007) ervaar kinders dikwels 'n gevoel van verdeelde lojaliteite tussen die eie ouer en die nuwe stiefouer. Een respondent in die studie het gesê dat dit vir hom voel asof "...my pa dood is en mamma weer met iemand anders trou" en: "Dit voel nie reg teenoor my pa nie, dit voel of ons hom nie by ons wil hê nie". Hy was ook van mening dat sy pa vir hom kwaad is omdat hy nie so gereeld daar kan gaan kuier nie en omdat hy van die oom (die stiefouer) hou.

Die respondent noem ook dat sy pa hom daarvan beskuldig dat hy sportbyeenkomste as ‘n verskoning gebruik om by sy moeder en dié se nuwe lewensmaat te bly en nie by sy vader te gaan kuier nie. Neuman (1998:370) bevestig ook hierdie bevinding dat die kind mag voel dat die afwesige ouer ongelukkig mag wees indien die kind goed met die ouer se nuwe lewensmaat klaarkom. Die kind word hierdeur in ‘n moeilike situasie geplaas. Die kind mag voel dat hy kant moet kies tussen sy eie (afwesige) ouer en die nuwe persoon in sy ander ouer se lewe.

Die kind mag verder ook voel dat hy dit aan sy eie ouer verskuldig is om die hersamestelling van die gesin (en die ouer se nuwe lewensmaat) te aanvaar omdat die ouer ook geluk verdien. Een respondent het in die verband baie hartseer genoem "...ek het besluit dat dit nie reg is as mamma alleen is nie", en toe braaf bygevoeg "ek is nog hartseer, maar gister het ek dit aanvaar". ‘n Ander respondent het ook genoem dat sy "…ma en die oom baie lief is vir mekaar…" en dat sy eie ma en pa baie baklei het, daarom het hy gevoel dat dit "…bietjie lekkerder…" is in die hersaamgestelde gesin.

Volgens Neuman (1998:370) kan enige druk van die ouer op die kind om die nuwe lewensmaat te aanvaar, hoe subtiel dit ook al mag wees, die kind soos ‘n verraaier teenoor sy afwesige ouer laat voel. Dit mag tot moontlike weerstand aanleiding gee, wat die kind se aanvaarding van die nuwe lewensmaat negatief kan beïnvloed.

**Subtema 5.2: Geslagsverskille in die aanvaarding van die ouer se nuwe lewensmaat.**

Die literatuuroorsig in hoofstuk 2 dui daarop dat die hersamestelling van die gesin seuns en dogters op verskillende wyses beïnvloed. Soos bespreek in hoofstuk 2 (verwys 2.6) blyk dit asof seuns enersyds ‘n moeiliker tyd het om by hul ouers se egskeiding aan te pas, maar andersyds baat mag vind by die teenwoordigheid van die stiefvader. Vanuit

literatuur blyk dit egter asof dogters hierteenoor egter meer probleme ondervind met hul moeder se hertroue.
Die seuns in hierdie studie het almal tot ‘n verskillende mate die hersaamgestelde gesin as meer positief beleef as die dogters. Een van die seuns het selfs gesê dat dit vir hom beter is binne die hersaamgestelde gesin in vergelyking met sy gesin van oorsprong, en dat hy en die ouer se nuwe lewensmaat ‘n positiewe stiefouer-stiefkind-verhouding het. Een seun het ook gevoel dat die hersamestelling van die gesin ‘n positiewe bydrae tot sy skoolprestasie gelewer het.

Die feit dat dogters meer probleme ondervind kan moontlik, soos bespreek in subtema 4.1, toegeskryf word aan die verbreking van die noue band wat baie dogters met hul moeders opgebou het in die enkelouer-huishouding. Al die dogters in die studie het gesukkel om aan te pas in die hersaamgestelde gesin. Een dogter het te kenne gegee dat sy en haar moeder se nuwe lewensmaat glad nie oor die weg kom nie. Al drie dogters het ook genoem dat hulle en hul moeders in die tydperk na die egskeiding ‘n baie noue band gehad het. Hulle het alles saam gedoen en saam gelag en gekuier. Sedert die ouer se nuwe lewensmaat deel van die gesin geword het, het dit alles verander. Volgens die respondente doen hul moeders nou alles saam met hul nuwe lewensmaats en hierdie optrede laat hulle verstote voel.

Hoewel min inligting beskikbaar is oor vader-stiefmoeder-gesinne, blyk dit uit die literatuurstudie (verwys 2.6) asof dogters ook hier slegter daaraan toe is as seuns. Dit wil voorkom asof dogters meer probleme ondervind met hul stiefmoeders as in die geval van seuns. Die rede hiervoor kan moontlik daaraan toegeskryf word dat dogters die stiefmoeder as ‘n onwaardige plaasvervanger vir haar eie biologiese moeder of as ‘n indringer wat haar verhouding met haar vader bedreig, beskou (Coleman, 2000:1296 en Hetherington, 1999:16).

Die dogters wat aan die studie deelgeneem het, het almal by hul moeders gebly. Een van die dogters het egter genoem dat sy en haar stiefmoeder se verhouding swak is. Wanneer sy by haar vader gaan kuier voel sy dat haar stiefmoeder nie van haar hou nie en haar van

haar vader probeer weghou. Ook hier voel die respondent emosioneel verwerp deur haar stiefmoeder.

**Subtema 5.3: Die respondent sien nie die stiefouer as 'n 'regte' ouer nie.**

Ouers voel dikwels dat die nuwe lewensmaat wat in ouerlike verantwoordelikhede (soos om finansiële steun te bied of by die huis te bly om na die kinders te kyk) moet deel, dit verdien om sekere ouerlike voorregte te kry. Dit sluit aspekte in soos om Ma of Pa genoem te word, die outoriteit te hê om reëls te kan maak en dissipline toe te pas (Neuman, 1998:394). Die kind wat moontlik reeds voel dat sy lojaliteit tussen die twee biologiese ouers verdeel word, mag volgens Neuman (1998:395) moontlik anders hieroor dink. Die kind mag voel dat hy die afwesige ouer verraai. Verder is Neuman van mening dat deur die kind te dwing om vir die nuwe lewensmaat Ma of Pa te sê en voortydige dissipline toe te pas 'n wig tussen die ouer en kind kan indryf. Die kind kan voel dat hy deur die eie ouer verstoot word. In verband hiermee het twee van die respondente prontuit genoem dat die nuwe lewensmaat nie hul eie ouer is nie. Hulle het ook te kenne gegee dat hulle vir die stiefouer oom sê, en nie pa nie. Die meeste van die respondente verwys na die ouer se lewensmaat as oom of tannie, en nie as ma of pa nie.

Die meeste van die respondente het aanduidings gegee dat hulle nie daarvan hou dat hul stiefouer aan hulle voorskryf wat hulle mag of nie mag doen nie. Hulle voel dat die stiefouer nie hul eie pa is nie, en dus nie die reg het om reëls te maak of dissipline toe te pas nie. Die literatuuroorsig (verwys 2.5.1) dui daarop dat stiefouers die rol van dissipline baie versigtig moet hanteer. 'n Stiefouer wat aanvanklik aan die kind warmte en ondersteuning bied is meer suksesvol in die skep van 'n konstruktiewe verhouding met die kind as 'n stiefouer wat nie hierdie warmte teenoor die stiefkind bied nie.

Voortydige dissipline kan die kind se aanvaarding van 'n stiefouer belemmer en dus die skep van 'n konstruktiewe verhouding teëwerk. Die kind moet tyd gegun word om die ouer se nuwe lewensmaat en die nuwe situasie in sy eie tyd te leer aanvaar. Aanvaarding

blyk ‘n belangrike deel van die sukses en kwaliteit van die stiefouer-stiefkind-verhouding te wees.

### 3.5 SAMEVATTING

Die bespreking van die empiriese resultate vorm deel van die data-analise proses. Deur hierdie onderhoude het die navorser insig en begrip verkry vir die respondente se persoonlike ervaring of belewenis van die ouer se nuwe lewensmaat. Probleme en bekommernisse wat die respondente persoonlik as gevolg van die hersamestelling van die gesin ervaar kon dus beter verstaan word.

Die hersamestelling van die gesin en vestiging van stiefgesinsverhoudinge behels beide positiewe en negatiewe gebeure vir al die betrokke lede van die gesin, insluitend die kind in die laat-middelkinderjare. Alhoewel die hersamestelling van die gesin ‘n uitkoms vir die enkelouer om ‘n tweede kans op geluk te vind mag bied, kan dit egter ook lei tot verhoogde spanning, probleme in gesinsverhoudings en ongelukkigheid, wat die geluk en aanpassing van al die gesinslede kan ondermyn.

Die inligting wat gegenereer is uit die semi-gestruktureerde onderhoude stel die navorser in staat om praktiese riglyne vir toekomstige gebruik daar te stel. Hierdie riglyne sal bespreek word in hoofstuk 4. ‘n Evaluasie en gevolgtrekking van die navorsingsproses sal ook volg.

# HOOFSTUK 4

# GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 4.1 INLEIDING

Die empiriese bevindinge soos voorgehou in hoofstuk 3 en die literatuuroorsig in hoofstuk 2 dui daarop dat die kind in die laat-middelkinderjare unieke uitdagings tydens die hersamestelling van die gesin ondervind. Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te dui tot watter mate die doel en doelwitte wat vir hierdie studie gestel is bereik is en om aan te dui of die navorsingsvraag beantwoord is. Daar sal ook vanuit die navorsingsresultate wat in hierdie studie bekom is gevolgtrekkings en aanbevelings in die vorm van riglyne aan ouers, stiefouers en mede-terapeute gemaak word, nie net om die kind in die hersaamgestelde gesin se belewenis van die ouer se nuwe lewensmaat te verbeter nie, maar ook om die ouer se geluk en sukses met die hersamestelling van die gesin te bevorder.

## 4.2 DOELSTELLING VAN DIE STUDIE

Die doelstelling van hierdie studie was daarop gerig om:

- die kind in die laat-middelkinderjare se psiglogiese belewenis van ‘n nuwe lewensmaat in die ouer se lewe na ‘n egskeiding te verken en te beskryf.

Bogenoemde doelstelling is bereik deurdat die navorser semi-gestruktureerde onderhoude met ses respondente, drie dogters en drie seuns tussen die ouderdomme van nege tot twaalf jaar wat deel van ‘n hersaamgestelde gesin gevorm het, gevoer het. Die semi-gestruktureerde onderhoudskedule het aan die respondent die geleentheid gebied om sy narratief, soos wat hy die proses van hersamestelling van die gesin ervaar, te deel. Die empiriese bevindinge is in hoofstuk 3 beskryf.

## 4.3 DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die navorser het drie hoofdoelwitte, soos in hoofstuk 1 (verwys 1.3) bespreek, gedefinieer ten einde die algemene doelstelling van die studie te bereik. Hierdie doelwitte is gebruik om die rigting van die studie te lei. Die doelwitte van die studie het die volgende behels en sal vervolgens bespreek word:

- Die literatuurdoelwit was daarop gerig om 'n literatuuroorsig te gee ten einde die kind in die laat-middelkinderjare se psigologiese belewenis binne die konteks van hierdie studie te bepaal.

Die doelwit is bereik aangesien die navorser deur middel van 'n omvattende literatuurstudie inligting ten opsigte van die kind se psigologiese belewenis binne die konteks van die studie ingesamel het. Die literatuurstudie, wat 'n teoretiese raamwerk daargestel het, is in hoofstuk 2 bespreek.

- Die empiriese doelwit was daarop gerig om data in te samel deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude ten einde die kind se psigologiese belewenis van 'n nuwe lewensmaat in die ouer se lewe na 'n egskeiding te verken en om die data te analiseer en te beskryf. Literatuurkontrole is gebruik om data wat verkry is te verifieer.

Data is ingesamel deurdat semi-gestruktureerde onderhoude met ses respondente gevoer is ten einde hul psigologiese belewenis van 'n nuwe lewensmaat in die ouer se lewe na 'n egskeiding te verken. Data is verder ook deur middel van waarneming en veldnota's ingesamel. Die onderhoude is ook op video opgeneem en getranskribeer ten einde die navorsingsproses te fasiliteer en om die ingesamelde data so volledig as moontlik te analiseer. Data-analise is deur middel van Creswell se spiraal van data-analise waargeneem. Die doelwit is bereik en word in diepte in hoofstuk 3 bespreek.

- Die data wat ingewin is is benut ten einde gevolgtrekkings aangaande die navorsingsresultate te maak en aanbevelings aan ouers en mede-terapeute te maak.

Aanbevelings aan ouers en terapeute sluit die volgende in:

a) Om aanbevelings aan die ouers te maak ten opsigte van die hantering van die integrasie van ‘n nuwe lewensmaat tot die gesin ten einde die kind in die laat-middelkinderjare in die aanpassingsproses te ondersteun.
b) Om aanbevelings aan spelterapeute te maak ten opsigte van die hantering van die kind in soortgelyke situasies.

Die navorser se gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van bogenoemde doelwitte sal in hierdie hoofstuk bespreek word.

## 4.4 DIE NAVORSINGSVRAAG

Die studie is vanuit die kwalitatiewe benadering hanteer en die volgende navorsingsvraag is geformuleer: **Wat is die kind in die laat-middelkinderjare se psigologiese belewenis van die ouer se nuwe lewensmaat na ‘n egskeiding?**

Die navorsingsvraag is na die mening van die navorser beantwoord. Die empiriese resultate dui daarop dat die kind eerstens sekere verliese mag ervaar weens die teenwoordigheid van die ouer se nuwe lewensmaat. Die integrasieproses van die nuwe persoon tot die gesin, wat logiese veranderinge tot gevolg het, blyk voorts ook beïnvloed te word deur die rol en houding van die eie ouer en die stiefouer. ‘n Uiteensetting van die resultate word meer volledig bespreek in die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings in hierdie hoofstuk.

## 4.5 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE

Die volgende samevatting van die navorsingsresultate beeld duidelik die kind in die laat-middelkinderjare se psigologiese belewenis van die ouer se nuwe lewensmaat na ‘n egskeiding uit.

### 4.5.1 Samevatting van die navorsingsresultate

Die navorsingsresultate van die empiriese studie kan soos volg saamgevat word:

#### *4.5.1.1 Verlies wat die kind weens die hersamestelling van die gesin ervaar*

Navorsingsbevindinge dui daarop dat die kind in die laat-middelkinderjare sekere verliese mag ervaar as gevolg van die hersamestelling van die gesin. Eerstens mag die kind ‘n verlies aan die droom of fantasie dat sy ouers weer sal herenig ervaar. Die toevoeging van die ouer se nuwe lewensmaat tot die gesin verbrokkel hierdie fantasie. Hierdie verbrokkeling van die kind se fantasie van ‘n *“live happily ever after”* kan die kind se aanvaarding van die ouer se nuwe lewensmaat belemmer. Tweedens mag die kind ook ‘n verlies aan beskikbaarheid van die afwesige ouer ervaar. Veral onopgeloste verliese as gevolg van die egskeiding mag hier ‘n rol speel – wanneer die kind nie genoegsame tyd gegun is na afloop van die egskeiding om die verlies van die afwesige ouer te verwerk nie.

#### *4.5.1.2 Die hersamestelling van die gesin laat die kind soos ‘n buitestander voel*

Die hersamestelling van die gesin mag die kind in die laat-middelkinderjare soos ‘n buitestander laat voel indien die kind se gevoelens en vrese nie vooraf ondersoek word of na geluister word voordat die hersamestelling van die gesin plaasgevind het nie. Onsensitiwiteit van die ouer, wat geen vooraf kommunikasie met die kind het ten opsigte van die ouer se nuwe lewensmaat en die hersamestelling van die gesin nie, is hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik. Die kind voel asof hy nie langer as deel van die gesin geag word nie en mag selfs onbemind voel wanneer sy opinie nie gevra word nie. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan dat die ouer die eerste ontmoeting, tussen die kind en die nuwe persoon, goed moet beplan ten einde die kind se teleurstelling en woede te voorkom.

#### *4.5.1.3 Veranderinge wat gepaard gaan met die hersamestelling van die gesin kan problematies wees*

Veranderinge, soos om te verhuis, van skool te verander, nuwe vriendskappe te vestig en nuwe reëls binne die hersaamgestelde gesin, kan die kind in die laat-middelkinderjare se belewenis van die ouer se nuwe lewensmaat beïnvloed.

Om van skool te verander blyk veral problematies te wees. Dit kan besonder moeilik vir die kind in die laat-middelkinderjare wees om weer sy plek in die nuwe skoolsisteem te kry. Geleenthede wat die kind as gevolg van die verskuiwing van een skool na 'n ander verbeur kan veral moeilik wees om te verwerk. Dit mag ook die kind se aanvaarding van die ouer se nuwe lewensmaat belemmer.

#### *4.5.1.4 Die ouer-kind-verhouding word onder druk geplaas*

Navorsingsbevindinge dui daarop dat die ouer-kind-verhouding onder druk geplaas word binne die hersaamgestelde gesin. Die verlies aan 'n nabye verhouding met die toesighoudende ouer blyk 'n struikelblok te wees in die kind se aanvaarding van die ouer se nuwe lewensmaat. Dit blyk veral 'n probleem te wees vir dogters. Voorts kan die teenwoordigheid van sibbe ook tyd wegneem van die ouer-kind-verhouding, wat die kind se belewenis van die hersaamgestelde gesin en gevolglik ook die ouer se nuwe lewensmaat negatief kan beïnvloed.

#### *4.5.1.5 Die stiefouer-stiefkind-verhouding is gespanne*

Die vestiging van 'n stiefouer-stiefkind-verhouding mag nadelig beïnvloed word deurdat die kind skuldgevoelens mag ervaar teenoor die afwesige ouer indien hy van die ouer se nuwe lewensmaat hou of druk ervaar om van die persoon te hou. Die kind mag voel dat hy moet kies tussen die afwesige ouer en die ouer se nuwe lewensmaat. Die verdeelde lojaliteite kan tot gevolg hê dat die kind voel asof hy sy eie ouer verraai.

### 4.5.2 Gevolgtrekkings

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die doelstellings en doelwitte wat vir die doel van die navorsing geformuleer is, bereik is. 'n Empiriese ondersoek, ten opsigte van die kind se belewenis van die ouer se nuwe lewensmaat na 'n egskeiding, is suksesvol verken. Die kind in die laat-middelkinderjare se belewenis van die hersaamgestelde gesin is omvattend verken en beskryf. Die navorser is ook van mening dat die navorsingsvraag deur die navorsingsverslag beantwoord is.

Op grond van die empiriese data wat ingesamel is en in hoofstuk 3 bespreek is, kom die navorser tot die volgende gevolgtrekkings:

- Die navorser het tydens die literatuurstudie gevind dat daar heelwat inligting beskikbaar is ten opsigte van die hersaamgestelde gesin. Die meeste navorsing het egter op die adolessent in die hersaamgestelde gesin gefokus. Weinig inligting was egter beskikbaar ten opsigte van die kind in die laat-middelkinderjare binne hersaamgestelde gesinne en die navorser kon geen inligting vind ten opsigte van die kind in die laat-middelkinderjare se belewenis van die ouer se nuwe lewensmaat in die hersaamgestelde gesin nie. Navorsingsbevindinge het egter daarop gedui dat die kind in die laat-middelkinderjare se belewenis van die hersaamgestelde gesin baie ooreenstem met adolessente se belewenis daarvan. Die aanvang van puberteit tydens die laat-middelkinderjare kan moontlik die verskynsel verklaar.
- Navorsingsresultate dui daarop dat die hersamestelling van die gesin vir die meeste van die respondente 'n aanpassing was. Die meeste van die respondente was aanvanklik baie ongelukkig oor die hersamestelling van die gesin en het die ouer se nuwe lewensmaat daarvoor blameer. Die verlies aan die primêre versorger se tyd en aandag blyk veral problematies vir die dogters wat aan die studie deelgeneem het, te wees.
- Die navorsingsbevindinge dui ook daarop dat die ouers nie altyd die respondente se gevoelens en opinie in ag neem tydens die proses van die hersamestelling nie. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat dit daartoe bydra dat die respondente verwerp en soos 'n buitestander voel.

## 4.6 AANBEVELINGS AAN OUERS EN TERAPEUTE

Die navorsingsbevindinge het die volgende aanbevelings aan ouers en terapeute geïnspireer:

### 4.6.1 Aanbevelings aan ouers

#### *4.6.1.1 Die hantering van die kind se gevoelens*

Die ouer se verhouding met iemand nuut maak vir die kind saak, ongeag van die omstandighede van die egskeiding of die geskiktheid van die nuwe persoon as lewensmaat.
Die empiriese bevindinge (verwys na tema 4) dui daarop dat die kind die ouer se nuwe lewensmaat as ‘n plaasvervanger van sy eie ouer mag sien, wat ‘n einde bring aan die kind se fantasie op hereniging tussen sy eie ouers. Die teenwoordigheid van die ouer se nuwe lewensmaat, hoe platonies of ernstig die ouer se voornemens ook al mag wees, beteken op die minste vir die kind dat hy sy ouer nou met iemand anders moet deel.

Soos die empiriese bevindinge aangedui het, mag die kind vir die ouer kwaad wees omdat die ouer weer in ‘n nuwe verhouding betrokke is. Die kind in die laat-middelkinderjare kan moontlik aan sy woede vir die ouer uiting gee deur dit op die ouer se nuwe lewensmaat te rig. Wanneer die ouer agterkom dat die kind so voel, moet die ouer geduldig bly en begrip vir die kind se gevoel toon. Die ouer kan die kind help deur aan hom te verduidelik dat dit normaal is om te wens dat sy ouers weer kan herenig, en dat dit ook normaal is om kwaad, seergemaak en teleurgesteld te wees wanneer die kind besef dat dit nie gaan gebeur nie. Dit is egter nodig dat die ouer ook die kind sal help om te besef dat sy biologiese ouers nie weer sal herenig nie, omdat hulle probleme gehad het wat hul verhoed om bymekaar te wees, en dat die ouer se nuwe lewensmaat niks daarmee te doen het nie. Voorts behoort die ouer ook duidelike reëls vir die kind ten opsigte van wat goeie maniere teenoor die ouer se nuwe lewensmaat is, te stel. Empatie vir die kind se gevoelens beteken nie dat die ouer die kind kan toelaat om onbeskof teenoor die ouer se nuwe lewensmaat te wees nie.

*4.6.1.2 Die bekendmaking van die beplande hersamestelling van die gesin*

Ideaalgesproke is dit nodig dat die kind tyd gegun sal word om die ouer se nuwe lewensmaat te leer ken voordat die ouer trou of saam met die persoon intrek. Die navorsingsbevindinge dui daarop dat die wyse en tydsberekening van die bekendstelling van die ouer se nuwe lewensmaat 'n impak op die kind se aanvaarding van die ouer se nuwe lewensmaat kan hê. Hoe, waar en wanneer die ouer 'n nuwe persoon aan die kind bekend stel, behoort vooraf versigtig deurdink te word.

Wanneer die ouer seker is dat die tyd vir die kind om die ouer se nuwe, toekomstige lewensmaat te ontmoet reg is, moet die ouer 'n geskikte tyd en plek vir die ontmoeting kies. Navorsers is van mening dat die ontmoeting op 'n neutrale, aangename plek, soos byvoorbeeld 'n park, 'n ontspanne restaurant of die dieretuin, gehou moet word. Die ouer se huis mag moontlik nie die beste opsie wees nie. Die kind in die laat-middelkinderjare is oud genoeg en behoort 'n keuse gegee te word van waarheen hy sou verkies om te gaan. Die ontmoeting moet verkieslik nie baie lank wees nie – nie langer as een en 'n halfuur nie. Verdere ontmoetings kan geleidelik verleng word – die kind behoort die pas aan te gee.

Wanneer die kind die nuwe persoon goed ken, en die ouer seker is dat dit die regte persoon is, kan die ouer die bekendmaking van die nuwe leefreëlings met die kind deel. Die volgende is riglyne om die ouer te help met die aankondiging van die nuwe leefreëlings – die hertroue of reëlings om saam in te trek – met die kind te deel:

- Beplan die aankondiging vooraf: die tyd en plek van die bekendmaking behoort goed oorweeg te word. Die ouer moet 'n tyd en plek kies waar almal rustig kan gesels en niemand haastig oppad iewers heen, moeg en/of honger is nie. Daar moet ook vooraf deeglik gedink word oor wat die ouer gaan sê.
- Die kind moet eerste daarvan vertel word, anders kan dit gebeur dat die kind dit van iemand anders hoor en uitgesluit voel.
- Die aankondiging moet verkieslik persoonlik aan die kind gemaak word, behalwe as dit nie anders kan nie. Indien die aankondiging oor die telefoon gemaak moet word, moet 'n tyd waartydens beide die ouer en die kind tyd het om daaroor te gesels

beplan word . Die ouer en kind behoort verkieslik ook alleen te wees, sonder die toekomstige stiefouer. Dit gee die kind die geleentheid om vrymoedig met die ouer te kan gesels.

- Dit moet verkieslik nie 'n verrassing vir die kind wees nie. Die kind het tyd nodig om die ouer se toekomstige lewensmaat en sy toekomstige stiefouer te leer ken.
- Die moontlikheid van hertrou of saamleef en wat die toekoms vir die gesin inhou moet, ideaalgesproke, vooraf met die kind bespreek word. Dit behoort meer as een maal bespreek te word.
- Die ouer moet poog om nie te entoesiasties te klink wanneer die aankondiging aan die kind gemaak word nie. Wanneer die ouer byvoorbeeld sou sê: "Ek het wonderlike nuus…" mag dit aan die kind die boodskap gee dat enige bekommernisse wat hy mag hê die ouer se geluk mag demp. Die kind is nie daar om die ouer goed te laat voel oor sy besluite nie. Die doel van die gesprek met die kind is om te bepaal wat die kind se gevoel rondom die hersamestelling van die gesin is, ongeag van hoe gelukkig die ouer is.
- Die ouer moet reguit en eerlik met die kind praat. Deel aan die kind mee wat presies die beplanning is, wanneer en hoe die hersamestelling van die gesin gaan gebeur.
- Die ouer moet die kind reguit en duidelik vra wat hy daarvan dink en die kind die versekering gee dat hy eerlik daarop kan antwoord. Die ouer moet met die kind se gevoelens empatiseer, dit laat die kind besef dat die ouer sy gevoelens in ag neem.
- Eers nadat die ouer weet hoe die kind voel kan die ouer verdere inligting aan die kind gee. Dit mag help as die ouer eers, voordat die kind moet hoor wat alles gaan verander, aan die kind verduidelik wat nie gaan verander nie. Die kind het die versekering nodig dat hy steeds alleentyd saam met sy eie ouer sal spandeer. Verder kan die ouer ook reëls wat sal geld in die hersaamgestelde gesin met die kind bespreek om seker te maak dat die kind daarmee gemaklik is.
- Die ouer moet poog om uit te vind wat vir die kind nodig sal wees om gemaklik binne die hersaamgestelde gesin te voel.

#### *4.6.1.3 Wedersydse respek*

Die kind moet verstaan dat, wanneer hy die ouer se nuwe lewensmaat verwerp, dit nie die ouer se verhouding met kind se ander ouer sal verbeter nie. Duidelike, konsekwente riglyne aangaande wat aanvaarbare gedrag vir die kind teenoor die ouer se nuwe lewensmaat is moet neergelê word. Wanneer die ouer begrip toon vir die kind se gevoelens, beteken die nie dat die kind toegelaat word om onbeskof met die ouer se nuwe lewensmaat te wees nie, selfs al is dit iemand van wie die kind nie hou nie.

Wanneer die kind nie van die ouer se nuwe lewensmaat hou nie, moet die ouer nie summier tot die gevolgtrekking kom dat dit noodwendig as gevolg van die kind se droom of fantasie wat verbreek is, is nie. Dit is nodig dat die ouer sensitief vir die kind se opinie moet wees. Wanneer die ouer agterkom dat iets die kind pla, moet die ouer liewer 'n punt daarvan probeer maak om vas te stel wat dit is. Nie alle volwassenes is sensitief vir kinders se behoeftes of toon respek vir hoe 'n kind graag behandel wil word nie. Die ouer moet onthou dat sy (die ouer se) huis ook die kind se huis is, en net soos wat daar van die kind verwag word om die ouer se lewensmaat met respek te behandel, so moet die ouer se lewensmaat ook respek teenoor die kind betoon.

#### *4.6.1.4 Bevordering van die ouer-kind-verhouding*

Een van die beste maniere om die kind gemaklik te laat voel met die ouer se nuwe lewensmaat is om die kind te wys dat die persoon die ouer-kind-verhouding respekteer. Die kind het nodig om kwaliteit privaattyd met die ouer te spandeer. Die ouer moet nie aanneem dat dit vir die kind dieselfde is om saam met die ouer te wees wanneer die ouer se nuwe lewensmaat by is as om alleentyd met die ouer te spandeer nie.

Waarskynlik een van die belangrikste bekommernisse van die kind wat in die navorsingsbevindinge na vore gekom het, is die tyd en energie wat die ouer se nuwe lewensmaat van die ouer-kind-verhouding wegneem. Die ouer moet besef dat die sterkte van die verhoudings binne die hersaamgestelde gesin vir die toekoms reeds in die beginfase van die hersamestelling van die gesin gebou word. Die ouer se kans op sukses en geluk binne die hersaamgestelde gesin kan aansienlik deur 'n sterk

ouer-kind-verhouding verbeter word. Voorts is die navorser van mening dat die kind minder verwerp sal voel deur die ouer indien die ouer beter grense daarstel in die periode tussen die egskeiding en die hersamestelling van die gesin. Beter grense in die enkelouer-huishouding kan voorkom dat die kind verwerp voel wanneer die ouer se nuwe lewensmaat deel word van die gesin.

Ten einde die ouer-kind-verhouding te versterk is dit noodsaaklik dat die ouer begrip toon vir die kind se gevoelens. Die ouer moet seker maak dat die kind verstaan dat:

- Die ouer weet dat dit vir die kind ongemaklik mag wees om die ouer saam met iemand anders as sy biologiese ouer te sien.
- Die kind 'n spesifieke verhouding met die ouer se nuwe lewensmaat sal hê en, alhoewel die persoon nou die kind se stiefouer is, hy nooit die plek van die kind se eie ouer kan inneem nie.
- Die ouer besef dat die kind ongemaklik kan wees om naby die ouer se nuwe lewensmaat te wees, en dat die ouer bereid is om te help. Die kind in die laat-middelkinderjare is oud genoeg om vir die ouer 'n idee te kan gee van wat hy nodig sou hê om gemaklik in die teenwoordigheid van die ouer se nuwe lewensmaat te wees.
- Die ouer besef dat die kind moontlik bekommerd mag wees ten opsigte van hoe die teenwoordigheid van die nuwe persoon die ouer-kind-verhouding gaan beïnvloed. Die kind moet die versekering gegee word dat die ouer en hy steeds spesiale alleentye saam sal hê, en kan moontlik help kies wat vir hom (die kind) spesiaal sal wees om saam met die ouer te doen.

Die ouer besef dat dit moeilik vir die kind mag wees om aan te pas by nuwe reëls, roetines en tradisies. Sommige van hierdie reëls of tradisies mag moontlik verskil van dit waaraan die kind gewoond is, maar dat dit nie noodwendig beter of slegter as bestaande reëls of tradisies is nie. Dit is bloot iets waarby almal in die gesin moet leer om aan te pas en dat almal, insluitend die kind in die laat-middelkinderjare, hul insette mag lewer ten einde met nuwe reëls wat vir almal werkbaar is, na vore te kom. Die ouer verstaan ook dat die kind moontlik vir die ouer en die kind se ander (afwesige) ouer kwaad mag

wees omdat hulle nie hul huwelik kon laat slaag nie. Die ouer kan byvoorbeeld aan die kind verduidelik dat sy aggressie teenoor die ouer se nuwe lewensmaat aggressie teenoor sy eie ouers oor die egskeiding mag wees en dat die ouer bereid sal wees om daaroor te gesels indien die kind wou.

Deurdat die ouer aan die kind wys dat hy gewillig is om na die kind te luister, oorweging daaraan te skenk en op die kind se bekommernisse te reageer (selfs al stem die ouer uiteindelik nie met die kind saam nie), wys vir die kind dat niks en niemand tussen hulle (die kind en die ouer) kan staan nie.

#### *4.6.1.5 Bevordering van die stiefouer-stiefkind-verhouding*

Navorsingsbevindinge dui daarop dat die kind in die hersaamgestelde gesin probleme mag ondervind om die ouer se nuwe lewensmaat as sy stiefouer te aanvaar. Die stiefouer moet egter besef dat dit normaal is wanneer die kind nie van die ouer se nuwe lewensmaat hou nie. Alhoewel die kind nie nodig het om van die persoon te hou nie, is dit wel nodig dat die kind ‘n mate van respek aan die ouer se nuwe lewensmaat betoon.

Die stiefkind kan slegs teenoor die stiefouer ‘ontdooi’ wanneer hy, die kind, gereed is om die ouer se nuwe lewensmaat te aanvaar. Die stiefkind het nodig om te weet dat hy sy stiefouer kan vertrou. Dit is ‘n langtermynproses – die ouer se nuwe lewensmaat moet dus nie te veel verwag in die begin van die verhouding nie.

Die navorsingsbevindinge (verwys 3.4.2.1) toon aan dat die kind dikwels onseker voel oor hoe om op te tree in die teenwoordigheid van die stiefouer, veral in die beginfase van die verhouding. Dieselfde kan waarskynlik van die stiefouer gesê word. Die weerstandige kind kan ‘n demper op die ouer se nuwe lewensmaat se entoesiasme rondom stiefouerskap plaas en hom totaal onseker laat oor hoe om op te tree. Net soos daar van die kind in die laat-middelkinderjare verwag word om respek te toon vir die ouer se nuwe lewensmaat, moet die ouer se nuwe lewensmaat ook respek toon vir die kind se belewenis en wense (verwys na 4.2.2).

Die ouer se nuwe lewensmaat moet verder ook seker maak dat sy stiefkind verstaan dat:

- die stiefouer nie wil of beplan om die kind se ander ouer te vervang nie;
- die stiefouer en die kind saam kan besluit oor wat die kind die ouer se nuwe lewensmaat kan noem en dat die persoon nie verwag dat die kind hom of haar Pa of Ma moet noem nie;
- die stiefouer besef dat die nuwe stiefouer-stiefkind-verhouding vir die kind ongemaklik mag voel en dat dit normaal is om so te voel;
- die stiefouer die kind se verhouding met sy eie ouer respekteer en dat die persoon besef dat dit belangrik is vir die kind om alleentyd met die ouer te spandeer sonder dat die stiefouer inmeng, en
- die stiefouer gewillig is om te wag totdat die kind gereed is om ‘n gemaklike verhouding met die stiefouer te hê, en dat hulle saam oor ‘n periode van tyd na ‘n werkbare verhouding sal soek.

#### *4.6.1.6 Advies in die hantering van dissipline in die hersaamgestelde gesin*

Aan die begin van die hersamestelling van die gesin mag die kind die stiefouer wat hom probeer dissiplineer verafsku, terwyl die stiefouer beledig mag voel as hy nie onmiddellik as vol vennoot in die dissiplinering van die kind mag optree nie.

Die ouer moet, ideaalgesproke, vooraf ‘n punt daarvan maak om die stiefouer se siening rondom die persoon se rol as stiefouer te bepaal. Die ouer moet ook probeer vasstel watter dissiplinevaardighede die persoon besit en watter hy voel dat hy moontlik sal moet ontwikkel. Die ouer en sy nuwe lewensmaat behoort te praat oor hoe die ouer dissipline moet hanteer en hoekom. Kommunikasie tussen die ouer en sy nuwe lewensmaat en die onderskeie kinders is die sleutel tot ‘n suksesvolle hersaamgestelde gesin. Dissipline kan slegs effektief wees waar daar ‘n atmosfeer van gemeenskaplike respek en liefde is. Die eie ouer het meer tyd gehad om ‘n verhouding waarin die kind dissipline verwag en respekteer te bou en te koester. Die biologiese ouer behoort in die beginfase van die hersamestelling van die gesin die meeste van die dissipline te hanteer.

Die ouer se nuwe lewensmaat moet aanvanklik ondersteunend optree, maar die eie ouer moet te alle tye die leidende rol inneem. Die ouer moenie inmeng in die stiefouer-stiefkind-verhouding nie, maar eerder die betrokke partye die tyd en geleentheid bied om mekaar geleidelik te vind in die aanvaarding van mekaar asook om wedersydse respek ten opsigte van mekaar te ontwikkel. Deur druk op die kind of die stiefouer te plaas in die aanvaarding van mekaar kan moontlik sake vererger. Dit kan dissipline problematies maak en die hersaamgestelde gesin ontwrig. Navorsingsbevindinge dui daarop dat die kind dissipline wat deur die stiefouer toegepas word mag weerstaan. Die navorser stel voor dat beide die ouer en stiefouer ‘n demokratiese benadering tot dissipline volg. In ‘n demokratiese benadering word die regte van die ouer sowel as die kind erken en gerespekteer.

Gesaghebbende ouers, wat gebruik maak van ‘n demokratiese benadering tot dissipline, dui ‘n duidelike rigting aan vir die kind, maar laat terselfdertyd heelwat vryheid binne redelike grense toe. Hierdie ouers is warm, sensitief en geduldig, en stel billike eise en oefen terselfdertyd beheer uit. Die kind word aangemoedig om vir homself te dink en insette by die gesin se besluitnemingsprosesse te lewer. Volgens Louw (1998:356) is kinders wat in sulke gesinne grootgeword het beter daartoe in staat om morele standaarde te internaliseer en het ‘n hoë selfagting. Daarbenewens is hulle baie onafhanklik, probeer makliker nuwe dinge en openbaar ‘n groot mate van altruïstiese gedrag.

### 4.6.2 Advies aan terapeute wat met die kind in die laat-middelkinderjare werk

Terapeute kan die advies aan ouers en stiefouers (verwys na 4.4 tot 4.6) gebruik om as riglyne vir ouers in hersaamgestelde gesinne te gee ten einde die kind in die laat-middelkinderjare te help. Familieterapie om die gesin te help om verhoudingsprobleme op te los behoort voorkeur te geniet. Die terapeut kan ook die kind bystaan deur na onopgeloste verliese te gaan kyk. Spelterapeutiese tegnieke kan gebruik word om die kind te help om sy aggressie en frustrasies ten opsigte van gesinsverhoudings te projekteer.

## 4.7 TEKORTKOMINGE VAN DIE STUDIE EN AANBEVELINGS VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING

### 4.7.1 Tekortkominge van die studie

Die navorser is van mening dat ‘n groter geheelbeeld van die gesinskonteks verkry sou word indien die ouers van die respodente wat deel van hierdie studie gevorm het ook by die studie betrek kon word.

### 4.7.2 Aanbevelings vir toekomstige studies

Die navorser is van mening dat die empiriese bevindinge van die studie daarop dui dat daar ‘n behoefte vir verdere navorsing is. Die volgende kan oorweeg word:

- ‘n Program om ouers na ‘n egskeiding by te staan, deurdat riglyne gegee word in die hantering van verliese, ouerskap en veranderinge wat gepaardgaan met enkel-ouerskap en die hersamestelling van die gesin, kan ontwerp word. Die navorser is van mening dat die vroegtydige hantering van bekommernisse deur die kind hom kan help in die aanpassingsfase na die egskeiding, en gevolglik die oorgangsfase na die hersaamgestelde gesin vergemaklik.
- ‘n Ondersteuningsmodel wat die ondersteuningsproses na die hersamestelling van die gesin kan fasiliteer en monitor, kan ontwerp word.

## 4.8 SAMEVATTING

Die navorsingsbevindinge dui daarop dat die hersamestelling van die gesin spanningsvol vir die meeste van die respondente was. Wanneer die hersamestelling kort op die egskeiding gevolg het, was dit selfs meer traumaties vir die kinders wat deelgeneem het aan die studie. Dit is in die lig hiervan dat die navorser van mening is dat beide die ouer en die kind tyd nodig het na die egskeiding: tyd om aan te pas en tyd om ‘gesond’ te word. Die kind se geluk binne die hersaamgestelde gesin is nie net ‘n waardige doel om na te streef nie, maar ook ‘n haalbare een. Ten einde dit te bereik moet die ouer egter in voeling wees met die kind en die kind die tyd en geleentheid gee om homself in die nuutgevormde gesin te vind.

## BRONNELYS


Amato, Paul R. *The Consequences of Divorce for Adults and Children*. Journal of marraige and the family, Vol. 62, No. 4. (Nov., 2000). pp. 1269-1287.

Atwood, Joan D. Stepfamily Integration. 2007. [O]. Beskikbaar: www. fenichel.com/stepfamily.shtml. Toegang op 2008/02/15.

Blume, L.B. & Zembar, M.J. (2007). *Middle Childhood to Middle Adolescence: Development from ages 8 to 18*. New Jersey: Upper Saddle River. Person education, Inc.

Brits, W. Phd. UP. 1993. Onderhoud deur navorser. Jan 2007. Pretoria.

Carter, B. & McGoldrick, M. (1999). *The expanded family life cycle: Individual, family, and social perspectives*. 3rd ed. USA: Allan & Bacon. A Pearson education company.

Coleman, M., Ganong, L. and Fine, M. Reinvestigating remarriage: another decade of progress. *Journal of Marriage and the Family,* Vol 62, No.4. (Nov., 2000). pp. 1288-1307.

Corey, G. (2001). *Theory and Practice of Counseling and Psychotherapy*. USA. Wadsworth: Thomson Learning, Inc.

Davis, E.C. and Friel, L.V. Adolescent sexuality: Disentangling the effects of family structure and family context. *Journal of marriage and the family*, Vol. 63, No. 3. (Aug 2001). p. 669-681.

De Vos, A.S. 2005. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (2005). *Research at Grass roots*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Delport, C.S.L. & Fouché, C.B. 2005. The Qualitative Research Report. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (2005). *Research at Grass roots*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Everett, L.W. Factors that contribute to satisfaction or dissatisfaction in stepfather-stepchild relationships. *Perspectives in Psychiatric Care*. Philadelphia: Apr-Jun 1998. Iss. 2, p. 25-35.

Feldman, S.F. (1998). *Child Development*. New Jersey: Prentice Hall, Inc.

Fouché, C.B. 2005. Writing the research proposal. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (2005). *Research at Grass roots*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. 2005. Qualitative research designs. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (2005). *Research at Grass roots*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. en De Vos, A.S. 2005. Problem formulation. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (2005). *Research at Grass roots*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Ganong, L. & Coleman, M. (2004). *Stepfamily relationships: Development, dynamics, and interventions*. New York: Kluwer Academic/Plenum Publishers.

Goldenburg, I. & Goldenberg, H. (2004). *Family therapy: An Overview*. 6th ed. USA: Thomson learning, Inc.

Goldman, L. (2007). Children's Grief and Loss Issues… and how we can help. [O]. Beskikbaar: http://www.childrensgrief.net/ Toegang op 08/03/12.

Greeff, M. Information collection: Interviewing. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (2005). *Research at Grass roots*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Harvey J.H. & Fine. M.A. (2004). *Children of Divorce: Stories of Loss and Growth.* New Jersey: Lawrence Erlbaum Assosiates, Publishers.

Hetherington, E.M. Family Functioning and the Adjustment of Adolescent Siblings in Diverse Types of Families. *Monographs of the Society of Research in Child Development*, Vol. 64, No. 4. (1999). pp. 1-25.

JAMA Article on the Adolescent Health Study. 1997.[O] www.nih.gov/news/pr/sept97/chda-09.htm Toegang op 22/07/07.

Jansen, C.A., Dicker, A.M. en Mashile, E.O. (1999). *Ouerbegeleiding*. Unisa.

Jooste, C. MEd. Psych. RAU. 2001. Onderhoud deur navorser. Jan. 2007. Pretoria.

Jungmeen, E.K., Hetherington, E.M. & Reiss, D. Associations among family relationships, antisocial peers and adolescents' externalizing behavior: Gender and Family Type Differences. *Child Development*. Vol. 70, No. 5, (Sept/Oct. 1999). p. 1209-1230.

Karraker, M.W. & Grochowski, J.R. (2006). *Families with Futures : a Survey of family studies for the 21st century*. London: Lawrence Erlbaum Assosiates, Publishers.

Longman *Dictionary of contemporary english*. 1995. 3rd ed. England: Longman corpus network.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw., A.E. (1998). Menslike ontwikkeling. 3de ed. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Lussier, G.L. (2001). *Children's narratives and social-emotional adjustment following parental divorce and remarriage*. Ongepubliseer. Ph.D, dissertation. University of Oregon.

McEvedy, F. (2005). *The stepparents' parachute: The four cornerstones to good step-parenting*. London: Time Warner Books.

Mouton, J. (2001). *How to succeed in your Master's & Doctoral Studies: A South African Guide and Recource book*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

National healthy marriage resource centre. 2005-2007. [O]. Beskikbaar: www.healthymarriageinfo.org/research/?d=%7B16718E5A-A58E-41D8-B67A-D8F8E796276A%7D Toegang op 2007/01/10.

National stepfamily resource centre. 2006. [O]. Beskikbaar: www.stepfamilies.info/faqs/faqs.php Toegang op 2007/01/10.

Neuman, M.G. (1998). *Helping Your Kids Cope with Divorce the Sandcastle Way*. New York: Random House, Inc.

Nexus database system. 2006. [O]. Beskikbaar: www.nrf.ac.za//nexus Toegang op 2007/03/11.

Pasley, K. en Moorefield, B.S. Stepfamilies: Changes and Challenges. Coleman, M. & Ganong, L. (2004). *Handbook of Contemporary Families: Considering the past, contemplating the future*. California: Sage Publications, Inc.

Pearsall, J. (Redakteur) 2001. *New Oxford Dictionary of English*. New York: Oxford University Press Inc.

Promoting mental health for children of separating parents. 2004. [O]. Beskikbaar: www.cps.ca/english/statements/PP/pp00-01.htm Toegang op 2007/01/10.

Rosnow, R.L. en Rosenthal, R. (1999). *Beginning behavioral research: A conceptual primer*. 3rd ed. New Jersey: Prentice Hall, Inc.

Rutter, M. *The Promotion of Resilience in the Face of Adversity*. In Clarke-Stewart, A. & Dunn, J. (2006). *Families Count: Effects on Child and Adolescent Development*. New York: Cambridge University Press.

Schickedanz, J.A., Schickedanz, D., Forsath, P.W. & Forsath, G.A. (2001). *Understanding children and adolescents*. Boston: Allyn and Bacon. 3rd ed.

Sourander, A. & Helstelä, L. Childhood Predictors of Externalizing and Internalizing Problems in Adolescence: A Prospective Follow-up Study from Age 8 to 18. *European Child & Adolescent Psychiatry*. (2005). Vol. 14, No. 8, p. 415-423.

Strydom, H. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (2005). *Research at Grass roots*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Thomson, E., Mosley, J., Hanson, T.L. & McLanahan, S.S. Remarriage, Cohabitation, and Changes in Mothering Behavior. *Journal of Marriage and Family*. Minneapolis: (May 2001). Vol. 63, Iss. 2, p. 270-380.

Unisa: Subject Databases - theses and dissertations (2006). [O]. Beskikbaar: http://www.unisa.ac.za/Default.asp?Cmd= ViewContent&ContentID=14170 Toegang op 2007/04/12.

Wallerstein, J.S., & Blakeslee, S. (2003). *What about the kids?* New York: Hyperion.

Wikipedia, the free encyclopedia. 2007. Statistiek. [O]. Beskikbaar: http://af.wikipedia.org/wiki/Statistiek Toegang op 2008/05/11.

Wikipedia, the free encyclopedia. 2007. Universe. [O]. Beskikbaar: http://en.wikipedia.org/wiki/Universe_%28economics%29 Toegang op 2008/05/11.

**BYLAAG A**

TOESTEMMINGSBRIEF VIR DIE VOORGENOME NAVORSING:

## Die kind se psigologiese belewenis van die ouer se nuwe lewensmaat na 'n egskeiding.

Geagte ouer / voog

My naam is Chanè Kotzè. Ek is 'n student aan Hugenote Kollege/Unisa en is besig met my Meestersgraad (MDIAC) in Spelterapie (Play therapy). As deel van my studies word daar van my verwag om navorsing te doen. Die voorgenome navorsing wat onderneem word, sal gedoen word met kinders tussen die ouderdomme van nege tot twaalf jaar ten opsigte van die kind se belewing binne die hersaamgestelde gesin.

'n Onderhoud sal by die skool met die kind gevoer word. Vir die doel van die navorsing sal die onderhoud opgeneem, getranskribeer en aan die navorsingsdokument geheg word. Ek (die navorser) onderneem om te alle tye die beste belang van die kind op die hart te dra en sal te alle tye poog om die anonimiteit van die kind te verseker. Geen name sal gebruik word in die navorsingsdokumente nie. Waar dit nodig mag wees om 'n naam te gebruik sal daar van 'n skuilnaam gebruik gemaak word om die privaatheid van die kind te verseker. Enige opnames wat tydens die onderhoude gemaak word sal na afloop van die navorsing vernietig word om die kind se privaatheid verder te verseker. Ek is bereid om die kind na iemand te verwys vir 'n 'debriefing' sessie indien enige emosionele trauma na vore sou kom weens die onderhoud.

Aangeheg is 'n toestemmingsvorm. Deelname aan die studie oor hersaamgestelde gesinne sal beperk word tot seuns en dogters waarvan die toestemmingsvorms voltooi en geteken is. Voltooi asb die vorm op die agterkant. Indien enige verdere navrae, kontak my gerus.

Dankie vir u ondersteuning.

_______________________

Chanè Kotzè
083 445 1209

**TOESTEMMINGSBRIEF** vir die voorgenome studie om die kind se belewenis binne die hersaamgestelde gesin te bepaal:

Datum: ……………………………………………..…….

Ek het die beskrywing van die studie oor hersaamgestelde gesinne gelees en gee hiermee my toestemming dat my kind ______________________________ aan die studie deelneem.
(kind se naam)

Ek verstaan dat die kind slegs sal deelneem aan die studie indien hy of sy bereidwillig is om deel te neem en dat niemand anders as die navorser die kind se antwoorde op vrae oor die hersaamgestelde gesin sal sien nie.

______________________________
(ouer se handtekening)

______________________________
(naam in drukskrif)

☐ Ek sal graag die studie wil bespreek. Bel my asseblief by

______________________________
(telefoonnommer)